# DIE KULTURELE ROEPINGSGESTALTE

## VAN DIE

## AFRIKANER

deur

CHRISTIAAN LODEWICUS JORDAAN

Verhandeling voorgelê ter vervulling van 'n gedeelte van die vereistes van die graad:-

MAGISTER ARTIUM

In die Departement Kultuurkunde

van die

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT

vir

CHRISTELIKE HOëR ONDERWYS

1977

----ooOoo----

OPGEDRA AAN MY OUERS

<u>Leier</u>:- Prof. J.S. du Plessis

<u>Hulpleier</u>:- Prof. P.G.W. du Plessis

# VOORWOORD

Dankbaarheid het geen betekenis indien dit nie aan die dank jeens God verbind is nie. Daarom kom alle dankbaarheid en lofprysing aan Hom toe, uit Wie, deur Wie en tot Wie alle dinge is. Deur die vyf jaar van moeilike studie- en werksomstandighede, teleurstellings en terugslae, sukses en vooruitgang, was God steeds 'n getroue en ewige Vader.

Aan U kom toe alle dank en lof vir ewig
Soli Deo Gloria. AMEN.

Daarbenewens my dank aan prof. J.S. du Plessis (PU vir CHO) wat as leier opgetree het na die aftrede van prof. C.N. Venter. Teenoor prof. P.G.W. du Plessis (RAU) vir sy geduld, raad en aanmoediging spreek ek my diepste waardering uit. Baie dankie vir die indringende en vormende gesprekke. In besonder sal u skrifgebonde en logiese argumentasie my altyd bybly. Vir die inspirasie en bemoediging deur die veertien jaar van studie wil ek my dank aan prof. C.N. Venter en tannie Bettie Venter betuig. Die skerp en duidelike kritiek was 'n aansporing tot 'n groter liefde vir die Afrikaanse volkskultuur en vir Kultuurkunde.

Sonder die voortdurende voorbidding en bemoediging van my ouers sou ek nie kon volhard nie. Die geduld, liefde en opoffering van Ria en die kinders kan met woorde nie bedank word nie. Veral Ria se hulp met die afronding van die studie was van onskatbare waarde. Baie dankie.

Aan die tiksters mevv. Retha Marais en Linda Swart vir hul harde werk is ek innig dankbaar. Veral die besonder tydige bydrae van Linda word hoog op prys gestel.

'n Besondere woord van dank aan die R.G.N. wat fondse beskikbaar gestel het vir my studie. Ek vertrou dat hierdie studie aan u hoë verwagtinge voldoen en 'n beskeie bydrae mag wees tot die uitbouing van die geesteswetenskap.

Aan alle vriende wat met belangstelling die vordering gevolg het, baie dankie.

Ek glo dat op 'n vreemde manier
dit die krisis is waaruit
'n volk herbore, jonk, skeppend
te voorskyn kom.

N.P. van Wyk Louw

Mind you - I am all for the most forbearing and generous treatment of the Boers, when they are once completely beaten - if only because that is the sole means of absorbing and ultimately getting rid of them as a separate exclusive caste.

Milner - brief aan Haldane

21 Januarie 1901

INHOUD


| | | |
|---|---|---|
| | Inleiding | 1 |
| 1. | Probleemstelling | 1 |
| 2. | Die metodiese opset | 2 |
| DEEL I : KULTUUR EN VOLK | | 5 |
| 1. | Openbaring, openbaarmaking, Kultuur | 5 |
| 1.1 | Die begrippe openbaring en openbaarmaking in die Kultuur | 6 |
| 1.1.1 | Woordopenbaring | 6 |
| 1.1.2 | Kosmosopenbaring | 8 |
| 1.1.3 | Wetenskapsopenbaarmaking | 10 |
| 2. | Die begrip kultuur in die Kultuurkunde | 14 |
| 2.1 | Kultuur | 14 |
| 2.2 | Kultuur as lewensetos in eskatologiese perspektief | 15 |
| 3. | Die begrippe nasie, volk en Godsvolk in Kultuurkunde | 18 |
| 3.1 | Nasie | 18 |
| 3.2 | Volk | 22 |
| 3.3 | Volk as Godsvolk | 28 |
| DEEL II : ROEPINGSGESTALTE | | 31 |
| 1. | Die volkskultuur van die Godsvolk | 31 |
| 1.1 | Volkskultuur | 31 |
| 1.2 | Volksidentiteit | 32 |
| 1.3 | Volkskarakter | 35 |
| 2. | Samevatting | 40 |
| 3. | Die kulturele roepingsgestalte van die volk | 42 |
| 4. | Die Gereformeerde roepingsgestalte | 44 |
| 4.1 | Die godsbegrip | 44 |
| 4.2 | Die Gereformeerde belydenis | 46 |
| 4.3 | Lewensbeskouing | 48 |
| 4.4 | Wêreldbeskouing | 51 |
| 4.5 | Wêreldbeeld | 55 |
| 4.6 | Ander beskouinge | 60 |
| 5. | Samevatting | 61 |

| | | |
|---|---|---|
| DEEL III : DIE KULTURELE ROEPINGSGESTALTE VAN DIE AFRIKANER | | 62 |
| 1. | Die Afrikaner en die Godsvolk | 62 |
| 1.1 | Afrikanernasie, Afrikanervolk en Godsvolk | 62 |
| 1.2 | Die Afrikaanse Volkskultuur | 65 |
| 1.3 | Afrikaneridentiteit | 67 |
| 1.4 | Afrikaanse volkskarakter | 69 |
| 2. | Samevatting | 74 |
| 3. | Die kulturele roepingsvergestalting van die Afrikanervolk. | 76 |
| 3.1 | Die godsbegrip | 76 |
| 3.2 | Die Belydenis | 78 |
| 3.3 | Lewensbeskouing | 79 |
| 3.4 | Wêreldbeskouing | 81 |
| 3.5 | Wêreldbeeld | 84 |
| 3.6 | Enkele ander beskouinge oor die Afrikaner | 87 |
| 3.6.1 | Selfkonsepsie van die Afrikaner | 88 |
| 3.6.2 | Afrikaneridentiteit en Christelike Nasionaliteit | 88 |
| 3.6.3 | Engelssprekendes en anderskleuriges | 90 |
| 3.6.4 | Enkele kritiese opmerkings | 91 |
| 4. | Samevatting | 92 |
| DEEL IV : DIE KULTUURHISTORIESE WORTELS VAN DIE ROEPINGSGESTALTE VAN DIE AFRIKANER | | 94 |
| 1. | Die Kultuurkrisis in die stamlande | 94 |
| 1.1 | Woordopenbaring en belydenisvorming | 98 |
| 1.1.1 | Woordopenbaring | 98 |
| 1.1.2 | Geloofsbelydenis | 102 |
| 1.2 | Vervolging en verbreiding | 105 |
| 1.2.1 | Die Geuse | 105 |
| 1.2.2 | Die Hugenote | 107 |
| 1.2.3 | Die Boer | 109 |
| 1.3 | Kulturele wortels | 110 |
| 2. | Volkswording | 114 |
| 2.1 | Seereise en Sakramente | 114 |
| 2.2 | Volk-wees | 116 |
| 3. | Samevatting | 120 |
| 4. | Konklusie | 121 |
| | Resumé | 122 |
| | Summary | 123 |
| | Bibliografie | 125 |

## INLEIDING

### 1. Probleemstelling

Die vraag "quo vadis?" (waar gaan jy heen) word telkens aan en deur die Afrikaner gestel. Die vraag quid est?" (wie is hy) word in die reël deur dié buite die Afrikanergeledere gevra en beantwoord.

Met die Suid-Afrikanisme in die hoogbloei - toe dit meer populêr was om Suid-Afrikaner as Afrikaner genoem te word en te wil wees - en die opkoms van die "Nuwe Afrikaner" is die vraag "quid est?" op die voorgrond gedwing. Daarbenewens het die subtiele kulturele aanslag van die kontra-kultuur, die kruipende sosialisme en daarmee saam die polarisering van "verlig" en "verkramp" in Afrikanergeledere, die beantwoording van die "quid est?" genoodsaak.

Dit was nodig om in die studie eers uit te maak hoe die Afrikaner na sy roepingsgestalte behoort te wees. Die roepingsgestalte is die normatiewe of prinsipiële gestalte of beeld waartoe die Afrikaner geroepe is. Daarnaas moes die reële vergestalting van sy roeping geplaas word en aan die roepingsgestalte getoets word. Die roepingsvergestalting is die feitlike beeld wat die Afrikaner vertoon. Die feitlike word dus aan die normatiewe getoets.

In sy werk "Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament", lê die teoloog J.C. Coetzee enkele prinsipiële riglyne vir die Christen-volk ten opsigte van oorsprong, sy plek tussen die nasies, sy voortgang en eindbestemming, neer.

Met hierdie werk in gedagte, is enkele kernvrae (ander kan nog bygevoeg word) met die oog op die Afrikaner, gestel:-

> Wie is die volk? Wat is die verhouding tussen die Afrikaner en die Godsvolk? Wat is die roeping van die Afrikaner? Hoe lyk die kulturele roeping van die Godsvolk? Vertoon die Afrikanervolk nog die roepingsgestalte van die Godsvolk? Het die roepingsgestalte van die Afrikaner enige kultuur-historiese wortels? Kan die Afrikaner deur die kulturele roepingsvergestalting die roepingsgestalte vertoon?

Met hierdie navorsing word hoofsaaklik gepoog om 'n prinsipiële

omlyning vir die roepingsgestalte van die Afrikaner te vind. Om riglyne vir die kulturele toekoms van die Afrikaner te probeer trek, is eerstens 'n prinsipiële ondersoek nodig. Daaruit kan deur diagnose en prognose 'n kultuur-strategie vir die Afrikaner en sy volkskultuur voorgestel en beplan word. Die studie wil 'n algemene oriëntering vir verdere studie oor die kulturele roepingsvergestalting aan die Afrikaner bied. Die "quo vadis" dien as grondslag vir die "quid est".

Aangesien die roepingsgestalte in die volkskultuur sy neerslag vergestalt, speel die kultuurhistoriese agtergrond, as openbaringsmiddel, 'n belangrike rol.

Omdat kultuur 'n gehoorsame handeling deur die volk op die roeping van God in Sy openbaring is, is die studieterrein meer as net die kultuurhistoriese. Dit sluit ten eerste 'n prinsipiële ondersoek na die roepingsgestalte in.

Die kulturele roepingsgestalte is die denkbeeld van die geheel van die volk se identiteit, verhoudinge (karakter) en kultuur. Die roepingsgestalte is dus eerder die normatiewe, "die hoe", van die volk se kultuur. Die dui aan hoe die volk in sy identiteit, verhoudinge (karakter) en kultuur vergestalt behoort te wees. Die kulturele roepingsgestalte is met ander woorde, die prinsipiële raamwerk.

Die kulturele roepingsvergestalting is die reële beeld van die geheel van die identiteit, verhoudinge (karakter) en kultuur van die Afrikanervolk te enige tyd. Die volk is geroepe om gehoorsaam deur elke dag se handeling die kulturele gestalte uit te beeld. Die roepingsvergestalting is dus eerder die feitlike, "die hoe" en "die wat" van die Afrikaner se kultuur - hoe en wat die volk in sy identiteit, verhoudinge (karakter) en kultuur in feite telkens is.

Hoewel die gestalte en vergestalting op die oog af nie geskei kan word nie, kan dit wel prinsipieel deur teoretiese navorsing onderskei en ontleed word. Hierdie onderskeiding en ontleding geskied toepaslik binne die raamwerk van volk en volkskultuur.

## 2. Die metodiese opset

Die metodiese opset is eerder 'n soeke na 'n prinsipiële raamwerk vir die Afrikaner se kultuur, as 'n analise van sy bestaande kultuur. Uit die feit dat dit oorwegend 'n prinsipieel-teoretiese ondersoek is, word gepoog om vanuit 'n Gereformeerde Protestantse oogpunt die pro-

bleemstelling te benader.

Ek erken dus dat ek nie 'n neutrale uitgangspunt inneem nie. Gebonde aan die Woord-openbaring - die Bybel - en geloofsbelydenis - die Drie Formuliere van Enigheid - word die studie vanuit 'n bepaalde gesigshoek besien. Daar moet egter bygevoeg word dat 'n mens so objektief moontlik in die ondersoek probeer wees. Die saak van die uitgangspunt word in die begin van die studie beredeneer.

Die doelbewuste soeke na die prinsipiële het die studiemateriaal bepaal. Die studie probeer dus nie om die prinsipiële roepingsgestalte van die Afrikaner uit sy kultuurhistorie af te lei nie. Eerder word die prinsipiële kultuurbeeld as teoretiese spieël daar gestel waarin die kultureel-empiriese gespieël kan word.

So kan waargeneem word in hoe verre die prinsipieel-kulturele as 'n denkbeeldige spieël die ooreenkoms of verskil van die kultureel-empiriese aandui. Hiermee word gepoog om weg te beweeg van 'n bepaalde historisme waarin so 'n kultuurkundige studie gemaklik sou kon verval.

Dit is nodig om te weet waar die roepingsgestalte van die Afrikaner vandaan kom. In die deel oor die kultuurhistoriese wortels word gepoog om te soek na daardie wortels waaruit die roepingsgestalte en vergestalting groei. En om te sien waar in die kultuurgeskiedenis die roepingsgestalte van die Afrikaner veranker is en die vergestalting begin het.

Die logiese gevolg van hierdie benadering - om eers 'n skrifbeligte ondersoek te doen en die kultuurhistoriese daaraan te toets - is die wegbeweeg van geykte teorieë en erkende inhoude van begrippe. So is gepoog om die normatiewe in die Skrif te soek eerder as om die kultuurhistoriese tot die normatiewe te verhef.

Verder is gepoog om begrippe soos byvoorbeeld volk en nasie vanuit die Skrifbeligting op die kultuurkundige terrein toe te pas. Die studie wil so 'n bydrae tot die Christelike wetenskap lewer. Dit was 'n noodwendige resultaat dat so 'n benadering sou lei tot die daarstelling van nuwe terme en begrippe in die Kultuurkunde soos kulturele roepingsgestalte en kulturele roepingsvergestalting. Sommige erkende begrippe

en termes wat reeds deur professor C.N. Venter ontwikkel is, soos byvoorbeeld konsepsiewêreld, is nie weer nagevors nie, maar net so gebruik.

Die studie val binne die studieterrein van die vakwetenskap Kultuurkunde, toegespits op die Afrikaanse volkskultuur.

Dit het daartoe gelei dat in die eerste deel aan begrippe, kultuur en volk, aandag gegee is. Hierdie sleutelterme word deurgaans - soms in variasie - in die studie gebruik.

Die prinsipiële omlyning van die roepingsgestalte beslaan die tweede deel van die studie. Hierin word die roepingsgestalte prinsipieel verantwoord en aan die hand van die konsepsiewêreld se belangrikste komponente gekonstrueer.

In die derde deel word aandag geskenk aan die wyse waarop die Afrikanervolk sy roepingsgestalte vertoon en uitgebou het. Hierdeur word gepoog om vas te stel in hoeverre die Afrikaner se roepingsvergestalting die roeping in der daad deur die volkskultuur, volksidentiteit, volkskarakter (verhoudinge) en beskouinge nog vergestalt.

Die kultuurhistoriese wortels word in die vierde deel nagevors. Dit is 'n poging om na te gaan of die Afrikanervolk se kultuurhistoriese wortels sodanig is dat hy wel die roepingsgestalte kan vergestalt in die voortdurende volkswording van die Godsvolk.

Die studie wil 'n algemene grondslag lê vir verdere navorsing oor die volkswording van die Afrikaner. Navorsing sou kon nagaan in hoeverre die roepingsgestalte in die Afrikaner se kerk as lewende organisme, skool as opvoedingsinstelling, handel as ekonomiese instelling, politieke partye as politieke instellings en dies meer, vergestalt word. Verder sou bepaal kon word watter kultuurstrategie die Christen-Afrikaner sou moes volg om die kulturele roepingsgestalte tot sy suiwerste en duidelikste vergestalting in Suid-Afrika uit te bou.

## DEEL 1 : KULTUUR EN VOLK

### 1. Openbaring, openbaarmaking, Kultuur

$E = Mc^2$ is die bekende formule van Einstein. Die formule dui die verhouding van energie tot massa aan. Uit hierdie formule ruis die atoomkrag van die tweede helfte van die 20ste eeu se tegnologie.

In Hebr. 11:3b staan daar; "sodat die dinge wat gesien word, nie ontstaan uit sienlike dinge nie". Sou daar enige verband wees tussen hierdie twee uitdrukkinge, of is dit uit die gesigshoek van die Openbaring gelyk aan mekaar? 1).

Sedert die opkoms van die moderne mistieke reaksie teen tegnologiese oorheersing, het die vraagstuk van Openbaring weer in die sentrum van die wetenskaplike ondersoek kom staan. Nie net as teologiese vraagstuk rondom die Teopneustie van die Skrif nie, maar as vraagstuk vir die natuurwetenskappe sowel as die geesteswetenskappe 2).

Die woord Openbaring beteken op sigself die ontsluiting van dit wat tevore onbekend was. Openbaring dui dus op 'n verborgenheid, wat geken kan word, nie net deur 'n verstandelike werksaamheid en handeling van die mens nie, maar veral deur die handeling van God deur Sy Heilige Gees. Sodoende is Openbaring kragtens die eie-aard voortgesette Openbaring wat dit moet wees en bly 3).

Openbaring in Woord en Werke is die handelinge van die "éénvoudige geestelike wese wat ons God noem" 4). Dit is die kenne van hierdie handelinge as Goddelike Openbaring waardeur die mens God leer ken as die ware Skepper, Onderhouer en Voleinder 5).

---

1) Reid (1968, p. 31).
2) Wielenga (s.j., p. 99).
3) Van der Walt (1953, p. 158 - 159).
4) Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), art. 1.
5) Venter: Versoringswetenskap (1966, p. 102 - 103).

Langs hierdie weg, het Woordopenbaring en Kosmosopenbaring ook vir die Kultuurkunde in die sentrum kom staan. Vanuit die Openbaringe word die kennisontginning van die wetenskap geloods en die waarheid van sy bevindinge getoets.

## 1.1 Die begrippe openbaring en openbaarmaking in die Kultuurkunde

Die begrippe Woordopenbaring en Kosmosopenbaring neem 'n besondere plek in in die Kultuurkunde 1). Venter wys daarop dat kennis in sy diepste wese kennis is van God, skepping, onderhouding en voleinding soos kenbaar uit die Openbaring 2).

Dit is die kennis van die Openbaringe van God wat in die roepingsvervulling van die Christelike kultuur openbaar gemaak word. Die openbaarmaking van die kennis van die Openbaring van God is die handeling, die doen en late van die gelowige. Waar die Kultuurkunde hom besig hou met die bestudering van die Christelike kultuur, is die Openbaring en openbaarmaking van belang. Van belang, is veral die vergestalting van die Christelike kultuur deur die begrippe Openbaring en openbaarmaking.

### 1.1.1 Woordopenbaring

Vir die gelowige is die Woordopenbaring die vernaamste. Die Woordopenbaring laat die letters van die boek van die skepping, onderhouding en regering van God duideliker sigbaar word.

Daar bestaan geen enkele kultuur wat nie op die ontdekking van een of ander goddelike geheime geskrif of orakel gegrond is nie 3). Woordopenbaring behoort tot die wesenlike van die kultuur. Vir die Christelike kultuur is die Woordopenbaring die enigste openbaringsmiddel waardeur God Homself "aan ons nog duideliker en meer volkome

---

1) Die begrippe algemene en besondere openbaring is die meer erkende uitdrukkinge in die Calvinistiese wetenskapsbeoefening, vgl. Müller (1968, p. 11 e.v.).
2) Venter: Versorgingswetenskap (1966, p. 103).
3) Vgl. die Chinese met die Shu-King of I Ching; die Hinduïsme met die Rigveda; die Buddisme met die Tripitaka; die Mohammedanisme met die Koran; die Jode met die Tora en Talmud.

bekend" 1) maak. Die woord ons dui reeds die gelowige aan, hulle wat Gods Woord ken. 2). Die bepaalde gerigtheid van die Woordopenbaring is daarin geleë dat vir ons ontsluit word, die kennis van hoe God, ons Skepper en Vader op die regte wyse geëer moet word 3).

"Wat is die vernaamste doel van die menslike lewe? Om God te ken. Waarom sê ons dit? Omdat Hy ons geskape het en in die wêreld gestel het om in ons verheerlik te word. En daarom is dit ook billik dat ons lewe gerig is op Sy verheerliking, daar dit uit Hom sy oorsprong het 4). Die doel van ons lewe is om God te dien en te verheerlik. Dit is die voorreg van die gelowige. Hierdie voorreg leer hy ken uit die Bybel as die geteopneusteerde Woord van God. Dit is die Bybel-die Boek - waardeur die kennis van die Waarheid as verborgenheid geken kan word. Hierdie verborgenheid is die Woord wat vlees geword het en onder die mense kom woon het. Dié Woord-openbaring gee aan die Christelike kultuur sy wesenskenmerke en wesensaard, naamlik om as verloste kultuur, in Jesus Christus, God te mag dien", in hierdie lewe, tot Sy ere en die saligheid van wie aan Hom behoort 5).

Die Woordopenbaring as kenbron van God as Wese en van Sy goddelike wil, is die vernaamste openbaringsmiddel vir die Christelike kultuur as verloste kultuur. / Alleen deur hierdie openbaringsmiddel kan die gelowige die goddelike bestemming van sy lewe bereik, naamlik om God te eer en te verheerlik in en deur sy lewe. Deur die Woord word die brug tussen God en mens gebou. Die Skeppings-, Voorsienigheids-, Verlossings-, Vleesgeworde-, Geskrewe-, en Gepredikte Woord 6) oorbrug die gebrek aan die kennis van God en bied die grondslag vir ware kennis van God.

---

1) NGB, art. 2.
2) Feenstra (1966, p. 38).
3) Polman (s.j., p. 62).
4) 'n Verwysing na die aanvangsvrae van die Heidelbergse Kategismus volgens Calvyn (Polman, s.j., p. 62).
5) NGB, art. 2. Vgl. Venter: Calvinistiese kultuurbeskouing (1969, p. 173).
6) Vgl. Heyns: Brug (1973).

1.1.2 Kosmosopenbaring

Die begrip kosmosopenbaring sluit die ganse bestaande werklikheid in 1). Die begrip natuur dui in die algemeen al die geskape dinge na hul essensie aan, naamlik mens (organiese wese), dier, plant, minerale (stof). Natuur in die Christelike beskouing verwys na die sondegevalle en verdorwe skepping 2). Kosmos is 'n Griekse woord wat orde, sieraad en skoonheid kan beteken. Kosmos is gebruik as teenstelling van chaos, wat wanorde of woestheid kan beteken. Kosmos word in hierdie verhandeling gebruik in die sin van heelal 3). Die begrip kosmosopenbaring is die openbaring van die ganse bestaande werklikheid wat meer is as net natuur, aarde, sterre en hemelruim. Dit is in die orde, sieraad en skoonheid van die bestaande werklikheid dat God Hom aan die mens openbaar, naamlik in Sy ewige krag en goddelikheid 4). Die kennis aangaande God as Skepper, Onderhouer en Voleinder word verkry vanuit die sigbare skepping, onderhouding en regering van God oor en in die bestaande werklikheid. Met hierdie werklikheid kom die mens daagliks in aanraking, want dit is die kosmos waarin hy woon.

Kennis word uit die lees van 'n "mooi boek" verkry waarin gesien word dat die kosmos iets openbaar van sy Formeerder. By die mens as skepsel word daar gedagtes aangaande God tot stand gebring.

---

1) Creation in Baker's Dictionary of Theology. Die begrip Skepping of creation beteken meerendeels "the origin of the universe by the creative power of God". Dit word verder omskryf as "de daad Gods" waardeur hy alles tot aansien roep en word weergegee met die woorde maak, tot stand bring, veral skep as vertaling van die Griekse woord: Ktizein.

2) Vgl. Heidelbergse Kategismus. Volgens Sondag II, vraag en antwoord 5 is die mens van nature geneig om God en sy naaste te haat.

3) Vgl. kosmos by Schouten (1959, p. 316).

4) Vgl. N.G.B, art. 2.

Dit is die roeping van die mens as beelddraer van God om hierdie gedagtes te lees en bekend te maak 1). So leer hy die Skepper aan die hand van Sy Eie Skepping ken.

In die onderhouding van die geskape werklikheid, voortaan in hierdie studie genoem kosmos, en die instandhouding daarvan, is God se almag, alomteenwoordigheid, en wysheid aan die mens ontsluit 2). Deur dit wat geskied in die kosmos, kom die onderhouding van God en Sy gemoeidheid met die kosmos tot uiting. Die geskiedenis, veral die kultuurgeskiedenis van die Christendom, dui 'n vaste lyn van onderhouding aan. Daar is geen waansinnige ronddans van ellende van wêreldse magte nie, maar dit is die gebied waarin God se Raadsplan voltrek word. In die geskiedenis van volkere en nasies lê die riglyn van God se Raadsplan van ontstaan, onderhouding en voleinding. Geskiedenis het dus te make met 'n opeenvolging van gebeurtenisse en is voortgang volgens 'n voorafbepaalde gang 3). So sou geskiedenis omskryf kon word as die opeenvolging van gebeurtenisse binne die kosmiese dimensie van tyd volgens die Raadsplan van God 4). Dit is in die geskiedenis waarin God se Raadsplan voltrek word, geregtigheid gevind word, 'n nuwe koninkryk gebore word, 'n volk saamgeroep word 5). Reeds die kultuurgeskiedenis lê hierdie onderhoudingswerk van God met die mens en die kosmos bloot. God se onderhouding sluit in die persoonlike lewe en lewe van land en volk 6).

Tog het hierdie kosmosopenbaring grense. Slegs God se ewige krag en goddelikheid word geopenbaar sodat die mens geen verontskuldiging sal hê en sê: "God bestaan nie" of "ek het nie geweet God bestaan nie". Hierdie selfontsluiting van God in die kosmos deur Sy ewige krag en goddelikheid is daarin geleë dat God kenbaar is as 'n bewustelike, Persoonlike Iemand, wat Hom bekend maak. Deur die kosmosopenbaring word God nie as 'n idee, 'n abstraksie, 'n onpersoonlike grootheid geken nie 7). Wat egter van wesenlike belang is, is dat God Hom deur

---

1) Feenstra (1966, p. 32).

2) Ibidem.

3) Vgl. Stoker (1961, p. 224 -225).

4) Kosmos sluit dus nie net die sigbare dinge in nie, maar ook geskape tyd. Vgl. Reid (1968, p. 56 e.v.).

5) Bavinck soos aangehaal deur Feenstra (1966, p. 33).

6) Polman (s.j., p. 53). Vgl. Van Goor (1937, p. 22-23) en Müller (1968, p. 13).

7) Polman (s.j. p. 48).

die Kosmosopenbaring deur die hele wêreld openbaar aan alle mense. Deur Sy skepping, onderhouding en regering, openbaar Hy Hom aan alle mense 1).

So word almal dan gekonfronteer met die kosmosopenbaring van God.

### 1.1.3 Wetenskapsopenbaarmaking

Die konfrontasie van die mens met die openbaringe van God, kom onder andere tot uiting in die beoefening van wetenskap 2). Dit is deel van die kultuuropdrag aan die mens om die kosmos en die Woord te ondersoek. Die verkreë kennis word dan ontwikkel tot 'n harmonieuse geheel as geestesstruktuur en om die kennis in diens te stel van God 3).

Om tot die kennis van die kosmos en Woord te kom, is wetenskaplike navorsing, 'n verantwoordelike aktiwiteit van die mens. Navorsing is dus die kennisontginning om nader te kom aan die Waarheid 4). Om nader tot die Waarheid te kom, is om 'n seker of ware kennis te verkry van die kenbronne van wetenskaplike navorsing, naamlik die kosmos- en Woordopenbaring. Die ware kennis van die kosmos moet harmoniseer met die ware kennis van die Woord. Die geharmoniseerde kennis lei tot die Waarheid. Dit is so dat die Waarheid, ontgin uit die werke van die God van die Waarheid, deur ware kennis onderskryf moet word 5). Met ander woorde hoe meer wetenskaplike navorsing ware kennis ontgin, des te meer sal die feite van hierdie navorsing in die kosmos en die Woord met mekaar ooreenstem. Sodoende word die Waarheid geopenbaar. Hierdie Waarheid is die kennis van God se handelinge met die mens deur Sy Woord. Die Woord (vgl. Joh. 1: 1-5) is die Waarheid wat deur Jesus Christus gekom het; Hy wat die weg, die Waarheid en die lewe is en wat kon sê dat niemand na die Vader kom nie, behalwe deur Hom.

---

1) Polman (s.j., p. 49). Kyk Rom. 1:19, 20.
2) Vgl Van Goor (1937, p. 27).
3) Meeter (1939, p. 42). Vgl. Venter: Versoringswetenskap, (1966, p. 111).
4) Grobler (1974, p. 30-31).
5) Reid (1968, p. 30). Vgl. ook Maatman (1970, p. 14-16).

Van Wie gesê is dat deur die Woord alles gemaak is 1).

Die vraag ontstaan hoe hierdie konfrontasie met die openbaringsmiddele gesien kan word? Is daar enige verskil in die "lees" van die openbaringsmiddele? Daar is twee fundamentele posisies wat ingeneem kan word. Dié van die Christenmens en dié van die Natuurmens 2).

Die natuurmens is die mens wat nie die Ware God ken nie. Hierby word ingesluit diegene wat glo dat God buite die kosmos is. Die kennis of begrip wat van God gevorm word, word verkry deur die omgang met die openbaringsmiddele. So kom verskeie moontlike godsbegrippe by die natuurmens voor, naamlik panenteïsme, panteïsme en deïsme.

Die panenteïsme se godsbegrip word omskryf as alles is in God. God is transendent en immanent tegelyk. Transendent in sover as wat Hy die totaliteit is van alles wat bestaan. Immanent in sover as wat Hy Homself in en deur die bestaande werklikheid manifesteer (openbaar maak) 3). Die kosmosbegrip (wêreldbeskouing) van die panenteïsme hou in die bestaan van 'n materiële wêreld (Laer) en 'n geestelike wêreld (Hoër). Alles wat in die geestelike wêreld is, het sy ewebeeld in die materiële wêreld en hierdie twee wêrelde beïnvloed mekaar wedersyds. In die mens vind die sintese van beide wêrelde plaas en kan die mens as werkende vennoot van die Almagtige gereken word 4).

---

1) Van Leeuwen (1929, p. 66).

2) Die begrip natuur word hier gebruik in die betekenis van die mens in wie die beeld van God deur die sonde geskend is. Die Engelse begrip "nature" gee in die natuurwetenskappe die mens as "natural man" weer. 'n Samestelling van fisiese komponente.

3) Kyk bv. Epstein (1970, p. 244) wat van Cordovero sê: "Cordovero... safeguards the theistic position by defining his attitude in the formula: 'God is all reality but not all reality is God' an attitude which came to be known in modern philosophy as 'panentheism'".

4) Vgl. vir panenteisme: Szekeres (1960, p. 381) en Isaacson en Wigoder (1973, p. 188). Kyk ook Polman (s.j. p. 47) i.v.m. natuurveragting.

Die godsbegrip van die panteïsme verklaar alles <u>is</u> God. Die panteïs vind God in die ganse kosmos. Die kosmos is die uitdrukking van God, niks is buite God nie. Die mens en wêreld is eintlik die openbaring van God se wese. God gaan in die totaal van die werklikheid op en die werklikheid in God. Kortliks, God raak verlore in die natuur, die wêreld, heelal, in alles 1). By die panteïsme, val die begrip van God en kosmos saam weens die vervaging van die grens in die natuurvergoding 2).

Een God, as Skepper wat bo die wêreld verhewe is, word deur die deïsme erken. God is van die wêreld geskei en te onderskei. Die bestaan van God word erken omdat die deïsme vanuit die kosmosopenbaring tot hierdie begrip kom. Die wêreld kan nie vanself ontstaan nie. Daar moet 'n bewuste denkende Wese wees aan Wie die bestaan van alles te danke is 3). Die kosmos word "regeer" volgens vaste wette d.w.s. natuurwette wat eintlik geen God vir hul voortbestaan nodig het nie 4). So is die kosmos van God losgemaak en bevry. Wanneer daar egter met die uurwerk iets verkeerd sou gaan, tree God as deus ex machina op 5).

Teenoor die godsbegrip van die genoemde godsdienste, staan die teosentriese of teïstiese godsbegrip van die teïsme 6).

Die teosentriese godsbegrip word gevorm uit die sekere kennis en vaste vertroue dat daar 'n éénvoudig geestelike wese is wat die drieënige God genoem word. Hierdie kennis word ontvang deur middel van die kosmos- en Woordopenbaring waardeur God Homself aan die mens kenbaar maak. Die teosentriese godsbegrip is alleen moontlik by die gelowige wat deur God self in Jesus Christus van 'n gevalle toestand opgerig is tot 'n vertikale dimensie 7). As verloste mens, deur die verlossingswerk van Jesus Christus, het die mens deel aan God die Vader deur die Heilige Gees. Hierdie Gees van God wat in die gelowige

---

1) Van Leeuwen (1929, p. 45 e.v.).

2) Polman (s.j., p. 47).

3) Van Leeuwen (1929, p. 44).

4) Polman (s.j., p. 209). Vgl. Feenstra (1966, p. 125).

5) Polman (s.j. p. 209). Vgl. Feenstra (1966, p. 125).

6) Vir die duidelike gang van die studie word <u>teosentriese</u> i.p.v. <u>teistiese</u> gebruik. Dit blyk dat <u>teistiese godsbegrip</u> verskillende betekenisse mag hê.

7) Vgl. Vorster (1971, p. 16), voetnota i.s. <u>dimensie</u>.

woon, is die Gees wat die dienskneggestalte in die gelowige na vore dring 1). Die teosentriese godsbegrip erken veral die voorsienigheid van God in die kosmos waar Hy oor die gelowige waak met 'n Vaderlike sorg en alles onder Sy heerskappy hou 2).

Samevattend kan gesê word dat dit in die besig-wees om te voorsien en besig-wees om te regeer van God is dat die teosentriese godsbegrip verskil van die panenteïstiese, panteïstiese en deïstiese godsbegrippe.

Die Kultuurkunde as wetenskaplike dissipline het as veld van ondersoek die kultuur. Die Kultuurkunde neem as fokuspunt op die bestaande werklikheid die verhouding tussen die kennis aangaande die openbaring van God en die openbaarmaking van hierdie kennis deur die mens. Die verhouding tussen die kennis van die Waarheid, (soos ontgin uit die Woord en kosmos deur wetenskapsbeoefening) en die openbaarmaking van hierdie kennis in die lewe van die mens word bestudeer. Kortliks, die verhouding tussen leer en lewe. Dit is in die openbaarmaking van die kennis van die openbaring dat die mens sy kulturele roeping vervul. Die Christenmens, gerig deur die teosentriese godsbegrip, behoort dié roeping in die amp van die priester, profeet en koning te volvoer 3).

Die natuurmens, gerig deur 'n a-teïstiese of geosentriese godsbegrip behoort noodwendig sy taak soos hy "geroep" is deur sy selfgevormde "god" of afgod te volvoer. By die Christenmens sowel as by die natuurmens gaan dit om: om iets te hê (kennis), om vir iemand te sê aangaande die openbaring 4).

---

1) Vgl. Haitjema: Woord Gods (1931, p. 129).

2) NGB, art. 13.

3) Grobler (1974, p. 31). Vgl ook Meeter (1939, p. 82-83) en Schilder: Christus (1968, p. 8).

4) Getuienis = om iets te hê om aan iemand te sê aangaande die dade en handeling van God met die kosmos.

## 2. Die begrip kultuur in die Kultuurkunde

### 2.1 Kultuur

Die godsbegrip is dominant in die openbaarmaking van die openbaring van God. Die godsbegrip, of in die geval van die natuurmens, die afgodsbegrip 1) rig die lewe van die mens. Dit gaan om sy elke dag se doen en late. Dit gaan om sy lewenswandel of kultuur.

Die vraag is egter wat onder die begrip kultuur verstaan moet word. Kultuur word afgelei van die begrip "colere". "Colere" sluit in die verbouing van die land, versorging, versiering, bewoning en verering van gode. Alle menslike arbeid wat verrig word deur 'n mens en 'n volk, word ingesluit 2). "Cultura", waarvan die woord kultuur afgelei is, het hierdie inhoudelike nog nie verloor nie 3). "Culture is any cultivation of human beings which results in their improvement, enlightment, and discipline acquired by mental and moral training civilization, refinement in manners and taste" 4). Hier moet egter onderskei word tussen die kultuurproduk en kultuur. Kultuur sluit die kultuurproduk in, maar die totaliteit van die kultuur is meer as sy produkte. Die kultuurproduk is die resultaat van die mens se sorgsame besig wees met die kosmos. Kultuur vertoon die wêreldwye aksieradius van hierdie handeling van die mens in die kosmos. Hierdie sorgsame besig wees, is die openbaarmaking as handeling van die mens 5).

Die handeling van die mens in en met die kosmos word deur die godsbegrip beheers. Die mens se handelinge is beheersde openbaarmaking van sy verhouding tot God. Die openbaarmaking van hierdie verhouding tot God spruit uit die kennis wat die mens uit die openbaringsmiddele verkry. Kultuur behoort die openbaarmaking van die kennis van die openbaring van God te wees.

---

1) Word ook genoem idoolbegrip. Vergelyk hier die begrip ideologie.
2) Goedhart: Christendom (1961, p. 8).
3) Vorster (1971) praat van die diensdimensie van kultuur om die diensmotief in perspektief te stel.
4) Meeter (1939, p. 79).
5) Venter (1966, p. 90 e.v.).

Die Christenmens se konsepsiewêreld 1), as keersy van die Christelike kultuur word beslissend bepaal deur die Godsbegrip of algemeen gesien, die teosentriese Godsbegrip. Die natuurmens se konsepsiewêreld daarenteen word beslissend bepaal deur die geosentriese godsbegrip of idoolbegrip. Die onderskeid tussen die kultuur van die Christenmens en dié van die natuurmens is eerstens geleë in die verskil van die godsbegrip. Hierdie verskil word sigbaar in die kultuur of openbaarmaking van die kennis van die openbaring van God. Kultuur kan in die algemeen ook omskryf word as die openbaarmaking (in handelinge d.w.s. lewe) van die kennis of gebrek aan kennis (onkunde) van die openbaring van God.

## 2.2 Kultuur as lewensetos in eskatologiese perspektief

Die kultuuropdrag van die mens word gewoonlik verbind aan die oeropdrag in Gen. 1 en 2. 2). Deur hierdie opdrag wat die mens van God ontvang, word hy as heerser oor die kosmos gestel.

Die oorbeklemtoning van die geweldadige onderwerp en heers 3) oor die aarde het die medewerking in gehoorsaamheid aan die ware Heerser tot die agtergrond verdring. Reeds in die bewaak van Gen 2:15 kom die arbeidsooreenkoms tot sy reg van "Besitter" en "bywoner" aan wie se sorg die kosmos opgedra is. Die mens is geroep tot administrateur van die kosmos en nie as vrybuiter nie 4). Deur die uitvoering van die Godgegewe opdrag van werk en bewaak, word die verhouding van Heer en beheerder in perspektief gebring 5). Die beheerder staan in diens van die Heer en voer die God-opgelegde taak uit. Ten spyte van die verdorwenheid deur die "bedreiging" wat in die oomblik van "onbewaaktheid" toegeslaan het, het die opdrag nie verval nie. Dit is deur die Heer met die nodige onderskrywing van die moeitevolle stryd en vermoeiende arbeid herbevestig. Wat in die kosmos weggelê is, moet nou deur die mens ontplooi word. Die sluimerende kragte en moontlikhede

---

1) Venter (1966, p. 111): Konsepsiewêreld is .."'n omvattende en bepaalde geestesstruktuur of konstruksie wat ontstaan as vrug van .." kennisvorming.
2) Aalders (1960, dl. 1). Vgl. Gen. 1:28 en Gen. 2:15.
3) Vgl. Van Selms (1967, p. 38).
4) Van Selms (1967, p. 56).
5) Kroeze (1967, p. 28).

in die kosmos en in die mens se beeld en gelykenis wat hy dra, moet ontsluit word 1). Die gevalle mens met verlies aan die hemelse paradys op aarde, se moeitevolle arbeid plaas hom nou op die weg van altyd soek na die verlore paradys, 'n langdurige geluk, 'n verlossing van alle kwaad wat hom voortdurend verdruk. Dié verlossingsgedagte kan so ruim geneem word, dat dit alle handelinge, die kultuur, wat die mens op aarde verrig, insluit 2).

Dit sou onvolledig wees as die verlossingsgedagte hier nie aangesny word nie. Die mens is amptelik deur God geroep tot diens. As administrateur en beheerder van die kosmos waarin en waarmee hy handelend besig is. As ampsdraer staan Hy in diens van God. Maar die amp is deur die verkeerde keuse hom ontneem en val hy onder die toorn van God. Die gevolg hiervan is dat die mens sy eie verlossing soek en so 'n verlossingskultuur bedryf. Om dus weer volwaardig in diens van God te staan, moet die mens as kultuurdraer weer in die amp van dienaar herstel word. Dié herstel is alleen moontlik wanneer Christus die invloed van die sonde elimineer 3).

Hierdie eliminasie geskied deur die volvoering van Sy ampswerk wat Hy as Hoë Priester, Ware Profeet, Ewige Koning verrig 4) en die mens se kultuur dus weer verloste kultuur word.

Die verloste mens bedryf dus nie meer verlossingskultuur nie, maar verloste kultuur.

Eskatologies word die uiteinde van hierdie proses vir ons geteken in Openb. 21. Die eskatologiese eindbestemming, naamlik verlossende kultuur word in Openb. 18 geteken.

Deur Sy ampswerk, word die Christen, die verloste mens, tot die amp

---

1) Vgl. Meeter (1939, p. 80) en Brillenburg Wurth (1962, p. 100).
2) Bavinck (1909, p. 290).
3) Meeter (1939, p. 86). Vgl. Goedhart: Christendom (1961, p. 58 e.v.).
4) Schilder: Christus (1968, p. 36 e.v.).

van gelowige herstel 1). As priester, profeet en koning in Jesus Christus, word die gelowige weer amptelik kultuurdraer. Die beginsel van die verloste kultuur, is die vernuwing van die hart van die mens deurdat God in Sy liefde vir die kosmos (Joh. 3:16 - Grieks: t o n k o s m o n = die wêreld) die ewigheid in die hart van die mens gelê het 2). So kry die kultuuropdrag van die gelowige, die herstelde ampsdraer, 'n koninklike inhoud en word verbreed om die wêreldwye aksieradius van die Christenmens se lewe te omspan. Met die konsolidasie van alle gesag en mag in die amp van Christus, word die kultuuropdrag aan die Christenmens verbreed toe Hy gesê het: "Gaan dan heen, maak dissipels .... doop hulle ... leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het." (Matt. 28:19) Wanneer hierdie opdrag vanuit die belofte "En julle sal krag ontvang as die Heilige Gees oor julle kom en julle sal my getuies wees" (Hand. 1:8) besien word, word dit die scopus van die Christelike kultuur.

Om te getuig, is om met die hart te glo en met die mond te bely dat daar 'n èènvoudige geestelike wese is wat ons God noem. Hierdie getuienis van die wedergebore mens omvat die mens se hele hart, hele siel, al sy verstand en kragte. Dit is geheel sy lewe. Dit behels sy lewensetos 3). Sy godsdiens. Sy kultuur. Sy verloste kultuur.

Die onwedergebore mens bied ook 'n getuienis aan, maar dan dié van die idool in wie se diens sy lewe staan. Dit is weer sy lewensetos. Sy godsdiens. Sy kultuur. Sy selfverlossingskultuur. Met ander woorde die gesteldheid van die mens rig die lewensetos, bepaal die verhouding tussen leer en lewe, bestem die kultuur.

Samevattend kan dus gesê word dat die goeie lewenswandel 4), die lewensetos van die Christenmens, die sigbare getuienis moet wees van die Christelike kultuur. Die lewenswandel, die lewensetos van die natuurmens, is die sigbare getuienis van die natuurlike kultuur.

---

1) Heidelbergse Kategismus Sondag 12.
2) Wielenga (s.j., p. 262, 266).
3) I.v.m. "ethos" vgl. Geesink (1931, p. 150).
4) Ethé Chrysta = die goeie lewenswandel. Vgl. Grosheide (1957) se verklaring.

## 3. Die begrippe nasie, volk en godsvolk in Kultuurkunde

Die labirint van etnologiese en sosiologiese verklarings oor die begrippe nasie en volk 1) dwing die Kultuurkunde om die begrippe vanuit 'n bepaalde gesigshoek te fundeer. Daar is twee benaderingswyses tot hierdie begrippe. Ten eerste word die begrippe benader uit 'n etimologiese hoek wat tot gevolg het dat daar tog gekies moet word van watter interpretasie gebruik gemaak moet word. Verder word die benaderingshoek van die empiriese gebruik. So word daar 'n samestelling van komponente gemaak om op dié wyse die begrippe te fundeer 2).

Vir die gang van hierdie studie word die Bybelse terminologie gebruik. Die skrywer het geen benoudheid vir die kritiek van biblisisme nie. Die Woordopenbaring is 'n wetenskaplike kenbron. Prof. S.P. van der Walt beskou die Teologie as die moeder van alle Christelike wetenskappe.

Weens die sinonieme betekenis wat aan die twee begrippe in die Afrikaanse taalgebruik verleen word is dit maklik om die twee terme te onderskei. Aan die anderkant is dit moeiliker weens die verskeie interpretasies wat aan die begrippe volk en nasie verleen word en mag word.

Dit word algemeen erken dat daar 'n noue relasie tussen nasie, volk en kultuur bestaan. Die terme volksidentiteit, volkskarakter, volkskultuur, eis dat 'n duidelike onderskeiding gemaak moet word. Die benaderingshoek is vanuit die kultuur en in besonder vanuit die Christelike kultuur, dit wil sê die verloste kultuur.

### 3.1 Nasie

Alle begrippe het verband met 'n bepaalde kultuurhistoriese agtergrond. Nasie hou verband met die kultuurhistoriese agtergrond van die Latynse begrip "nascor" 3).

---

1) Godsvolk word selde deur die genoemde vakwetenskappe gebruik en bly dus hier voorlopig buite beskouing. Kyk egter par. 3.3 verder aan.

2) Vgl. Botha (1970, p. 13) en Coetzee, J.H. (1967, p. 2).

3) Tot nascor gereduseer van die begrip "gnascor". Die woord nasci en natus is deel van die vervoeging "nascor, nasci, natus sum = gebore te word".

Die begrippe "natio" en "natus" word van die werkwoord nascor afgelei. Ander begrippe soos "gens" en "gentilis" staan ook met nasie in verband net soos "goy" in die Hebreeus en "etnos" in die Grieks.

Die begrip "gens" en "gentilis" word herlei van die werkwoord "gigno" wat ten eerste beteken verwek, baar of voortbring. "Gens" word afgelei om 'n sibbe (clan) te beteken. 'n Sibbe is 'n aantal families wat met mekaar verbind is deur 'n gemeenskaplike afkoms en wat dieselfde familienaam gebruik. Dit kan ook beteken 'n stam of 'n nasie. Eersgenoemde se gebruik, is die gangbare. Van "gens" word verder afgelei die selfstandige naamwoord "gentilis" (gentilis - is (m) ), 'n persoon van dieselfde familie of sibbe. Dit kan ook beteken iemand wat behoort tot dieselfde landstreek dit wil sê in die betekenis van nasionaal. "Gentilis" kan verder beteken dit wat tot 'n familie of sibbe behoort.

Cornelius Tacitus, die Romeinse historikus, gebruik hierdie begrip in verband met "religio" wat pligsgetrouheid met betrekking tot respek vir wat heilig is, beteken. Dit staan in verband met die aanbidding van die gode. Die Engelse begrip "gentile" het hierin sy oorsprong 1). Met ander woorde die bovermelde begrippe het ten eerste te doen met die gebore word in 'n familie of sibbe in, dit wil sê bloedverwantskap. Tweedens het dit te make met eerbetoon aan gode of heilige dinge.

"Nascor" as werkwoord dien as grondbegrip vir "natio" en "natus". Met die betekenis om gebore te word (afstam van, produseer, ontstaan) as algemene noemer het beide "natio" en "natus" die afgeleide betekenis van 'n geboorte en gebore vir. Cicero, die Latynse skrywer, verwys na die "numina" of gees Natio as die godin van geboorte. Hierdie "numina" was amoreel. Nog goed, nog boos. Dit kon hulp verleen of skade berokken. Hulle verhouding tot die mens het afgehang van hoe hulle deur die mens behandel is. Dit was 'n godsdienstige verpligting om so teenoor hulle op te tree dat hulle kragte tot voordeel benut kon word 2). So is daar byvoorbeeld klokkies gelui by die vrou wat baar

---

1) Bosman en Van der Merwe ( 1969, p. 234) vertaal "gentile" met nie-Jood, onbesnedene, Christen, heiden.

2) Hadas (1971, p. 121). Vgl. Rostovtzeff (1960, p. 32-34).

om sodoende die bose af te weer en die geboortepyne te verlig 1). Die begrip nasie, ras, soort en klas kom eers naas die genoemde betekenisse voor. "Natus" het die bykomende betekenis van om deur die natuur toegerus te word vir. Kortliks is die hoofgedagte hier geboorte / gebore te word en by "natio" die bykomende godsdienstige handelinge met betrekking tot geboorte en die "numina" van geboorte.

Die begrippe "goy" / "go'im" (mv) en "etnos" / "etné" (mv) is Bybelse terminologie. Beide begrippe sluit nie alleen hul etimologiese inhoudelike in nie, maar moet gesien word in die konteks soos gebruik in die heilsgeskiedenis.

Hoewel "goy" 'n skare van mense (ook 'n swerm bye as versamelnaam) beteken, word dit nie in die Ou Testament gevind as heenwysend na 'n individu nie. Die begrip beteken eerder nasie. Dit is die hele populasie van 'n bepaalde gebied. In die meervoudsvorm "goi'im" kry dit die betekenis van heidennasies. Hier word heidennasies gesien in die betekenis van "goi'im" heidene teenoor "A'm" die volk Israel 2). Die begrip "goi'im Jahwé" word nie in die Skrif gevind nie, naamlik nasies van God.

Ons vind dat in die enkele begrip "nasie" drie komponente saamgevat is, naamlik:-

1. dat nasie in verband met 'n territoriale gebied gesien moet word;
2. dat nasie in verband staan met die nasies wat ander gode dien;
3. dat nasie teenoor die begrip volk staan.

Die onderskeiding word verder duidelik wanneer die begrip "etnos / etné" in die Nuwe Testamentiese verband begryp word. Teenoor ander begrippe 3) word "etnos" / "etné" die mees algemeen gebruik. In die

---

1) Hadas (1971, p. 125).

2) Vgl. Clarke, A. (s.j. Vol 4) Sien hier Jes. 51:4. "It is also to be observed that God in no other place calls his people Ieummi = my nation"; en verder: "the difference is very material, for in this case the address is made not to the Jews, but to the Gentiles as in all reason it ought to be".

3) Die begrip laos word onder die punt volk behandel. Glossa word as begrip weinig gebruik en beteken 'n linguistiese eenheid terwyl phulé 'n stam/sibbe eenheid beteken. Lg. twee en ander begrippe word buite rekening gelaat vir die doel van die studie. Vgl Coetzee, J.C. (1964, p. 57 e.v.).

enkelvoud word etnos as nasie op 'n neutrale wyse gebruik. Dit is egter in die meervoudsvorm dat dieselfde onderskeiding as dié in die Ou Testament (go'im") gehandhaaf word.

Etnos word volgens **J.C. Coetzee in die Nuwe Testament gebruik in 'n histories-etniese** verbondenheid. Histories-etnies moet verstaan word as die nasionale verbondenheid of nasionale eenheid. Dit sluit in die konkrete nasio-nale bestaan onderskeie maar soortgelyk as die ander nasies met 'n natuurlike algemene verbondenheid en samehorigheid 1). Minder klem word in 'n mate gelê op die afstammingsverband (ingebore word in die nasie) en die eie land.

Die begrip etné, nasies, het deel aan die bogenoemde eienskappe, naamlik die histories-etniese verbondenheid, afstamming en land. Ons vind by die begrip egter die godsdienstige konnotasie van die heiden-nasies teenoor die volk van God. Coetzee wys daarop dat dit 'n teenstelling is van gelowige (volk) teenoor ongelowige (nasies) 2).

Samevattend kan nou gesê word dat die begrip nasie(s) soos hierbo uiteengesit, die volgende komponente bevat:-

1. dat die nasie in 'n etniese verbondenheid van nasionaliteit aan mekaar verbind is op 'n natuurlike en konkrete wyse;
2. dat iemand in die nasie ingebore word en deur afstamming deel word van die nasie;
3. dat die nasie in 'n kultuurhistoriese verbondheid saamhoort (samehorigheid) deurdat die persoon wat in die nasie ingebore word van nature deel het aan die verloop van die kultuur van die nasie (tradisie);
4. dat die nasie hulle is wat in hul histories-etniese verbondenheid en hul kultuur teenoor die volk as Godsvolk staan;
5. dat die nasie aan 'n territoriale gebied as kultuurbodem verbonde is.

---

1) Coetzee, J.C. (1964, p. 42 e.v.). Nasionalisme word omskryf as "die natuurlike gevoel van verbondenheid met die volksgemeenskap, waarin iemand gebore is en waarmee iemand in die histories gegroeide staatkundige en kulturele tradisies gemeen is". Kyk Smitskamp (1960, p. 138-139).

2) Coetzee, J.C. (1964, p. 55).

Dit wil sê vanuit die gesigshoek van die Kultuurkunde besien, is 'n nasie hulle wat deur afstamming histories-etnies verbonde is en saamhoort tot die natuurlike kultuur soos beleef binne 'n territoriale gebied as kultuurbodem.

## 3.2 Volk

'n Volk word deurgaans gedefinieer in terme van kultuur. Dit is 'n besondere kultuurgemeenskap. Coetzee skaar hom met hierdie verklaring by die meeste volkekundiges 1). Die meeste wetenskaplikes onderskei dat volk 'n kulturele en nasie 'n politieke begrip is 2).

Botha konkludeer en omskryf volk aan die hand van die volgende: "'n Volk is 'n organiese gemeenskap met 'n eie geestelike-kultuur erfenis, 'n eie historiese lotsverbondenheid, 'n eie biologiese bloedverwantskap" 3). Hierdie definisie of omskrywing bevat die vier nodige komponente van organiese gemeenskap, geestelike kultuurerfenis, historiese lotsverbondenheid of volksbewussyn, en bloedverwantskap.

Die vraag, is egter watter kultuur? Diè van die heidennasies, die natuurlike wyse van lewens-indiensstelling om God en die naaste te haat of die Christelike kultuur om God en die naaste lief te hê, verlossingskultuur of verloste kultuur? Die wydlopigheid van sodanige omskrywing is eerder 'n etnologiese as 'n colologiese onderskeiding. Vir die begrip nasie gebruik Botha die omskrywing: "'n georganiseerde verband van mense uit verskillende volke of bevolkingsgroepe op dieselfde grondgebied binne dieselfde staat. Die nasie bestaan in terme van die staat wat as juridiese instansie sy bevoegdheid binne sekere territoriale grense uitoefen. Die landsgrense is meteens ook politieke grense en word deur die staat bepaal" 4).

Deur die nasie juridies te verbind, word geïmpliseer dat die nasie sou

1) Coetzee: Afrikaanse volkskultuur (1967, p. 2).

2) Coetzee: Afrikaanse volkskultuur (1967, p. 6). Vgl. Ned. Geref. Kerk : Ras, volk, nasie (1975, p. 6).

3) Botha, M.E.: Volksorg (1970, p. 25) haal Coetzee in hierdie verband aan.

4) Botha: Volksorg (1970, p. 26) verwys met instemming na Snyman se siening in hierdie verband.

Deur die nasie juridies te verbind, word geïmpliseer dat die nasie sou ophou bestaan indien die staat sou verdwyn. Empiries beskou, sou dit so wees. Indien staat hier etnologies en nie territoriaal gesien word nie. Wanneer staat as corpus sociale gesien word, betrek dit ook kultuur. Nasie het ook deel aan kultuur en nie net volk nie.

Coetzee weer, omskryf nasie as daardie deel van die bevolking wat die staat se grondgebied as vaderland en sy owerheid as politieke gesag aanvaar het, al sou hulle van uiteenlopende ras, taal, godsdiens, geskiedenis, kultuur, ensovoorts wees 1). Ook hier word nasie aan politieke gesag en grense verbind. Die feit dat Coetzee daarop wys dat die Kleurlinge en Indiërs se insluiting in 'n Suid-Afrikaanse nasie sterk betwis word, dui op die feit dat 'n nasie, soos 'n volk, selfs met beperkinge nie 'n "oop" eenheid is nie 2).

Volk is volgens Coetzee eerstens 'n kultuureenheid. 'n Gemeenskaplike taal is een van die sterkste bindingsfaktore en eenheidsimbole. Dit veronderstel 'n sterk kultureel en biologiese vergroeide eenheid met 'n basies gemeenskaplike kultuurpatroon 3). Met hierdie omskrywing kom Coetzee nader aan die wese van volk. Maar sou in hierdie definisie die begrip nasie nie net so maklik inpas as dit suiwer cologies gesien word nie? Dieselfde geld ook met betrekking tot die vraag: watter kultuur moet as "basies gemeenskaplike kultuurpatroon" aanvaar word? Die Christelike kultuur of die natuurlike kultuur? Die kulturele roepingsgestalte of vergestalting van die volk?

Die ad hoc studiekommissie van die N.G. Kerk oor rasse- en ekumenise vraagstukke, het as uitgangspunt 'n etnologiese definisie vir volk en nasie gebruik. Dit stem in wese ooreen met die reeds bespreekte omskrywinge of definisies. So is 'n bepaalde konnotasie verleen aan die inhoudelike van die begrippe wat verder in die verslag gebruik en toegepas is 4). "'n Volk is 'n bepaalde groep mense wat op grond van 'n gemeenskaplike kultuur as behorende tot 'n bepaalde groep

---

1) Coetzee: Bevolkingsvraagstukke (1969, p. 159).
2) Coetzee: Bevolkingsvraagstukke (1969, p. 159).
3) Coetzee: Bevolkingsvraagstukke (1969, p. 159).
4) Vgl. N.G. Kerk: Ras, volk ... (1975, p. 6).

geklassifiseer word, dit wil sê 'n groep mense wat onder meer dieselfde taal, gewoontes, algemene lewenswyse ensovoorts het" 1). Die term nasie word belaai met 'n staatkundige betekenis en dui 'n groep mense aan wat onder dieselfde gesag staan 2).

Dit wil voorkom asof in meeste van hierdie gevalle, daar van die empiriese benadering gebruik gemaak is in die bestudering van volk en nasie. Hierdie benadering bevredig egter nie. Myns insiens moet daar gesoek word na 'n meer normatiewe fundering van die begrip volk. Om die kulturele roepingsgestalte van die Afrikaner te kan bepaal, vra 'n meer normatiewe benadering. Dit laat geen ander keuse as om volk in die openbaringsmiddele as kenbron te fundeer nie.

Met die kultuurhistoriese agtergrond van die begrippe in ag genome, word die begrip volk benader soos nasie. Met ander woorde, die bekende Latynse terme soos "plebs, populus" en "vulgus" sal eers van nader besien word. Daarna kom die bybelse terminologie aan die beurt.

Die plebeërs was die laagste orde in die Romeinse klasseverskil. In die hoogste orde, was die "nobiles" (edeles) of "patricius" afgelei van die begrip "pater" wat vader beteken. Dit kan ook voorvaders of 'n eretitel vir gode of edellui wees. "Plebs" verwys na die "volk van die land". Dit word hier as politieke verdeling gesien. Die begrip "populus" beteken volk, menigte mense, die breë massa, die groot publiek. Die inwoners van 'n staat as politieke gemeenskap word as die soewereine of onafhanklike "populus" beskou 3). Van "populus" kom die begrip "populares" wat die populêre party of die politieke party van die volksmenigte aandui. Die "optimates" staan teenoor die politieke party van die aristokrasie 4). "Vulgus" daarenteen word afgelei van die werkwoord "vulgare", onder die menigte indra, gemeengoed maak. Dit beteken die gepeupel, die groot publiek. Met die vertaling van die bovermelde begrippe as <u>volk</u>, word daar nie op die kultuur van die volk gelet nie. Dit dui op die posisie van die publiek of

---

1) H.G. Kerk : Ras, volk ... (1975, p. 6).

2) H.G. Kerk : Ras, volk ... (1975, p. 6).

3) Hadas (1971, p. 79).

4) Hadas (1971, p. 79).

volksmenigte in die staatkundige opset en die politieke situasie in die Romeinse ryk. Gedagtig aan die gebruik van dié begrippe het volk wel 'n staatkundige opset in die politieke situasie in die Romeinse ryk. So het volk wel 'n staatkundige en juridiese betekenis.

In Bybelse sin word die begrip volk in die Ou Testament afgelei van die woord wat in sy oorsprong beteken, staanplek inneem, leun teen. Die woord "'am" (volk) het die etniese verduideliking of betekenis van "die mense tot wie iemand behoort". Dit kan ook slaan op 'n deel van die volk, die oorblyfsel, en sluit nie die ganse volk in nie. "'Am" hou in die Ou Testament ten nouste verband met die volk Israel. Die politieke sisteem, onder die volk Israel, was geen doelmatige stelsel nie. Dit was van geen permanente waarde by volkswording nie. Op godsdienstige gebied was dit die gevoel van verwantstkap deur die gemeenskaplike geloof in Jahwe, wat die volkswording bepaal 1). By die volkswording van die volk van Israel het die oorspronklike betekenis van 'n gemeenskap van bloedverwante nie verlore gegaan nie. Israel het sy volksbestaan aan God te danke. Ten eerste, roep God deur Sy verkiesing die stamvader Abraham met die belofte van volkswording. Die roeping word bevestig deur die Verbond van God met Abraham as mens. Dit is geen contract social nie. Die onderlinge verbondenheid van die volk met mekaar is 'n kultuur-verbondenheid van Jahwe-vereerders. Die bloedverwantskap of etniese verbondenheid word nie misken nie, maar die onderlinge kultuur-verband (verbond) met God is die bindende van die volksbestaan.

Die kultuur-verband (verbond) bepaal ook die historiese verbondenheid en toekomsverwagting van die volk. Om deel te word van die volk, as persoon buite die 2) bloedverwantskap, geskied deur adopsie in die volk in. Met "naam en bloed" word hy deel van die volk deur die stamvader as sy eie te beskou.

Die persoon word in-gebore-in om aan die histories-etniese verbondenheid en aan die kulturele-verbondenheid van die volk deel te verkry.

---

1) De Vaux (1961, p. 24).

2) Vriezen (1966, p. 403-404).

Waar die begrip in verband met ander nasies gebruik word, geskied dit in verband met die een of ander afgod (idool) van die betrokke nasie en word Moab die volk van Kamos genoem (Num 21:29). Volk dui in beginsel 'n kulturele verbondenheid, met ander woorde, 'n bepaalde verhouding tot God aan. Die roeping van die stamvader van die volk Israel en sluiting van die verbond, maak hulle 'n verbonde volk. As verbondsvolk word hulle die besondere draers van die Godgegewe kultuur, naamlik die Jahwe-verering. So is Israel as volk, Godsvolk. Die kultuursituasie waarin Israel as volk verkeer, is dié van 'n konfrontasie met die relatiewe eenheidskultuur van die nasies rondom hulle 1).

Teen die agtergrond van die Ou Testamentiese kultuursituasie, gaan dieselfde betekenis van volk in die Nuwe Testament in die begrip "laos", volk oor 2).

Tot en met die gedwonge erkenning van Petrus "Ek sien waarlik dat God geen aannemer van die persoon is nie, maar dat in elke nasie die een wat Hom vrees en geregtigheid doen, Hom welgevallig is" (My kursv. - C.L.J.) (Hand. 10: 34-35). Is die begrip volk as Godsvolk net met Israel in sy histories-etniese bestaan vereenselwig? Met hierdie uitdrukking van God se verkiesende genade, word die eksklusiewe gebruik van die begrip volk, verander. Nie meer die nasio-nale Israel is Godsvolk nie. Almal uit nasies wat glo, is Godsvolk, dit wil sê, Israel is volk, in die betekenis van Godsvolk, slegs in sy gelowiges; die wat God vrees. Die nasie het in sy gelowiges deel aan die volk, as Godsvolk 3).

Die begrip volk dui húlle aan wat deur die geloof in Jesus Christus vanuit die nasie tot die volk gevoeg word. Die aanvaarding van die heilsorde wat inhou verkiesing, roeping, wedergeboorte, bekering, ja, die geregtigheid uit God word nou die skeidsmuur tussen nasie en volk.

Soos iemand in die nasie ingebore word, moet iemand weer in die volk

---

1) Vgl. N.G. Kerk: Ras, volk ... (1975, p. 19).
2) N.G. Kerk: Handelinge (1974, p. 223).
3) Coetzee, J.C. (1964, p. 305 e.v.).

van Bo gebore (wedergebore) word 1). Hierdie wedergeboorte hef nie die natuurlike geboorte op nie. Dit bring 'n verandering in die konsepsiewêreld en dan in besonder in die Godsbegrip te weeg. Die verandering in die godsbegrip bring te weeg 'n omkeer of gemoedsverandering (wortelbekering). Hierdie verandering, wat die denke insluit, word uitwendig in die lewe openbaar gemaak. Die openbaarmaking van hierdie verandering is die sigbare verskil tussen die kultuur, as lewensetos, van die volk en dié van die nasie.

Die histories-etniese verbondenheid van die volk is nie alleen eskatologies van aard nie, maar is reeds konkreet teenwoordig 2). Die verskil tussen nasie en volk is die kultuur, hoewel die histories-etniese verbondenheid bly voortbestaan. So sal die ooreenkomste ten opsigte van taal, huidkleur, gelaatstrekke, en dies meer tussen 'n lid van die volk en 'n lid van die nasie opsigtelik ooreenkom. Die lewensetos sal die verskil tussen die twee lede aandui. Hulle sal in dieselfde land as kultuurbodem woon, deel hê aan dieselfde historiese gebeure, maar in die belewing van die alledaagse gebeure, sal die kulturele vergestalting die verskil aandui tussen volk en nasie. Met ander woorde, dit is 'n kulturele skeiding tussen die nasie en volk, dit wil sê 'n verlossings en verloste skeiding.

Samevattend kan gesê word dat die begrip volk(e) soos hierbo uiteengesit, die volgende komponente bevat:-

1. dat iemand in die volk van Bo ingebore word en in sy afstamming deel word van die volk;
2. dat die volk in 'n etniese verbondenheid van nasionaliteit aan mekaar verbind is op 'n kultureel-konkrete wyse;
3. dat die volk in 'n kultuurhistoriese verbondenheid saamhoort (samehorigheid) deurdat die persoon wat van Bo ingebore word, deel mag verkry aan die verloop van die kultuur van die volk (tradisie);

---

1) Vgl. Joh. 3:3 : gennēthē anōthen = gebore van bo af.

2) Coetzee, J.C. (1964, p. 10, 12, 20).

4. dat die volk hulle is wat as deel van die Godsvolk in hul histories-etniese verbondenheid en in hul verloste kultuur teenoor die nasie in sy verlossingskultuur staan;
5. dat die volk aan 'n territoriale gebied as kultuurbodem gebonde is.

Dit wil sê, vanuit die gesigshoek van die Kultuurkunde gesien, is 'n volk hulle wat deur wedergeboorte en bekering in hul afstamming en histories-etniese verbondenheid saamhoort tot die verloste kultuur van die Godsvolk binne 'n territoriale gebied as kultuurbodem.

### 3.3 *Volk as Godsvolk*

Soveel nasies, soveel volke. Op die oog af, blyk dit 'n verskeidenheid van volke te wees wat geen verband met mekaar het nie. Indien die beginsel toegepas word, dat binne elke nasie of nasio-nale verband die volk sigbaar teenwoordig is, moet die verskeidenheid van volke erken word. Maar ook die universaliteit van die volk as Godsvolk.

Die aard van die universaliteit van die volk lê daarin dat dit die volk van God is. Die Godsvolk is universeel deurdat alle nasies in hul gelowiges in die Godsvolk verteenwoordig is. Die verteenwoordiging impliseer dat 'n persoon nie uit die nasie tree om deel te wees van die Godsvolk nie. Deurdat iemand van Bo gebore is en verander word deur die Heilige Gees, bepaal dat binne die histories-etniese verband van elke nasie, God sy uitverkorenes het. Dit is nie die lidmaatskap aan die volk wat die uitverkorenheid bewerk nie. Dit is die reddende geloof in God wat die lidmaatskap van die volk bevestig.

Die universaliteit van die Godsvolk, waaraan al die nasies deel het in hul gelowiges, hef nie die verskille op nie. So bly taal, tradisie, gewoontes en gebruike en dies meer verskillend. Die eenheid tussen die volke, soos histories-etnies aan die nasies verbonde, is daarin geleë dat hulle deur dieselfde geloof, hoop, liefde, kom tot Een eenvoudige geestelike wese wat hulle God noem. Dit wil sê deur die verlossingswerk van Jesus Christus en gedring deur dieselfde Gees om tot die Vader te kom. Deur "naam en bloed" word die eenheid verseël deur die Gees en die waterbad van die doop (verbond).

'n Verdere aanduiding van die bestaan van hierdie universele Godsvolk

is die universele belydenis van die Christenmense onder alle nasies en tale. Van God se kant dus bestaan hierdie universele Godsvolk onder alle nasies. 'n Volk wat as eiendom verkry is en as liggaam van Sy Seun lewend-organies in die tyd handelend teenwoordig is.

Wanneer van God en Godsvolk gepraat word, moet noodwendig aan die toekoms gedink word. Elke kultuur is toekomsgerig en stuur af op 'n bepaalde eindbestemming. Hierdie beeld is gebaseer op die geloof in 'n bepaalde toekomsverwagting. Die kulturele toekomsverwagting van die gelowiges, die Godsvolk, is eskatologies bepaal. Sy kultuur stuur op die eskatologiese eindbestemming af. Die kulturele toekomsverwagting van die ongelowiges, die inter-nasies / kosmo-poli(s)ete, is utopisties van aard.

Dit sou onvolledig wees om nie die eskatopiese toekomsbeeld van die panenteïsme te noem nie. Hierdie toekomsverwagting lê tussen die reeds genoemdes en word soms vir beide verwar 1). Die kulturele toekomsverwagting van die Godsvolk behels dat hulle deur God self uitgeroep of uit die nasies verlos word en in die Nuwe Jerusalem ingelei sal word. Hierin sal die gelowiges die eer en heerlikheid, kultuur, van die nasies inbring 2).

Die kulturele toekomsverwagting verskil van kultuur tot kultuur soos gedomineer deur die onderskeie gods- of afgodsbegrippe. Tradisioneel is die godsbegrip van die Godsvolk teosentries. Die verbondenheid van die volk, as Godsvolk, aan God eis die oorlewering van die kultuur volgens sy doop-verbintenis. In die beantwoording van die vraag by die doopsformulier "om te onderrig en te laat onderrig" verbind die volksgenote hulle aan die bepaalde tradisie.

Tradisie word afgelei van die Latynse werkwoord "tradere", om oor te gee in iemand se sorg. "Traditio" om oor te gee deur middel van woorde, word deur die Kerkvaders verstaan as die oorlewering van die openbaring van God aan die getroues, die gelowiges, by monde van die profete en apostels.

---

1) Die begrip <u>eskatopie</u> is deur die skrywer vir die eerste keer in 1965 in 'n referaat gebruik. Dit dui 'n vermenging van die eskatologiese en utopistiese kulturele toekomsverwagting aan. Dit is opvallend sigbaar by veral die chiliasme as kultuurstroming. Vgl. Venter: Versoringswetenskap (1966, p. 96).

2) Vgl. Hendriksen (1949, p.250); Greijdanus : Openbaring (1965, p.318); Schilder : Openbaring (1951, p. 311)

Hierdie Christelike tradisie is dit wat in die volksetos voortgedra word deur die volk as Godsvolk. Christelike tradisie kan omskryf word as die mondelinge en handelende oorlewering van die volkskultuur van geslag tot geslag (om versorg te word) soos bepaal deur die konsepsiewêreld en die daardeurbepaalde toekomsverwagting, naamlik die eskatologie 1).

Kortliks kan verklaar word dat elke nasie in sy histories-etniese verbondenheid die volk in sy midde het. Die volke uit al die nasies vorm universeel die Godsvolk, maar bly onderskei van mekaar, deur taal, gewoontes, en dies meer. As lewende organisme stuur die kultuur van die Godsvolk af op 'n eskatologiese toekomsverwagting. Dié is te onderskei van dié van die inter-nasie, naamlik die utopistiese of eskatopiese. Dit is in die gehoorsame antwoord op die doopbelofte dat die Christelike tradisie in die volksetos voortgedra word en deur die volkskultuur as verloste kultuur vergestalt word.

---

1) Vgl. volksoorlewering by Botha : Metavrae (1971, p. 247).

## DEEL II : ROEPINGSGESTALTE

### 1. Die volkskultuur van die Godsvolk

Dit is die amptelike roeping van die Godsvolk om die volkskultuur oor te dra. Die volkskultuur is meer as net die geestelike en materiële kultuurprodukte van die volk. Volkskultuur is ook meer as net die samevoeging van die begrippe, volk en kultuur.

Die volkskultuur van die volk as Godsvolk word vergestalt onder andere in en deur die volksidentiteit en volkskarakter. Dit is in die twee genoemde komponente dat die kenmerke van die Godsvolk hulself in die kultuur of lewensetos vergestalt.

#### 1.1 Volkskultuur

Kultuur is die openbaarmaking van die kennis of die gebrek aan die kennis van die openbaringe van God 1). Met hierdie omskrywing word die handelinge van die mens, soos gerig deur 'n dominante godsbegrip, gedefinieer. Deur die godsbegrip en afgodsbegrip word die wesentlike verskil in die kultuur van die volk en nasie bepaal. So verskil die volk(s)-kultuur wat verloste kultuur is van die natuurlike kultuur van die nasie of die nasio-nale-kultuur wat verlossingskultuur is 2). Die amptelike roeping van die volk is om draers te wees van die verloste kultuur. Hierdie Godgegewe roeping lê op die volk 'n verantwoordelikheid tot die gehoorsame uitvoering van die kultuuropdrag. Die kultuuropdrag impliseer 'n sigbare vergestalting van die roepingsgestalte van die volk. Hierdie vergestalting deur die volk, geskied deur die lewensetos van die volk. Die lewensetos van die volk het as vergestaltingstuig - dit wat die lewensetos dra - die volkskarakter en volksidentiteit.

Reeds die gehoorsame antwoord van die volk op die kulturele roeping van

---

1) Vgl. Deel I, p. 15

2) Met volkskultuur of christelike kultuur word verloste kultuur, en met nasio-nale kultuur of natuurlike kultuur word verlossingskultuur veronderstel.

van God, bepaal die volkskultuur. Uit bogenoemde word gekonkludeer dat volkskultuur omskryf kan word as die gehoorsame openbaarmaking van die kennis van die openbaring van God.

Hierdie omskrywing kan egter verder uitgebou word om die verhouding teenoor die nasie en die kultuurbodem in te sluit. Die volkskultuur kan dus omskryf word as die gehoorsame openbaarmaking van die kennis van die openbaringe van God teenoor die nasie binne 'n bepaalde kultuurbodem.

Teenoor bogenoemde, staan die natuurlike kultuur of nasio-nale-kultuur. Waar die nasie hulle is wat "alhoewel hulle God geken het, Hom nie as God verheerlik .... het nie" 1), sal hul kultuur ook anders vergestalt word. Hierdie vergestalting geskied ook deur hul karakter en identiteit. Die kultuur van die nasie, kan na aanleiding van die volkskultuur as volg omskryf word, naamlik die nasio(nale)-kultuur is die ongehoorsame openbaarmaking van gebrek aan die kennis van die openbaringe van God teenoor die volk binne dieselfde kultuurbodem.

Dit is reeds in en deur die volkskultuur dat die volksidentiteit en volkskarakter na vore tree.

## 1.2 Volksidentiteit

Volkskarakter en volksidentiteit word hoofsaaklik as sinoniem beskou.

Volksidentiteit word deur sommige folkloriste beskou as die noemer van die karakteristieke kenmerke van 'n gemeenskap 2).

Die gemeenskaplike kenmerke is dié wat deur almal van dieselfde bevolking of nasie vertoon word.

In die veelvuldige gebruik van die term identiteit, in die psigologie en psigiatrie, het dit betekenis van gemeenskaplikheid behou. Identiteit sluit vir sommige in die konstante of kontinue faktore van die

---

1) Rom. 1:21 e.v.

2) Vgl Looyens (s.j., p. 1).

totaal van iemand se rolvervulling in die gemeenskap 1).

Nie een van die genoemde uitgangspunte bevredig nie. Die uitgangspunt van die studie eis die verklaring van identiteit binne die raamwerk van die volkskultuur. Die volksidentiteit moet in verhouding tot die volk en sy kultuur gesien word.

Met die begrip "kulturele identiteit" word nader aan die gedagte van volksidentiteit beweeg. Corspronklik beteken die begrip identiteit, om gelyk te wees aan iets; eenselwigheid; eendersheid. As voorbeeld van identies, word identiese tweeling genoem. Die inhoudelike bly egter gelyk wees aan iets of eendersheid. Eendersheid impliseer ook andersheid. Identiteit impliseer diversiteit. Met kulturele identiteit word veronderstel dat iets "dieselfde" binne verskillende omstandighede sal bly. Die kulturele eendersheid bly met ander woorde dieselfde onder verskillende omstandighede. Kulturele eendersheid impliseer dat dit wat "dieselfde" bly, gelyk moet bly of wees aan dit wat 'n konstante faktor is. Kulturele andersheid impliseer dat dit wat "dieselfde" moet bly, nie gelyk is nie.

Die volksidentiteit as kulturele identiteit, het as uitgangspunt die volkskultuur. Soos die godsbegrip die verskil tussen die volkskultuur en die nasio-nale kultuur bepaal, so bepaal die volkskultuur die eendersheid en andersheid van die kulturele identiteit.

Die kulturele eendersheid in die volksidentiteit veronderstel dat die volk hul vereenselwig met die Godsvolk. Deurdat die volk hulself sien as deel van die Godsvolk, identifiseer hulle hulself met die Godsvolk in die universele sowel as lokale verbondenheid. Die teosentriese godsbegrip as kultuur-dominant, saam met die geloofsbelydenis, bepaal die eendersheid van die volksidentiteit. Die eendersheid van die volksidentiteit kom daarop neer dat die volk na binne dieselfde moet wees. Die volksidentiteit is daarom deel van die kulturele roepingsgestalte.

Die kulturele eendersheid van die volk veronderstel verder dat die

---

1) Booyens (s.j., p. 1).

enkeling homself vereenselwig met die volk. Die deelname aan die volk deur die enkeling maak hom deel van die eendersheid in die volksidentiteit. Hierdie deelname aan die volksidentiteit, maak hom draer en vergestalter van die volkskultuur.

Kortliks is die volksidentiteit die eendersheid van en die vereenselwiging met die Godsvolk waardeur die volksgenoot draer en vergestalter is van die volkskultuur.

Die andersheid van die volksidentiteit is meer as net die andersheid van karakteristieke kenmerke. Die andersheid van die volkskultuur teenoor die nasio-nale kultuur van die nasie word vergestalt deur die identiteit van die volk. Die andersheid is daarin geleë dat die kultuurdominant, die godsbegrip, verskil van die afgodsbegrip van die konsepsiewêreld van die nasio-nale kultuur van die nasie.

Die andersheid van die volksidentiteit vra erkenning dat die kulturele eindbestemming van die volk verskil van dié van die nasie. Die andersheid van die volksidentiteit word gehandhaaf ook in die kulturele eindbestemming. Waar die kulturele toekomsverwagting van die volk eskatologies van aard is, beteken dit dat die volksidentiteit ook daarin 'n andersheid vertoon.

Hiermee word nie te kenne gegee dat die volk asketies teenoor die nasie staan nie. Die kulturele roepingsbewustheid van die volk sluit ook die nasie in. Die erkenning van die andersheid van die volksidentiteit is die aanvaarding van die volk se verbondenheid aan mekaar teenoor die nasie se los-band-igheid. Met ander woorde diegene buite die volk kan nie die volksidentiteit vertoon nie. Al sou hy dieselfde taal praat, in dieselfde land woon, het die band (verbond-enheid) met die volk losgeraak. So word 'n kulturele andersheid teenoor die volk se kulturele enersheid in die volksidentiteit vertoon. Die vereenselwiging van diegene buite die volk, met die kulturele roeping en kulturele eindbestemming van die volk, ontbreek. Daarom verskil die identiteite dan ook merkbaar van mekaar.

Kortliks is die andersheid van die volksidentiteit die aanvaarding van die wesensverskille in die roepingsgestalte van volk en nasie. Dit is ook die erkenning van die fundamentele verskil tussen die volkskultuur en die nasionale kultuur of natuurlike kultuur van die nasie. Die kulturele roeping eis die behoud van die volksidentiteit teenoor die

identiteit van die nasie.

## 1.3. <u>Volkskarakter</u>

Deur die volkskarakter word die stempel van die volksidentiteit afgedruk. Die volkskarakter moet die persoonlike of eie aard van die volk vertoon. Om dan die volksidentiteit verder te ontleed, word die karakteristieke kenmerke van <u>die volk</u> na vore gebring.

Die begrip karakter word in die omgang in 'n sielkundige kader gebruik. In dié sin het karakter te make met die kern van die persoonlikheid. Dit het betrekking op <u>die self.</u> In dié sin, dui karakter die eie verantwoordelikheid en waardebepalings aan. Daaruit vloei bepaalde houdings en gedragsposisies voort. Karakter het te make met die eie-aard van die persoon.

Die kultuurhistoriese fundering van die begrip, is in die gedagte van inkerwing, merkteken en stempel geleë 1). Die tipiese styl of vorm van 'n kunswerk is die karakter daarvan. Dit is in die verhouding tot volk dat karakter as volksaard omskryf word. Om die volkskarakter te tipeer, is om die volk se eie-aard aan te dui.

Kortliks moet daar egter gelet word op die erkende begrippe "nasionale karakter" met betrekking tot volkskarakter of volksaard.

Duijker en andere wys daarop dat die begrip "nasionale karakter" dubbelsinnig is. Die begrip word in die psigologiese sin gebruik. Karakter is "nasionaal" met betrekking tot nasie in so verre as wat dit 'n (nasionale) kollektiwiteit aandui. Dit wil sê die nasio-nale eenheid in so verre as wat die indiwidue geen inter-indiwiduele verskille toon nie, maar 'n inter-indiwiduele kollektiwiteit 2). Die

---

1) Latyn: Character;
Grieks: Charactér;
Charassoo = slyp, graveer, stempel.

2) Duijker en Frijda (1960, p. 22): "The emphasis on the collectivity is prominent in many of the older publications about 'volksgeist', 'collective soul'". Vir die doel van hierdie studie word die begrip 'volksgeist' nie gebruik nie. 'Volksgeist' gee nie dieselfde as volkskarakter weer nie.

begrip "nasionale karakter" is nie bruikbaar vir die studie nie.

Onder "nasionale" karakter word die karakteristieke kenmerke van die nasie as geheel verstaan. So byvoorbeeld kan gesê word dat die Franse romanties is en die Suid-Afrikaners emosioneel. Sodoende lê daar 'n swaar beperking op die begrip "nasionale karakter." Die gebruik van die begrip met betrekking tot volkskultuur en volkskarakter is onbevredigend weens die beperking van hierdie dubbelsinnigheid 1).

Die term "kulturele karakter" dra die betekenis van 'n karakter gevorm deur 'n bepaalde kultuur. Dit is die karakter van die indiwidu sowel as die van die volk. So word verskille en ooreenkomste in die karakter van indiwidu of volk gedetermineer deur kulturele beïnvloeding en bevrugting 2). So gesien is die "kulturele karakter" daardie gelykvormighede wat na vore kom veral gedurende die versosialiseringsprosesse binne 'n bepaalde kulturele milieu.

Hier kan met Duijker saamgestem word dat die karakteristieke kenmerke van die volk gedetermineer word deur die volkskultuur. Die gedagte van "vorming" van die volkskarakter deur die proses van gelykskakeling of versosialisering, is eensydig.

Gedurende die "vorming" of "wording" van die volkskarakter vind 'n proses van beïnvloeding en bevrugting plaas. Die proses van beïnvloeding is negatief van aard. Die resultaat van sodanige proses is die versterking van die negatiewe vergestalting van die kulturele karakter. Die proses van bevrugting is positief van aard. Bevrugting lewer as resultaat in die vergestalting van die kulturele karakter die potensiaal van ontkieming, ontplooiing, groei, vitaliteit, met ander woorde, <u>LEWE</u>. Die proses van bevrugting laat dié kenmerke wat embrionaal teenwoordig is, ontkiem en groei tot die vergestalting van die ware kulturele karakter.

Daar is nie slegs die negatiewe element in die vergestalting van die volkskarakter nie. Daar is ook die positiewe van bevrugting. Die volkskarakter is die resultaat van die bevrugte volkskultuur. Die

---

1) Vgl. Duijker en Frijda (1960, p. 28).

2) Vgl. Duijker en Frijda (1960, p. 28).

volkskarakter is die geestelike vrug van die volkskultuur.

Die volkskarakter is die amptelike stempel of merkteken van die volk as deel van die Godsvolk. Die geestelike vrug van die bevrugte kultuur kom sigbaar na vore in die karakter van die ampsdraende volk van die Koning, die Kurios.

Die karakteristieke kenmerke van die volk as Godsvolk kan basies in drie groepe verdeel word:-

1. Die kenmerke wat 'n geestelike hoedanigheid vertoon;
2. die kenmerke wat verhoudinge bepaal selfs teenoor hulle wat nie aan die eie volk behoort nie;
3. die kenmerke wat gedragshoudinge teenoor die self, dit wil sê, die etos, bepaal.

Die karakteristieke kenmerke dui die veelsydigheid van die volkskarakter aan, maar dit is wesenlik een en dieselfde karakter. Waar dit gaan om die volk en die volkskultuur, soos hierbo uiteengesit, is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing, as vrug van die Gees, die onmiskenbare karaktertrekke van die volk van God 1). Die aansporing om hierdie kenmerke van die karakter te vertoon, is deur Christus self gegee. Uit dankbaarheid teenoor Hom beklee gelowiges hul optrede of handeling met hierdie kenmerke 2).

Van naderby besien, vertoon die drie groepe die volgende kenmerke.

Die geestelike hoedanigheid van die volkskarakter word getipeer met die begrippe liefde, blydskap of vreugde en vrede.

Die bepalende is die liefde wat insluit die liefde van God vir die volk. Die het Hy gekies en geskep as voorwerp van Sy onbeperkte welwillendheid. Hierdie liefde eis die liefde van die mens vir God in gehoorsame lewensindiensstelling. Gefundeer in hierdie liefde kry die volksliefde en liefde vir die kultuurbodem, vaderlandsliefde, 'n

---

1) Hendriksen : Galatians (1968, p. 223 -225); Guthrie & Motyer (1970, p. 1103); Greijdanus : Galaten (1953, p. 145-146).
2) Hendriksen : Galatians (1968, p. 225).

ware diepte en betekenis 1).

So word die volk se kulturele eiendomlike dit wat uit liefde vir God gekoester word. In hierdie handeling van versorging, word die eer en heerlikheid van God deur die volk aan die nasie vertoon. Dit is die onoorwinlike weldadigheid van die volkskultuur.

Blydskap of vreugde is daardie kenmerk van die volkskarakter waarvan God self die fondament is 2). Dit hou in die vreugde of blydskap wat ondervind word by die diepe onderlinge verbondenheid van die lede van die volk.

Blydskap of vreugde word beleef in die kulturele verwagtinge van die volk, selfs onder moeilike omstandighede 3). Die herstel en groei van die volkskultuur bring hierdie kenmerk sterker na vore, aangesien daarin roepingsvervulling ervaar word.

Vrede of kalmte van gees is daardie kenmerk wat berus in die gedagte van "instrument wees in God se hand". Dié geestelike hoedanigheid is alleen vir die volk moontlik. Hierdie kenmerk van die volkskarakter is gefundeer in die aanvaarding van(sonde), vergifnis, vrede met en in God. Die kenmerk van vrede of kalmte van gees is die dinamiek van die volkskarakter wat streef na die behoud van die volkseenheid 4). So is vrede ook die verbindingskakel tussen die eerste en tweede groep.

Die kenmerk van lankmoedigheid, vriendelikheid en goedheid het te make met die onderlinge verhoudinge van die volksgenote. Dit impliseer egter ook verhouding van die volk teenoor dié wat nie aan die bepaalde volk behoort nie.

Lankmoedigheid of onwrikbaarheid is die kenmerk van geduld. Hierdie

---

1) Vgl. Coetzee, J.C. (1964, p. 341).

2) Vgl. Barclay: Galatians (1966, p. 55) asook sy Flesh and spirit (1965, p. 77).

3) Vgl. Barclay: Flesh & Spirit (1965, p. 80).

4) Vgl. Hendriksen: Galatians (1968, p. 224).

geduld dui op die weerhouding van die gewraakte handeling van die volk teenoor hulle wat die volk bedreig of selfs molesteer. Lankmoedigheid of onwrikbaarheid is daardie kenmerk wat ten nouste afhang van die geloof in God as Onderhouer en Voorsiener.

Vriendelikheid is goed(aard)igheid wat in werklikheid minsaamheid en flinkheid insluit. Die volkskarakter vertoon hierdie kenmerk deur gasvryheid en hulpvaardigheid. In die verhouding tot ander, dra dit die goedhartigheid van hart en handel van die volk oor. Wanneer die begrip teregwysing, getemper deur die liefde vir die medemens hierby ingesluit word, is dit gerig op die openbare lewe. Die kenmerk van goedheid in die volkskarakter kom tot uiting in die openbare omgang met volksgenote en nie-volksgenote.

Kenmerke van die volkskarakter wat die gedragshouding teenoor die self of die eie bepaal, is dié van getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing.

Die getrouheid van die lid van die volk word vertoon in die getrouheid aan Woord en lewenswandel, leer en lewe. Die wesenlike betekenis van lojaliteit aan God en volk word hierdeur onderskryf. Deur geloof, word vertroue in God en getrouheid aan die volk versterk.

Verdraagsaamheid teenoor ander en teenoor mekaar is die beginsel van sagmoedigheid. Sagmoedigheid as kenmerk van die volkskarakter is aan die onderworpenheid van Gods wil en die leiding van Sy Gees verbind. So word die begrip sagmoedigheid met die betekenis van getem wees, onder kontrak bring, gevul. Onderworpenheid impliseer nie gedwee verslawing nie. Inteendeel dit is die bereidheid om die goeie aan te leer en konsidirerend teenoor ander op te tree.

Die noue verbintenis tussen volkskarakter en volkskultuur lê in die kenmerk van selfbeheersing. Dit is die verhouding van die self teenoor die eie. Self-beheersing het as doel die onderwerping van die eie sondige natuur. Dit is die versorging van die hele mens. Dit is wesensdeel van die volkskultuur om self-beheersd te handel 1).

---

1) Vgl. Barclay: Galatians (1966, p. 54-57) asook sy Flesh & Spirit (1965, p. 63-127). Kyk ook Greijdanus: Galaten (1953, p. 145-146), en Hendriksen: Galatians (1968, p. 223-225).

Die volkskarakter behoort bogenoemde kenmerke te vertoon. Hierdie karakteristieke kenmerke kom teenoor die karaktertrekke van die nasie te staan. Dit is in die proses van beïnvloeding en bevrugting dat die kultuurkrisis ontstaan. Die prosesse geskied wanneer die karaktertrekke van volk en nasie vermeng of vervleg raak. Deur die volkskarakter werk die volkskultuur op die natuurlike kultuur van die nasie bevrugtend in. Hierdie bevrugting word deur die beïnvloeding van die volkskultuur deur die natuurlike kultuur van die nasie weerstaan. In hierdie krisissituasie word die volkskarakter se kenmerke aangetas. Die gevolg hier is die onduidelike volkskarakter as beeld van die volksidentiteit. So word die vergestalting van die roepingsgestalte van die volkskultuur vervaag.

Die behoud van die volkskarakter is in die beheersingskomponent van die volkskultuur geleë. Hoe sterker die beheersingskomponente van die volkskultuur na vore kom, des te sterker en helderder word die volkskarakter as beeld van die volksidentiteit. Hoe sterker die kenmerke van die volkskarakter vertoon, des te sterker die dinamiek van die bevrugting van die natuurlike kultuur deur die volkskultuur. Hoe sterker die proses van bevrugting plaasvind, des te duideliker en meer sigbaar word die roepingsgestalte vergestalt.

In die werklikheid word by verskeie volke sekere kenmerke as oorheersende karaktertrekke aangestref. So byvoorbeeld is by die Christen-Afrikaner of Christen-Duitser, en dies meer, sekere graadverskille met betrekking tot die wesenskenmerke van die volkskarakter teenwoordig. Die betrokke graadverskille of meer sigbare karakteristieke kenmerke kan in die fundamentele kenmerke van die volkskarakter gefundeer word. Met ander woorde, ten spyte van die kultuurkrisis, behoort die onderskeie volkere in beginsel dieselfde kenmerke van die volkskarakter te vertoon as beeld van die universele volkseenheid, en as vergestalting van die volkskultuur.

## 2. Samevatting

Die volk as Godsvolk is geroepe om die volkskultuur oor te dra. Die volk in hul histories-etniese verbondenheid dra die volkskultuur binne en op 'n bepaalde kultuurbodem oor. Die volkskultuur eis van die volk 'n sigbare vergestalting van die kulturele roepingsgestalte.

Die volksidentiteit is die bemiddelingstuig waardeur en waarin die volkskultuur sigbaar vergestalt word. Die eendersheid in die volksidentiteit omskryf reeds daardie komponente en fasette van die volkskultuur wat binne die volksetos dieselfde gebly het. Die andersheid van die volksidentiteit impliseer dat die volkskultuur in wese en prinsipieel verskil van die kultuur van die nie-volk of nasie.

Die sigbare vergestalting van die kulturele andersheid geskied deur middel van die kulturele karakter. Die volkskarakter is die stempel waardeur die volkskultuur **op die werklikheid afgedruk word.** Die volkskarakter vertoon die kenmerke van die volk wat in die verhoudinge tot God, tot die medemens en tot die eie, die kulturele andersheid vergestalt.

Die roepingsvergestalting van die volk se gestalte geskied teenoor en te midde van die nasionale kultuur en identiteit van die nasie.

Die kulturele roeping van die volk vereis dat die volkskultuur deur die kulturele eendersheid en andersheid die karaktertrekke van die Godsvolk teenoor dié van die nasie vertoon.

3. Die kulturele roepingsgestalte van die volk

Die kulturele roepingsgestalte van die volk is die denkbeeld wat betrekking het op die geheel van die volkskultuur, volkskarakter en volksidentiteit. Die kulturele roepingsgestalte is ten nouste verbonde aan die kulturele eindbestemming van die volk. Die kulturele toekomsverwagting van die volk kan as eskatologies omskryf word.

Die eskatologiese toekomsverwagting van die Godsvolk is die kulturele eindbestemming van die roepingsgestalte. Die kulturele roepingsgestalte van die Godsvolk sal in die eindbestemming die ryke verskeidenheid van al die tale, stamme en nasies verteenwoordig. Daarbenewens is die roepingsgestalte gebonde aan die kultuurbodem. Die kultuurbodem waarop die roepingsvergestalting geskied, is die kulturele eiendomlike van 'n volk. Verder is die roepingsgestalte kultuurhistories verbind aan 'n bepaalde volk,byvoorbeeld die Afrikanervolk.

Die doel van hierdie studie is, in hooftrekke, om te bepaal watter roepingsgestalte aan die Afrikanervolk eie is. Dit vereis weereens 'n prinsipiële fundering.

Enkele vrae kan egter eers gestel word. Is die roepingsgestalte van die Afrikaner meer as net 'n lewens- en wêreldbeskouing? Kan hierdie roepingsgestalte bloot omskryf word met Calvinisme? Word daarmee alles ingesluit wat onder "Calvinisme" verstaan word? Watter godsbegrip, beskouinge en beelde werk mee in die daarstelling van die roepingsgestalte van die Afrikaner?

Hoewel die begrip, Gereformeerde Protestantisme, 'n versamelnaam is vir die kerke van die Reformasie 1) sluit dit die volke, wat kultuurhistories die voedingsbodem vir die Afrikaanse volkskultuur was, in 2). Dit is die godsbegrip, belydenis, lewensbeskouing, wêreldbeskouing en wêreldbeelde van die Gereformeerde Protestantisme wat meegewerk het tot 'n eie gereformeerde roepingsgestalte vir die Afrikaner. Die gereformeerde roepingsgestalte word hier ondersoek om te probeer bepaal of die Afrikaner in sy vergestalting die godgegewe, gereformeerde roepingsgestalte vertoon. Die gereformeerde roepingsgestalte weer kan slegs gekonstrueer word teen die kultuurhistoriese dekor van die volkskulture

---

1) Die Lutherse en Doperse rigtings word hierby uitgesluit.

2) Vir die kultuurhistoriese wortels, kyk verderaan in hierdie studie na p. 110.

wat in hul belydenis 'n Christelik gereformeerde stempel vertoon 1).

Die begrip, Calvinisties, het in sy kultuurhistoriese verbintenis en ontwikkeling uit die gereformeerde geloofsoortuiging gegroei. Die beskouinge wat daaruit voortvloei, is egter deur interpretasies en herinterpretasies vertroebel.

So byvoorbeeld het 'n toespraak in die Volksraad met betrekking tot Calvinisme en Liberalisme 'n stroom van interpretasies en herinterpretasies ontlok. Die begrip, Calvinisme, is verbreed om 'n algemene uitdrukking van 'n lewens- en wêreldbeskouing weer te gee. Hierdie lewens- en wêreldbeskouing word soms gerasionaliseer tot slegs 'n waardestelsel.

Die Calvinistiese godsbegrip lê klem op die Voorsienigheid van God. Deur die proses van rasionalisering, word die Voorsienigheid van God ontkoppel van Sy persoon en net gepraat van die Voorsienigheid 2).

Daar word selfs gevind dat die verantwoordelikheid van die mens oorbeklemtoon word in verhouding met die Voorsienigheid van God. So veroorsaak hierdie klemverskuiwing na die mens se rol dat die gereformeerde godsbegrip skeef getrek word. Hierdie skewe beeld word dan gehandhaaf onder die begrip "Calvinisties".

Myns insiens het die rasionele benadering tot die konsepsie van God die gevolg dat van die persone van die Goddelike Wese in hul werking uitgeskakel word. Die besondere werkinge van die persoon Jesus Christus en dié van die Heilige Gees, word aksiomaties veronderstel. Maar daardeur word die begrippe van Bestiering, Voorsienigheid, Onderhouding, Regering, Versorging, bloot onpersoonlike handelinge van 'n Godheid. So word God bloot die Wetgewer, die Een wat die natuurwette geskep het 3).

As gevolg van bogenoemde is dit moeilik om sinvol tot die prinsipiële deur te dring as daar gepraat word van 'n "Calvinistiese roepingsgestalte". Calvinisme is 'n wyer begrip as Gereformeerd. Die Gerefor-

---

1) Vgl Stoker: Oorsprong (1967, p. 42) en verder sy Beginsels (1961, p. 125).

2) Stoker: Beginsels (1961, p. 125 e.v.).

3) Vgl Meeter (1939, p. 34 e.v.).

meerde Protestantisme maak 'n belangrike bestanddeel van Calvinisme uit. Inteendeel dit is die spil waarom die Calvinisme draai, want dit is uit die Gereformeerde Protestantisme dat Calvinisme ontstaan en gegroei het 1).

Dit is vir hierdie studie aanvaar dat dit die gereformeerde roepingsgestalte is wat bepaal moet word. Die roepingsgestalte van die Afrikaner en die vergestalting van hierdie roepingsgestalte moet aan die gereformeerde roepingsgestalte getoets word.

## 4. Die Gereformeerde roepingsgestalte

### 4.1 Die godsbegrip

Die godsbegrip as kultuurdominant is hier van belang, aangesien die bepaling daarvan die diepste verankerdheid van die roepingsgestalte sal fundeer.

Daar word gevra na die gereformeerde godsbegrip as die kultuurdominant van die volkskultuur. Dit was in die hoogbloei van die Gereformeerde belydenis in die Nederlande dat die ontheemding van die volksplanters plaasgevind het. Die Gereformeerde belydenis het aan hulle 'n bepaalde godsbegrip verleen. Dit is na hierdie godsbegrip waartoe daar teruggegaan moet word om die gereformeerde roepingsgestalte te fundeer.

Die gereformeerde godsbegrip gaan uit van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees. In God die Vader, is ons ontstaan en voortbestaan gevestig. In God die Seun is die Een in wie die verlossing en herskepping van die mens en die fundering van die verloste kultuur geleë is. God die Heilige Gees is Hy wat die heiligmaking bewerk en die krag van God in die kosmos is 2). Dit is die Heilige Gees wat die dinamiek verleen aan God se handelinge met die kosmos.

In beide die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus word die klem gelê op die belydenis van God Drie-enig. Die onder-

---

1) Vgl. Latourette (1964, p. 757 e.v.).

2) Vgl. Ursinus (1886, p. 159 - 161).

skeie Persone staan elk, op 'n sekere wyse en in 'n bepaalde verhouding, in 'n direk persoonlike relasie tot die mens en die kosmos.

Die leerstelling aangaande God in die gereformeerde godsbegrip het as heersende konsepsie die almagtige Wil van God. Met ander woorde alles wat gebeur, gebeur onder die Wil, die soewereiniteit van God. Die hoogste doel van alles wat gebeur en bestaan, is die openbaringe van God tot Sy eer en heerlikheid 1).

Dit is reeds in die godsbegrip waar die beskouinge van Calvyn en Luther uiteenloop. Die godsbegrip van Calvyn sluit in die almagtige Wil van God wat die ganse wêreld regeer. Luther daarenteen beskou die almagtige krag van Liefde soos gemanifesteer in Christus as die sentrale konsepsie 2). Die finale verwydering tussen die Calvynse beskouing en die Lutherse beskouing, het tot gevolg gehad dat die Gereformeerde godsdiens later in die Kaap teenoor die Lutherse beskerm is.

Reeds die feit van die erkenning van die onderskeie Persone in die Drie-eenheid, bevestig God se direkte handelinge met Sy volk. Die van-bo-gebore-word van die mens in die volk in, plaas veral Jesus Christus en die Heilige Gees in 'n besondere relasie tot die mens en die mens tot die onderskeie Persone.

Die feit dui die noodsaaklikheid van die twee Persone aan. God se soewereiniteit word dus bevestig deur die werking van al drie die Persone van die Goddelike Wese.

Hoewel alles slegs Genade is, probeer die skrywer hier skerm teen die ontgoddeliking van God in die Godsbegrip. Die erkenning van die onderskeie Persone in hul werking, gee aan die gereformeerde godsbegrip as kultuurdominant, 'n unieke dinamiek. Die gedwonge onderskeiding van besondere en algemene genade ontlaai hierdie dinamiek van die direkte en persoonlike betrokkenheid van God by die volk en die volkskultuur.

---

1) Vgl. Seeberg (1966, p. 396 e.v.).

2) Vgl. Seeberg (1966, p. 416). Vgl. ook Bainton (1950) : en Van Genderen e.a. (1965).

Teenoor hierdie differensiëring van genade, staan die werking van die Heilige Gees as onvermydelike realiteit. Dit is deur die Heilige Gees dat God die kosmos in stand hou. Dit is deur die Heilige Gees dat die volk van God as Godsvolk tot realiteit kom. Die dinamiek van die volkskultuur word vergestalt in die amp van Profeet, Priester en Koning wat deur die Gees van God in en met die volk tot werklikheid gebring word. Hierdie handelinge van die Heilige Gees is die dinamiek van die verloste kultuur.

Die gereformeerde godsbegrip gee aan aldrie die onderskeie Persone hul regmatige plek en eer in leer en lewe. So staan die onbetwisbare soewereiniteit van God voorop. "Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge" 1).

By die gereformeerde godsbegrip staan die almag van God voorop. Die koningskap van Jesus Christus; die bestiering van die ganse kosmos deur die Heilige Gees; die kragtige skepping van die Vader - ook van Sy volk - is die scopus van die ganse leer van die Saligheid.

Dit is hierdie gereformeerde godsbegrip wat die kultuurdominant van die gereformeerde roepingsgestalte van die volk uitmaak. Vir die volk plaas dit die begrip van God in 'n Skrifgefundeerde en belydenisgebonde perspektief.

## 4.2 Die Gereformeerde belydenis

Die belangrikheid van die Gereformeerde belydenis in die kultuurgeskiedenis van die Gereformeerde Protestantisme kan moeilik bepaal word. Die Gereformeerde belydenis behels 'n drie-enige godsbegrip naamlik Vader, Seun en Heilige Gees.

Die belydenis is die uitdrukking van die geloof van die gemeente van Christus. Omdat die kerk, die gemeenskap van gelowiges, in die wêreld is en die eer van God in die openbaar moet bely, is dit terselfdertyd die openbaarmaking van hul ware godsdiens. Die belydenis is nodig as middel om die ware geloof te propageer en aan die nageslag oor te lewer. Die belydenisskrifte is die geskrewe belydenis van gelowiges in hierdie wêreld.

---

1) Meeter (1939, p. 32-34).

Die Gereformeerde belydenisskrifte het vanaf die 16de eeu twee hoofkenmerke vertoon. Reeds by die Tetrapolitana (1530) en Helvetica Prior (1534) is die duidelike uitdrukkinge van die leerstelling van "die regverdigmaking deur die geloof" te vinde 1). In navolging van die Reformatore is die klem voortdurend gelê op die geloof sonder die werke as weg tot verlossing. Hierby is later gevoeg die leer van die predestinasie wat deur die Sinode van Dordt (1618 - 1619) by die belydenisskrifte van die Gereformeerde kerke gevoeg is 2). Van die verskeidenheid van belydenisskrifte word die Heidelbergse Kategismus, die Westminister Confession, en die Confessiones Helvetica as die vernaamste beskou 3).

Met die Sinode van Dordt (1618 - 1619) is die Gereformeerde belydenis deur die verteenwoordigers van die Gereformeerde kerke en gemeentes finaal vasgestel. Met betrekking tot die leer van die predestinasie en die stryd teen die beskouinge van die Remonstrante was hierdie gebeurtenis vir die Gereformeerde belydenis van onberekenbare belang.

Die besluite van Dordt is amptelik in die Nederlande erken, maar is grootliks aanvaar in Switzerland, Frankryk, die Paltz en ook deur die Puriteine 4). Teen 1652 was die Drie Formuliere van Enigheid as die belydenisskrifte van die Gereformeerde Protestantisme reeds gevestig. Hierdie belydenis is in verskeie lande aanvaar as die belydenis van die Gereformeerde kerke en gemeentes. Later sou hierdie lande dien as die voedingsbronne vir die volkswording in Suid-Afrika.

Vanuit die gereformeerde godsbegrip kristalliseer die gereformeerde belydenis. Die belydeniskomponente van "die regverdigmaking deur die geloof" en die predestinasie, vorm 'n onmisbare deel van die fondament van die gereformeerde belydenis. Hierdie twee komponente van die gereformeerde belydenis soos geformuleer in die Drie Formuliere van Enigheid, dien as gietvorm vir die onderskeie kulturele beskouinge van

---

1) Kyk Seeberg (1966, p. 344 en 345).

2) Kyk Seeberg (1966, p. 421 e.v.).

3) Seeberg (1966, p. 418).

4) Seeberg (1966, p. 423).

die volk. Die gereformeerde mens vorm sy beskouinge oor lewe, wêreld, mens, self, volk, ensovoorts as gietsels van hierdie gietvorm. Met ander woorde die Gereformeerde belydenis met die genoemde belydeniskomponente, vorm met die godsbegrip die selkern van die roepingsgestalte.

Hierdie kern en in besonder die twee belydeniskomponente, het in die volkswording van die Afrikaner 'n belangrike rol gespeel. Dit was reeds die Gereformeerde geloofsbelydenis wat kultuur-histories 'n sterk beïnvloedende krag blyk te gewees het in die daarstelling van die Afrikaner se roepingsgestalte. Dit is vanuit hierdie belydenis dat die roepingsbewustheid en roepingsvervulling van die Afrikanervolk spruit. Dit is egter hierdie selkern wat die getuiende krag van roepingsgestalte van die volk bevrug en dinamies hou.

4.3 Lewensbeskouing

Lewensbeskouing word gewoonlik saam met wêreldbeskouing gebruik om die geheel van 'n persoon of groep persone se opvattinge en oortuigings weer te gee. Daar word gepraat van die lewens- en wêreldbeskouing van 'n persoon of van 'n volk.

Myns insiens het hierdie geykte uitdrukking reeds so in omvang toegeneem dat dit alles wil insluit wat eie is aan 'n bepaalde lewenswyse. Dit skep die probleem om dit wat prinsipiëel is en dit wat deel is van die gebroke werklikheid van mekaar te onderskei. So word byvoorbeeld met ewe veel reg op die waarheid gepraat van 'n Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing as grondslag vir 'n "veelvolkige" sportbyeenkoms as vir 'n afsonderlike sportbyeenkoms.

'n Lewens- en wêreldbeskouing wat 'n totaliteitsbeskouing wil wees, blyk nie moontlik te wees nie. Dit wil sê so 'n beskouing kan die bestaande werklikheid, niks uitgesonder nie, nie as eenmalige totaalblik omgryp nie. Die mees algemene definisie wil dat 'n lewens- en wêreldbeskouing die fundamentele oortuigings moet wees van die mens ten opsigte van die hele werklikheid soos bepaal deur 'n sentrale motief 1).

1) Vgl. De Klerk : Lewens- en wêreldbeskouing (1967): Taljaard (1963, p. 8). Taljaard voeg by die erkende komponente van die definisie ook: "... of aangaande die wedersydse verhouding van mens en wêreld en iets wat in die plek van God gestel word". Vgl. Stoker : Beginsels (1961, p. 113). Stoker voeg by: die verhouding tot God of afgod.

In hierdie studie word daar onderskeiding gemaak tussen lewensbeskouing en wêreldbeskouing.

Die godsbegrip en geloofsbelydenis domineer die beskouing oor die lewe. Die lewensbeskouing, as deel van die geestelike keersy van die kultuur, is die beskouing wat gefundeer is in die openbaringe van God en gedomineer word deur die godsbegrip en belydenis. Die gereformeerde lewensbeskouing is daarom deel van die gereformeerde roepingsgestalte 1).

Die lewensbeskouing, in hierdie geval dié van die gereformeerde roepingsgestalte, het sekere fundamentele beginsels wat dit uitsonder van ander lewensbeskouinge. Die lewensbeskouing bestaan hoofsaaklik uit teologiese- en kulturele beginsels en leerstellinge (die Gereformeerde belydenisskrifte).

Die lewensbeskouing as deel van die konsepsiewêreld word deur die gereformeerde godsbegrip en belydenis bepaal en hang ten diepste saam met die ganse lewensbestaan van die mens. Dit sluit ook die organiese samehang in van die mens en die bestaande werklikheid. Hierdie organiese samehang raak die begrip lewe 2).

Dit word bepaal deur die leerstellinge en geloofsoortuiginge soos dit tot uiting kom in die direk, persoonlike verhouding van die mens tot God 3).

Die hart van die gereformeerde kultuur, naamlik dat die regverdige uit die geloof lewe (Romeine 1:17) dwing 'n lewensbeskouing na vore met as scopus die begrip, ewige lewe. God is lewe; die Oorsprong van alle lewe; die Gewer van die nuwe lewe en die Onderhouer van die lewe. Om te lewe, is om herstel te wees tot die lewe wat in geloof deel is van die lewe in die opgestane Christus. Die mens word deur die Seun van God geroep; van Bo gebore deur die Gees van God tot lewe. Hierdie begrip van lewe ontstaan nie net in die huidige nie, maar staan in verband met die kulturele toekomsverwagting. Dit kom tot uiting in die Koninkryk van God.

---

1) Vgl. Taljaard (1963) en Stoker : Beginsels (1961).

2) Hier word nie oor die begrip lewe gehandel nie, maar slegs oor die gereformeerde beskouing van lewe.

3) Vgl Heidelbergse Kategismus, Sondag 23, vraag en antwoord 59.

Hierdie lewensbeskouing as deel van die gereformeerde roepingsgestalte word geidentifiseer met die Koninkryk van God 1). In die verskil tussen lewensbeskouinge kom dit daarop neer of iemand van Bo gebore is al dan nie. Dit maak die grootste skeiding uit tussen die verskillende lewensbeskouinge selfs in die Christelike kultuur, byvoorbeeld Metodisties, deïsties of teïsties.

Wanneer dit van toepassing gemaak word op die volk, kan afgelei word dat die lewensbeskouing van die volk verskil van dié van die nasie.

Die opbou van die lewensbeskouing word deur verskeie faktore beïnvloed en bevrug. 'n Lewensbeskouing is histories-etnies verbonde. Hierdie verbondenheid bepaal die oorlewering van die bepaalde lewensbeskouing binne 'n bepaalde volk of nasie. Binne hierdie volk of nasie verband kry ons die onderrig van die volgende geslag deur middel van: die familie, die onderwys, die kerk, ander partikuliere inisiatief. Die gereformeerde lewensbeskouing gaan uit van die kategetiese onderrig in die huisgesin naamlik die huisgodsdiens; in die skool, die christelike opvoeding; in die kerk, die kategetiese onderrig wat die persoon lei van dooplidmaat tot belydende lidmaat; in die partikuliere inisiatief, naamlik die kultuurorganisasies, die onderlinge sorg vir geloofsgenote en vir die kultuur.

In die oordra van die lewensbeskouing werk faktore beïnvloedend in. Die tradisionele lewensbeskouing, in hierdie geval die gereformeerde lewensbeskouing, word gedurig losgemaak van die beginsel en leerstellinge waaruit dit gegroei het. So sal die lewensbeskouing van die Afrikanervolk verskil van dié van die Afrikanernasie, hoewel die lewensbeskouinge beïnvloedend en bevrugtend op mekaar mag inwerk. Hierdie verskil lê reeds gefundeer in die verlossingsfeitlike dat die volk van Bo ingebore word in die gereformeerde roepingsgestalte in. So verskil volk en nasie van kindsbeen af al in lewensbeskouing van mekaar, soos dit tradisioneel van geslag tot geslag oorgedra word.

Hierdie verskil in lewensbeskouing word opgemerk in die roepingsaanvaarding en roepingsvervulling van die amp waartoe die volk geroep is. Dié amp van verantwoordelikheid maak die wedergebore mens, die Christen-Afrikaner koninkrykswese. Met die kultuuropdrag as koninklike opdrag

---

1) Vgl. Wêreldbeskouing op p. 51 en verder.

word hy verhef tot mede-arbeider van die Koning, Jesus Christus, in Sy koninkryk 1). In die uitvoering van hierdie arbeid, word die vergestalting van die lewensbeskouing van die gereformeerde roepingsgestalte gesien vanuit die sekerheid van deel-te-hê aan die oorkoepelende oortuiginge van die ewige lewe en die wederkoms. Hierdie siening bepaal die verhoudinge tot stof, plant, dier, mens en tyd. Lewe kry 'n dieper dimensie en het 'n onlosmaakbare band met die kulturele toekomsverwagting.

Samevattend kan dus gesê word dat die lewensbeskouing as totaalvisie op die werklikheid alleen moontlik is vanuit die geloof in die ewige lewe. Die lewensbeskouing van die volk - hulle wat van-Bo-gebore is - verskil van die lewensbeskouing van die nasie. Dit kom na vore in hul persoonlike verhouding tot God, mens, dier, plant, stof en tyd. Die lewensbeskouing as deel van die roepingsgestalte van die volk kom tot uiting in die kultuur - as gereformeerde wyse van lewensindiensstelling - wat tot eer en verheerliking van die lewende God beoefen word.

### 4.4 Wêreldbeskouing

Die blote onderskeiding tussen lewensbeskouing en wêreldbeskouing lyk op die oog af onnodig en eienaardig. Reeds die gebruik van die begrip wêreldbeskouing in dieselfde verband as lewensbeskouing maak hierdie onderskeiding egter nodig. Sommige praat van 'n lewensbeskouing en bedoel daarmee tegelykertyd ook 'n wêreldbeskouing. Terwyl andere weer lewensbeskouing met wêreldbeskouing vervang of vereenselwig.

Letterlik beteken wêreldbeskouing die beskouing van die wêreld in die ruimste sin, naamlik die totale werklikheid 2).

Soos die begrip lewe het die begrip wêreld 'n bepaalde inhoudelike

---

1) Kyk Heyns: Die mens (1974, p. 72 e.v.).

2) Vgl. De Klerk : Lewens- en wêreldbeskoulike (1967), Taljaard : Lewens- en wêreldbeskouingsleer (1963) en Stoker : Beginsels (1961). 'n Verdere onderskeiding sal nog getref moet word tussen wêreldbeeld en wêreldbeskouing, maar sien hieroor p. 55.

konnotasie. Dit dui nie net op die materiële wêreld nie, maar sluit ook in die totaliteit van hemel en aarde 1); die lewenssfeer van intelligente wesens 2); die bestaansplek van menslike bewoning 3); die mensheid as geheel 4); die menslike samelewing 5).

Watter van die genoemde interpretasies aan die begrip wêreld gegee behoort te word in die konteks van 'n wêreldbeskouing, is tans onbeslis. Daar word nog altyd oor die Christelike geloof gepraat as 'n lewens- en wêreldbeskouing. Daar die geloof egter gefundeer is in God se eksklusiewe openbaringshandelinge met die lewe van die mens en die wêreld waarin die mens woon, is daar 'n prinsipiële onderskeid uit te maak tussen die verskillende wêreldbeskouinge.

Wat moet dus onder wêreld verstaan word binne die gereformeerde kultuur? Wat is die wêreldbeskouing van 'n gereformeerde roepingsgestalte?

Die begrip wêreld sluit meer in as die bestaande werklikheid wat deur die mens sintuiglik of wetenskaplik-tegnies beskou word. Die wêreld is altyd in die eerste instansie God se wêreld. Dit beteken dat wêreld meer moet wees as die wêreld wat die mens van weet of tot nou toe nagespeur het. Wêreld sluit in alles wat God in Sy skeppingsoomblik tot werklikheid geroep het. Wêreld, gesien as God se wêreld, sluit alles in wat as hemel en aarde bekend staan en alles wat daarin geplaas is.

Volgens Heyns in sy werk : Lewende Christendom, het die Christendom op 'n tydstip in die verlede die mens voor die keuse, God of wêreld gestel 6). In hierdie sin opgeneem, is wêreld voorgestel as dit wat deur die magte van die sonde beheers word. Van hieruit ontstaan die wêreldbeskouing dat die wêreld beheers en oorheers moet word om dit te verlos van die nie-goddelike magte. So ontwikkel daar mettertyd 'n

---

1) Romeine 1 : 20.
2) Handelinge 17 : 24.
3) I Kor. 5 : 10.
4) Johannes 3 : 16.
5) I Johannes 5 : 19 e.v.
6) Heyns: Lewende Christendom (1972, p. 116).

verwerping van die gedagte van bose magte. Hulle word gaandeweg niebestaande entiteite. Die wêreld word verskraal tot net die materiële werklikheid.

Verder word die beskouing gangbaar dat die wêreld in die mens se diens staan en van geen ewigheidswaarde is nie. Met ander woorde die mens ontgin en besoedel die wêreld want dit kan in die toekoms tot niet gaan. Die wêreld is dus boos en bedorwe en moet òf kragdadig onderwerp word, òf asketies vermy word.

Hierdie valse wêreldbeskouinge leef vandag nog voort in die Christelike westerse kultuur.

Die mens is egter nie losgemaak van die wêreld nie, maar is lewenslank verbind aan God se wêreld. God is as drie-enige God by hierdie wêreld, betrokke. Hy is Skepper, Herskepper en Krag tot Lewe in die wêreld.

God skep tot Sy eer die wêreld en alles wat daarin is. So lief het God hierdie wêreld, dat Hy as Herskepper in Jesus Christus dit terugwen en weereens onder Sy heerskappy plaas. Na aanvaarding van die koningskap oor hierdie wêreld, wat Hy as Koninkryk onderhou, regeer Hy met die Krag van God - die Heilige Gees - in hierdie wêreld. So word die wêreld, deel van die Koninkryk van God waarin die gelowiges van-Bo-ingebore word om as volk van God te leef 1).

God se houding tot die wêreld is dié van vaderlike versorging en bewaring. God as die absolute Versorger deur die persoon van die Heilige Gees behou die liefdesverhouding tot Sy eiendomlike. Hierdie houding word gefundeer in Christus se houding tot die bestaande werklikheid. Sy eerste magsvertoning was om Sy gesag oor die bestaande werklikheid te herbevestig aangesien ook die fisieke wêreld deur die sonde aangetas is en verlos moes word. So verander Christus water in wyn, beheers visse, maak storms stil en siekes gesond, en maak Homself Koning oor alle natuurverskynsels. Die supernaturele of geesteswêreld buig voor Sy gesag deurdat duiwels vlug, geestessiektes genees word en bo alles mense verlos word van hul sondes deur die boodskap van die Koninkryk

---

1) Vgl. Bright (1953).

van God aan te neem. Daar is geen sfeer van die wêreld wat nie onder Sy gesag kom nie. Dit is by die kruis en die opstanding waar die Koninkryk op die fondament Jesus Christus gebou is. Dit is waar die lewe in dié wêreld as die Koninkryk van God begin 1). Christus skenk 'n nuwe wêreld aan ons. Die nuwe wêreld eis van die volk 'n nuwe wêreldbeskouing deur terugkeer tot God in Christus en deur verandering van die gemoed en sinne 2). Die mens ontmoet God in Christus en deur die Krag van God binne die aardse werklikheid word die lewe op aarde die begin van die ewige lewe in die Koninkryk 3).

So het die ewige lewe sin in die tydelike lewe op aarde 4). Dit is weens die ewige in die tydelike lewe wat my as wedergebore mens in die Koninkryk laat arbei om die Koninkryk te bou en te versorg.

Deur hierdie gehoorsame handeling van die mens in die Koninkryk word hy mede-arbeider van God in die wêreld. Die gereformeerde kultuur het reeds die perspektief dat die mens in die amp van gelowige saam met die Koning in die Koninkryk arbei. Sodoende word die verlossingswerk voortgesit vir die toekoms van 'n sonde-herstelde wêreld 5). Deur die verloste kultuur, word die vergestalting van die Koninkryk voortgesit.

Die menslike handelinge is die gehoorsame antwoord van die mens op die opdrag van God om in hierdie wêreld te wees, te werk, te leef, te dien en sy godsdiens te beoefen. Die volvoering van hierdie kultuurtaak is verankerd in die verlede, die nou en in die toekoms. Hierdie kultuurhistoriese perspektief is alleen moontlik vanuit die gereformeerde wêreldbeskouing. Die Koninkryk van God wat sou kom in die wêreld het gekom en is gefundeer deur die Koning self met die opdrag aan Sy mede-arbeiders om dit vir die nageslag te bewaar en te versorg as die plek waar God werk, saam met Sy gehoorsame kinders 6).

---

1) Vgl. Heyns: Die mens (1974, p. 145).

2) Kyk Heyns: Lewende Christendom (1972, p. 119).

3) Kyk Heyns: Lewende Christendom (1972, p. 118).

4) Kyk Heyns: Lewende Christendom (1972, p. 123).

5) Kyk Heyns: Die mens (1974, p. 111 - 112) asook sy Lewende Christendom (1972, p. 124 e.v.).

6) Vgl. Heyns: Lewende Christendom (1972, p. 123) asook sy Die mens (1974, p. 116).

So moet die nuwe wêreld van die toekoms, wat op 'n onbekende wyse in die wêreld van vandag verskuil is, ont-gin word binne die Koninkryksdimensie met die wete dat die nuwe hemel en die nuwe aarde die huidige wêreld in gesuiwerde vorm sal opneem in 'n stad wat nie deur die mens gebou is nie 1). So is die mikroskopiese, teleskopiese en ruimteverspiedende eksploitering van die huidige wêreldgrense die nader beweeg aan die Koninkryksgrense wat aan die einde van die tye bekend sal word en wanneer God alles in almal sal wees en niemand enige verontskuldiging sal hê nie.

Die gereformeerde wêreldbeskouing behels die vergestalting van die roepingsgestalte soos gefundeer in die besig-wees-om-te-regeer deur God. Daarom is die totale werklikheid Gods ewige Koninkryk. Die wêreld is die domein van God wat in al sy verskeidenheid onder die arbeid van die gehoorsame volk van God ge-eksploiteer word om ten laaste deel te word van die Godsryk.

So 'n wêreldbeskouing is prinsipiëel verantwoordbaar teenoor die wêreldbeskouing wat die bestaande werklikheid as die speelwêreld van die mens beskou. Daarom sal die wêreldbeskouing van die volk met sy verloste kultuur en die wêreldbeskouing van die nasie met sy verlossingskultuur nie alleen verskil ten opsigte van die fundering van die wêreld nie, maar ook ten opsigte van die verhouding tot die wêreld en die omgang met die wêreld. Vanuit hierdie verskil word nie net die toekomsverwagting anders besien nie, maar is dit ook duidelik vanuit die dominante godsbegrip te beskou. Die wêreldbeskouing as deel van die konsepsiewêreld in die gereformeerde roepingsgestalte vertoon anders as 'n nie-gereformeerde gestalte omdat die dominante godsbegrippe verskil. Daarom vertoon die gereformeerde roepingsgestalte 'n wêreldbeskouing vanuit die gesigshoek van 'n verloste kultuur. Hierdeur word die Koninkryk van God voorop gestel as die enigste weg waardeur die gehoorsame volk van God sy kultuur tot diens en eer van God kan stel.

4.5 <u>Wêreldbeeld</u>

Wat is nou 'n wêreldbeeld?

Die wêreldbeeld word gevorm uit ons kennis van die fisiese toestand

---

1) Vgl. Heyns: Die mens (1974, p. 116).

van die wêreld waarin ons leef. Anders omskryf, kan ons sê dat dit die beeld is wat die mens vorm van die bestaande werklikheid waarin hy leef deur die kennis wat hy daarvan verkry. Hierdie kennis is nie bloot naïewe ervaring van die wêreld nie, maar is per definisie "'n wetenskaplike" insig in die samestelling, die orde en die inrigting van die heelal 1). "Wetenskaplike" insig of kennis is in sy diepste wese kennis van God, skepping, onderhouding en voleinding. Dit wil sê kennis van God as die totale Versorger van die heelal en as sulks vir die mens kenbaar uit die openbaringe en by name uit die kosmos-openbaring 2).

Die mens vorm sy wêreldbeeld deur die "wetenskaplike" kennis van sy ontwaarde omgewing as aanknopingspunt. Met ander woorde abstraksies word uit die ontwaarde omgewing as aanknopingspunt deur middel van die kenproses verwerk tot begrippe, oordele en denkbeelde. So 'n denkbeeld is die wêreldbeeld wat deur die mens in sy denke gevorm word namate hy sy "ontwaarde omgewing" meer en meer leer ken. Die kontrolering en die sistematisering van hierdie kennis geskied by elke mens op een of ander wyse namate hy in die beoefening van sy kultuur in die wêreld met die omgewing omgaan. Reeds omdat hierdie kennis kwantitatief verskil en die omgewing verskil, sal die wêreldbeeld van volk tot volk, van land tot land en selfs binne een volk, byvoorbeeld die Afrikanervolk, verskil 3).

Kultuurhistories beskou 4) kan daar in die Westerse kultuur verskeie

---

1) Kyk Kuijper (1956, p. 27).

2) Vgl. Venter: Versorgingswetenskap (1966, p. 103).

3) Kyk Kuijper (1956, p. 125). Kuijper gee die definisie van wêreldbeeld as volg: "Onder wêreldbeeld verstaan wij dus elke objektivering van die stoffelijke wêreld in één der post-physische wêreld en, doch niet verder dan tot de logische wêreld". Hieruit blyk dit dat elke mens 'n bepaalde wêreldbeeld kan vorm en dat sodanige wêreldbeelde ooreen kan stem maar ook kan verskil deurdat die omgewing verskil sowel as die kwantitatiewe kennis van die omgewing.

4) Vgl. Venter: Copernicaanse wendinge (1976).

wêreldbeelde aangedui word. Voor en in die tyd van die bybelskrywers was 'n geosentriese wêreldbeeld die gangbare. Met die aarde as die middelpunt van die mens se bestaan, was die wêreldbeeld geslote en was dit die tuiste van mense en hul gode - soos die Baäls en die Astarte. Vanuit 'n gebrekkige kennis van die wêreld is die natuurkragte van son, water, vuur - alles skeppinge van God - as afgode vereer en gevrees 1). Hierdie geosentriese wêreldbeeld - van die aarde, op die aarde, vir die aarde - bly teenwoordig in die Grieks-Romeinse kulture. Dit bly as beeld van die werklikheid tot vandag nog voortleef en tans ook in die kultuurreste van die ou Germaanse heidense kulture. Vergelyk die "volksgeloof" of bygelowe wat selfs onder die Afrikaner voortleef.

Met die bevrugting van die natuurwetenskaplike navorsing (deur die beligtende Woordopenbaring) word daar 'n aanslag gemaak op die geosentriese wêreldbeeld. In die kloosters van die Middeleeue was hierdie proses reeds aan die gang en is dit doelbewus bevorder. Met die stryd tussen die amptelike kerk en Copernicus word gepoog om die geosentriese wêreldbeeld te sanksioneer. Die Copernicaanse wending seëvier egter en met die son as middelpunt word die helio-sentriese wêreldbeeld in die westerse kultuur ingebore. Hierdeur word die geosentriese wêreldbeeld as 't ware uitgedop. Die grense van die erkende wêreldbeeld verruim om die aarde en die sonnestelsels in te sluit. Die natuur word nou nie meer gevrees nie, maar word deur 'n ontwakende roepingsbesef beheers, bebou, sorgsaam verwerk. Hierdie omwenteling was die geboortedatum van die hedendaagse wetenskap en tegniek. Vandag is die wetenskap nog steeds daarop ingestel om die kennis van die wêreld, kosmosopenbaring, dieper te ontgin 2).

In die na-christendomlike tydperk word die wetenskap en tegniek die verlossingsmiddel en verlossingsdaad van die versosialiseerde westerse kultuur. In die mikroskopies-teleskopiese ruimtenavorsing word daar myns insiens opnuut 'n aanslag op die helio-sentriese wêreldbeeld gemaak. Namate die ruimte ondersoek ontwikkel het, is twee basiese vrae

---

1) Venter: Copernicaanse wendinge (1976) bring die geosentriese wêreldbeeld in verband met 'n heliosikliese godsbegrip waarin die son as god 'n vername rol speel. Die wêreldbeeld van die Bybelskrywers was egter teosentries.

2) Vgl. Venter: Copernicaanse wendinge (1976).

her-ontdek: ten eerste wat is die oorsprong en ouderdom van alles? en tweedens, wat is lewe? Met hierdie twee vrae in gedagte, word die ruimtes ontgin en word die oorsprong en voortbestaan van die aarde verbind aan die oorsprong en ouderdom van die ruimteliggame. Die lewe word weer verbind aan veronderstelde intelligente lewe op ander planete en in ander sonnestelsels 1).

Hierdie astro-sentriese wêreldbeeld word deur middel van die massakommunikasiemedia, naas die geo- en helio-sentriese wêreldbeelde, ook 'n erkende wêreldbeeld in die tegnologiese wêreld van vandag.

Afgesien van die genoemde wêreldbeelde - en daar kan nog talle bygevoeg word - kan die wêreldbeeld ook as toekomsbeeld gesien word. So het die geosentriese wêreldbeeld as toekomsbeeld die aanvaarde wêreldbeeld gebly van die Joodse kultuur wat 'n monoteïstiese godsbegrip besit.

Vanuit die teosentriese godsbegrip kan die wêreldbeeld as toekomsbeeld ook verander. Hierdie verandering het te make met die daadwerklike verlossingsdaad van God. So byvoorbeeld kom Moses na die verlossing van die volk van God uit die slawehuis van Egipte en vermaan die volk om hul wêreldbeeld te verander as hulle die beloofde land intrek. Waar hulle in Egipte die saad gesaai het en die lande uit die Nyl met 'n voetpomp besproei het, is die land Kanaan 'n land wat die "Here jou God voor sorg" (Deut. 11 : 11-12).

Dié wêreldbeeld as toekomsbeeld is alleen moontlik by die volk wat vanuit die teosentriese godsbegrip, 'n Openbaarde lewens- en wêreldbeskouing betuig: "Uit HOM en deur HOM en tot HOM is alle dinge" (Romeine 11:36) in plaas van: uit die aarde, vir die aarde, op die aarde. Wanneer dié wêreldbeeld as toekomsbeeld gesien word, word die eskatologiese toekomsverwagting van die kultuur verbind aan die nuwe hemel en die nuwe aarde. Daar waar selfs die aarde hernu word, die son verdwyn, en die teenwoordigheid van God alles in almal sal wees.

Naas hierdie eskatologiese toekomsverwagting en toekomsbeeld, bestaan ook utopistiese en eskatopiese toekomsverwagtinge waaraan bepaalde wêreldbeelde as toekomsbeelde verbind is. Maar die teosentriesgerigte wêreldbeeld bly die wêreldbeeld, ook as toekomsbeeld, van die Geopenbaarde roepingsgestalte.

---

1) Vgl. Danicen (1969).

Die verhouding wêreldbeeld en wêreldbeskouing is verder van belang. Waar die wêreldbeskouing die prinsipiële nie-veranderlike is, is die wêreldbeeld die veranderlike.

Die wêreldbeskouing hou in dat die mens hierdie wêreld in die lig van die Koninkryk van God sal beskou. Die wêreldbeskouing is die fondament waarop die wêreldbeeld gebou word. Die wêreldbeeld is egter die beeld wat van hierdie koninkryk gevorm word. So sal die kultuurdraer wat 'n hedendaagse gereformeerde roepingsgestalte vertoon in die verre Yslande dieselfde wêreldbeskouing huldig as die Afrikanerboer in die droë Karoo. Ten spyte van hierdie ooreenkoms in die wêreldbeskouing, naamlik dat dit die Koninkryk van God is, is die wêreldbeeld verskillend vir die Yslander. Vir die Yslander is dit 'n beeld van glinsterende wit met lang maande van son en lang maande van donkerte. Die Karooboer daarenteen ken die dorre hitte en waterskaarste met die blommende vygies en die voedsame Karoobossie. Tog is albei nog Koninkryk van God. Hoewel hierdie beelde verskil, bly die fondament van die wêreldbeeld die Koninkryk van God. Die Koninkryk is dus meer as die wêreldbeelde. Die verskeidenheid van wêreldbeelde in die Koninkryk van God kom tot uiting in die Kosmosopenbaring. Daardeur word God se krag en goddelikheid geken in die verskillende wêreldbeelde.

Die wêreldbeeld word deur die godsbegrip gerig. Die wêreldbeeld kan op die godsbegrip 'n bepaalde beïnvloeding en bevrugting hê. Een van die komponente van die Christelike geloof is die kennis van die kosmosopenbaring. Hierdie "wetenskaplike" kennis maak deel uit van die wêreldbeeld. Die wêreldbeeld wat deur hierdie kennis gevorm word, bring die mens tot die kennis van God of 'n afgod. Waar die openbaring van God reeds op die kennis van die wêreld (kosmos) en die Woord gerig is, kan die wêreldbeeld die begrip van God as Skepper aanvaar. Aan die ander kant weer kan die kennis van die kosmosopenbaring, wat nie deur die bril van die geloof gesien word nie, in die wêreldbeeld die afgodsbegrip verskerp - soos by die geosentriese wêreldbeeld die geval is. Die geo-sentriese wêreldbeeld verskerp die vertroue in byvoorbeeld die son en maan as gode. Dit is dus slegs vanuit die kennis en so uit die geloof, dat die wêreldbeeld die godsbegrip bevrug. Die geloof dien reeds om op die totale wêreld gerig te wees, dit is op die hele lewe. Dit is deur die gerigtheid van die godsbegrip dat die bril van die geloof die wêreldbeeld 'n kleurvolle beeld van die Koninkryk van God maak. Daarin word sy ewige krag en goddelikheid vertoon. In alle

ryke verskeidenheid word dit vertoon 1).

Een volgende aspek waarop die aandag gevestig word, is die feit dat met die verloop van tyd, die wêreldbeeld vergroot. Soos die wêreldbeeld vergroot en steeds besig is om die heelal te omgryp en die kennis daarvan uitbrei, so word ook die almag en grootheid van God in die godsbegrip vergroot. Daarby moet vermeld word dat hierdie vergroting van die wêreldbeeld kan geskied deur die doelbewuste dwang tot verandering van die wêreldbeeld. Hierdie verandering geskied wanneer daar byvoorbeeld 'n volksverhuising, volksplanting, 'n immigrasie of emigrasie plaasvind. So sou byvoorbeeld die Nederlander water sien as bedreiging van sy volk se voortbestaan. Met sy verhuising na Suid-Afrika, moet hierdie wêreldbeeld verander van waterbedreiging na waterbesparing. So sal Suid-Afrika vir hom letterlik 'n land word wat die Here voor sorg in plaas van 'n land wat die Hollanders uit die see geneem en self gemaak het.

Samevattend kan gesê word dat die gereformeerde godsbegrip, lewensbeskouing en wêreldbeskouing praemisse is vir die wêreldbeeld. Die praemisse as fondament kan nog 'n geosentriese, heliosentriese of astrosentriese wêreldbeeld huisves. Hierdie gevormde wêreldbeelde kan egter verander, vergroot of verdiep word deur die bril van die geloof wat die kennis van die wêreld omwerk tot 'n veranderde, vergrote en verdiepte begrip van God.

## 4.6 Ander beskouinge

Waar die gereformeerde roepingsgestalte ook nog ander komponente inhou, word daar egter hierby volstaan. Die wêreldbeeld, die lewensbeskouing en die wêreldbeskouing is gerig deur die godsbegrip. Die godsbegrip word gevorm uit die kennis van die kosmos- en Woordopenbaring.

Dit geld egter ook vir die selfbeskouing, mensbeskouing, volksbeskouing, arbeidsbeskouing en dies meer. Elk van die beskouinge wat deel uitmaak van die kulturele roepingsgestalte as totale of geheelbeeld van die volkskultuur, volkskarakter en volksidentiteit, word bepaal deur die godsbegrip en die belydenis van die volk wat die roepingsge-

---

1) Vgl. Kuijper, (1956, p. 126).

stalte vertoon.

## 5. Samevatting

Die kulturele roepingsgestalte is die denkbeeld van die geheel van die volkskultuur, volksidentiteit en volkskarakter. Dié roepingsgestalte se kultuurhistoriese verbondenheid aan 'n bepaalde volk, kultuurbodem en eindbestemming, bereik sy volkomenheid in die eskatologiese eindbestemming van die Godsvolk.

Die Gereformeerde Protestantse kultuurstroming is die fundamentele grondslag van die volkskultuur. Calvinisme het vanuit hierdie kultuurstroming gegroei. Daarom word die Afrikaner se roepingsgestalte aan die Gereformeerde roepingsgestalte getoets.

Vir die Gereformeerde roepingsgestalte is die Gereformeerde godsbegrip die kultuurdominant. Die godsbegrip gaan van 'n Drie-enige God uit. God die Vader, die Seun en die Heilige Gees het elk Sy regmatige deel aan God se handelinge met die kosmos.

Die Gereformeerde belydenis onderskryf hierdie godsbegrip en word as die amptelike geloofsbelydenis aanvaar. Die belydeniskomponente wat vanaf die vroeë vasstelling van die geloofsbelydenisse vas bepaal is, is ook hierin teenwoordig.

Die godsbegrip en belydenis is dominant met betrekking tot alle beskouinge binne die raamwerk van die Gereformeerde roepingsgestalte. So word die lewensbeskouing gesien rondom die begrip van Ewige lewe, en lewe in en deur die geloof. Die volk sal deur die geloof lewe. Die wêreldbeskouing kom in Koninkrykperspektief tot uiting. Die wêreld word in die roepingsgestalte as 'n verloste wêreld en daarom Koninkryk van God. Alle ander beskouinge byvoorbeeld, mens, arbeid, ensovoorts, word in dieselfde gerigtheid bepaal.

Wêreldbeeld word van wêreldbeskouing onderskei. So word geo-sentriese, heliosentriese, astro-sentriese wêreldbeelde gevind. Die wêreldbeeld is die veranderlike denkbeeld met betrekking tot die kosmos, terwyl die wêreldbeskouing die prinsipiële beskouing is.

Die beskouinge van die roepingsgestalte kan veel verder uitgebrei word, maar word tot die bogenoemde beperk.

# DEEL III : DIE KULTURELE ROEPINGSGESTALTE VAN DIE AFRIKANER

## 1. Die Afrikaner en die Godsvolk

"As daar van 'n waaragtige Afrikaner sprake is, is dit hulle wat werklik glo in Jesus Christus. Vir God is dit die Afrikanervolk" 1). Hierdie woorde van professor J.C. Coetzee is kortliks 'n toepassing van die voorafgaande studie van die Afrikaanse mens.

Vanweë die verwarring wat rondom die begrip "Afrikaner" heers, is 'n prinsipiële ondersoek na en toepassing van die begrippe nasie, volk, volkskultuur, volksidentiteit en volkskarakter op die Afrikaner noodsaaklik. Dit vra egter dat die realiteite van die Afrikanervolk se lewensetos nie uit die oog verloor mag word nie. Hoewel die toepassing die ideële stel, is die reële tog teenwoordig.

Met hierdie gedeelte van die studie word nie gepoog om die vergestalting van die roepingsgestalte volledig te ondersoek nie. Eerder word gepoog om aan te dui hoedat die ideële die reële bevrug binne die Afrikanervolk se lewensetos.

### 1.1 Afrikanernasie, Afrikanervolk en Godsvolk

Die Afrikaanse taal is nie noodwendig die enigste aanduiding van waaragtige Afrikanerskap nie. Nie almal wat Afrikaanssprekend is, is Afrikaners nie. Die feit dat iemand Afrikaans praat, maak hom nie ipso facto deel van die Afrikanervolk nie.

Die begrip, Afrikaanssprekende, kan egter gebruik word om die lede van die Afrikaanse nasie te onderskei van die lede van die Afrikanervolk. Die Afrikaanse mens kan òf lid van die Afrikaanse nasie òf Afrikanervolk wees.

Die Afrikaanssprekende en die Afrikaner het baie in gemeen. Die Afrikaanse mens praat Afrikaans as omgangstaal en het sodoende kommunikasie met mekaar. Hy dra dieselfde familie-naam wat histories-etnies as eg Afrikaans beskou kan word. Hy beoefen 'n wye verskeidenheid van beroepe en professies. Hy het deel aan die verloop van die geskiedenis en dra die tradisies aan die nageslag oor. Hy woon op dieselfde

---

1) Uitspraak van professor J.C. Coetzee gedurende 'n onderhoud. Bandopname van die diskussie is in my besit.

territoriale gebied as kultuurbodem, naamlik Suid-Afrika. Vele ooreenkomste kan nog aangedui word.

Op die oog af sou die Afrikaanse mens op gesigswaarde almal eenders behoort te lyk. Almal sou Afrikaners genoem kon word aangesien die begrip Afrikaner sedert 1707 reeds gangbaar is en kultuur-histories verantwoordbaar is 1).

Tog is daar prinsipieel 'n onderskeid tussen die Afrikaanssprekende en die Afrikaner. Tussen die Afrikaanse nasie en Afrikanervolk is daar ook onderskeid te tref. Hierdie prinsipiële onderskeiding as ideële onderskeiding moet ook reëel wees.

Wat is dan nou die prinsipiële verskil tussen die Afrikaanse nasie en Afrikanervolk?

Die Afrikaanse nasie leef en werk saam met die Afrikanervolk in Suid-Afrika as kultuurbodem. Die kosmosopenbaring spreek duidelik tot die Afrikaanse mens. Die ryk verskeidenheid van die kosmos in Suid-Afrika laat die Afrikaanse mens die werke van God duidelik aanskou. Deur die wetenskaplike navorsing en openbaarmaking van die resultate van die ondersoek in die kosmosopenbaring, kry die Afrikaanse mens deel aan die kennis van die skepsele as letters in God se skeppingsboek.

Die Woordopenbaring word in die Afrikaanse taal beskikbaar gestel. Deur die verkondiging van die Evangelie kry die Afrikaanse mens ook deel aan die volle openbaringe van God. Die beskikbaarheid van die Woord bied 'n geleentheid aan elkeen om te mag deel in hierdie openbaring. God se handeling met die Afrikaanse mens in sy geskiedenis behoort aan hom bekend te wees. Die Geloftefeesvieringe is hiervan 'n bewuste voorbeeld.

Dit is egter by die realisering op hierdie openbaringe dat die prinsipiële onderskeidinge na vore kom.

Die Afrikaanse mens word in Suid-Afrika gebore. Deur sy familie is hy histories-etnies verbonde aan die Afrikaanse nasie. Hy word in die nasie in-gebore en word deur natuurlike afstamming deel van die Afrikaanse nasie. Dit wil sê op natuurlike en konkrete wyse is hy nou

---

1) Van Jaarsveld (1976, p. 43); ook Spies & De Kock (s.j., p. 10).

verbonde aan 'n Afrikaanse nasionaliteit.

Deur die tradisie word die natuurlike kultuur - verlossingskultuur - deel van die lewenswyse van die Afrikaanse mens. Die Afrikaanse mens het van nature deel aan die verloop van die geskiedenis en lewensetos van die Afrikaanse nasie. Die Afrikaanse mens het dus vanuit sy histories-etniese ingebore-wees-in die nasie, 'n deel aan die samelewing van nie-gelowiges.

As nasie hùlle is wat nie gelowiges is nie, is die Afrikaanse mens, as lid van die Afrikaanse nasie, die ongelowige en dus die draer van die natuurlike kultuur, dit wil sê verlossingskultuur.

Van Jaarsveld wys daarop dat deur die Afrikaner van die begin af die onderskeid getref is tussen "Christen" en "heiden" 1). As deel van sy Gereformeerde Protestantse kultuur, het die Afrikaner die kleurskeidslyn gebruik as maatstaf vir dié onderskeid. Hierdie onderskeiding is getref tussen die Afrikanervolk en die Nie-blanke nasies.

J.C. Coetzee dui daarop dat die Christen vanuit watter volk ook al, nader aan my as Christen-Afrikaner is, as die ongelowige Afrikaanse mens 2). Hieruit en vanuit die uitspraak dat in Jesus Christus die waaragtige Afrikanervolk deel van die omvattende Godsvolk is, kan die volgende konklusies getrek word:

Die Afrikanervolk is hùlle wat deur goddelike uitverkiesing in Jesus Christus deel word van die Godsvolk. Die Afrikaanse mense wat vanuit die nasie wedergebore word in die volk in, is waaragtige Afrikaners. Hulle vorm as waaragtige Afrikaners die Afrikanervolk.

Die Afrikanervolk woon met die Afrikaanse nasie in Suid-Afrika as kultuurbodem saam. Hulle is histories-etnies deel van die nasie, maar hul kultuur-historiese verbond-enheid toon 'n andersoortige tradisie. So byvoorbeeld word hul deel van mekaar in hul doop-verbond-enheid. Die familie-tradisie van die Afrikanervolk verskil van dié van die Afrikanernasie.

Die lede van die nasie en volk is in hulle alledaagse lewe met mekaar

---

1) Van Jaarsveld (1976, p. 43-44).

2) Coetzee, J.C., bandopname van diskussie.

vermeng. Dit is egter in 'n alledaagse doen en late dat hulle van mekaar verskil.

Kultuurhistories gesien, strek die Afrikanervolk hom uit van die tydsfase van volkswording af tot vandag toe. Die Afrikanervolk het dus deur sy hele geskiedenis deel aan die Godsvolk. Deur die kultuurhistorie was hulle die "volk van getuienis" te midde van die nasie.

Wanneer die bogemelde van toepassing gemaak word op alle nasies in Suid-Afrika, kan as volg gekonkludeer word. Histories-etnies is die Afrikaanse nasie, Zoeloe-nasie en Sotho-nasie ensovoorts woonagtig in Suid-Afrika as kultuurbodem. Te midde van die onderskeie nasies is die volk as Godsvolk teenwoordig byvoorbeeld die Christen-Afrikaner, Christen-Zoeloe, Christen-Sotho, ensovoorts. Al hierdie onderskeie volke saam vorm ideël die Godsvolk in Suid-Afrika. Die kulturele toekomsverwagting van die Gereformeerde Protestantisme voorsien die moment wanneer God self sal sê: "Gaan uit haar uit my volk" 1). Hierdeur roep God uit alle nasies Sy volke - Christen-Afrikaners, Christen-Zoeloes, Christen-Sotho's en dies meer - tot Godsvolk. Hierin is die beginsel van die universele Godsvolk in sy kulturele eindbestemming geleë.

Samevattend kan dus gesê word, dat die Afrikanervolk te midde van die Afrikaanse nasie in Suid-Afrika as kultuurbodem woonagtig is. Oor die hele kultuurhistorie van die Afrikaner is hierdie onderskeiding teenwoordig. Die onderskeiding word vergestalt deur die verskil in die reaksie van die Afrikaanse mense op die Openbaringe van God. Die Afrikanervolk reageer in gelowige gehoorsaamheid; die Afrikaanse nasie in ongelowige verontskuldiging.

## 1.2 Die Afrikaanse Volkskultuur

Die Afrikaanse volkskultuur is die gehoorsame openbaarmaking van die kennis van die Openbaringe van God deur die Afrikanervolk in Suid-Afrika as kultuurbodem.

Die Afrikaanse volkskultuur moet die antwoord wees op die roeping deur God. Die Afrikanervolk is amptelik geroepe om in Suid-Afrika draers te wees van die volkskultuur.

---

1) Openbaring 18:4.

Roepingsbewustheid en roepingsvervulling is wesenlike kenmerke van die Afrikaanse volkskultuur. Selfs in afgesonderheid, gedwonge of spontaan, was dit deel van die Afrikaner se lewensetos. Veral die "huisaltaar" het bygedra tot die aanvaarding van die amptelike roeping 1). Die Afrikaanse volkskultuur is vir die Afrikanervolk die vergestalting van die kultuuropdrag van God aan alle volke en nasies.

Die Afrikaanse volkskultuur is voortdurend onderworpe aan 'n kultuurkrisis. Die kultuurkrisis ontstaan waar kulture van die volk en nasie teenoor mekaar te staan kom en onderling vermeng word, want daar vind 'n voortdurende sinkretistiese enkulturasie plaas tussen die kulture van die volk en nasie onderskeidelik. Die feit dat die volk te midde van die nasie sy kultuur beoefen en in nou kontak met die nasie leef en werk, bring 'n kulturele wisselwerking van bevrugting en beïnvloeding mee.

Die Afrikaanse volkskultuur is voortdurend blootgestel aan die beïnvloeding deur die kultuur van die Afrikaanse nasie. Die proses van beïnvloeding van die Afrikaanse volkskultuur veroorsaak 'n kultuurkrisis in die volkskultuur. Sekere kultuurkomponente in die kultuur word aangetas en kan selfs vervaag en ook verdwyn. Die kultuurkrisis lei selfs daartoe dat die vergestalting van die roepingsgestalte vervaag of verwronge kan raak. Die kultuurkrisis hef egter nie die roepingsgestalte van die volkskultuur op nie. Inteendeel, verskeie reaksies kom na vore. 'n Bekende reaksie by die Afrikanervolk is die stryd om behoud van die volkskultuur. Vergelyk hier die Groot Trek en reaksies teen Liberale oorheersing van die Afrikanervolk 2).

Die kultuurkrisis in die volkskultuur word bestry deur die proses van bevrugting. Die Afrikaanse volkskultuur werk bevrugtend in op die nasionale kultuur van die Afrikaanse nasie. Die bevrugting werk sterker in op die nasionale kultuur namate die dinamiek van die volkskultuur na vore kom. Die dinamiese bevrugting geskied wanneer die volkskultuur reformatories gesuiwer word. Die reformasie eis 'n gehoorsame antwoord op die roeping van die volk om die roepingsgestalte van die Godsvolk te vergestalt.

---

1) Vgl. Van Jaarsveld (1976, p. 45 & p. 85).

2) Kyk Hanekom (1951).

Met ander woorde die Afrikanervolk moet 'n gehoorsame wyse van lewensindiensstelling handhaaf. Die Afrikanervolk moet 'n gehoorsame openbaarmaking van die openbaringe van God vergestalt. Die dinamiese vergestalting van die volkskultuur bring mee 'n sterker bevrugtende inwerking op die nasionale kultuur. Die bevrugtende inwerking, spruit uit 'n steeds teenwoordige roepingsbewustheid.

Namate die Afrikaanse volkskultuur dominant vergestalt word, sal die verskille tussen die onderskeie kulture duideliker word. Wanneer die dominansie afneem, word die verskille minder opvallend in die onderskeie kulture.

Samevattend kan dus gesê word dat die Afrikaanse volkskultuur die lewensetos is waardeur die nasionale kultuur bevrug moet word. Die bevrugting van die nasionale kultuur van die Afrikaanse nasie is die roepingsvervulling van die kulturele roeping van die Afrikanervolk. Die gehoorsame openbaarmaking van die kennis van die openbaringe van God deur die Afrikanervolk geskied veral deur die inwerking van die volksidentiteit en volkskarakter op die Afrikaanse nasie.

## 1.3 Afrikaneridentiteit

Afrikaneridentiteit is volksidentiteit. Die volksidentiteit is 'n kulturele identiteit. Afrikaneridentiteit is daardie kulturele identiteit wat die eendersheid en andersheid in die Afrikaanse kultuur vergestalt. Afrikaanse kultuur behels sowel verlossende as verloste kultuur in enkaptiese vervlegting met mekaar soos dit in die paragraaf hierbo uiteengesit is.

Die Afrikaneridentiteit het as uitgangspunt die Afrikaanse volkskultuur. Die volkskultuur dien as fondament van die volksidentiteit. Die dominante komponente in die volkskultuur naamlik die godsbegrip en geloofsbelydenis is die bindende faktore vir die volksidentiteit. Die kulturele eendersheid van die Afrikanervolk word bepaal deur die geestelike keersy van sy kultuur, dit is sy konsepsiewêreld. Die godsbegrip en belydenis is die mees konstante komponente van die volkskultuur. Dit wat deur die hart geglo word en deur die mond bely moet word, is die konstante waaraan die eendersheid getoets word.

Die Gereformeerde Protestantisme is die kultuurstroming waaruit die Afrikaanse volkskultuur na vore kom. Die Afrikaner-identiteit is die medium waardeur die volkskultuur in lewenspraktyk beoefen word. Dit

is egter die teosentriese godsbegrip eie aan die Gereformeerde Protestantisme, en die Gereformeerde belydenisse wat die eendersheid van die kulturele identiteit bepaal en rig. Die eendersheid van godsbegrip onder die volk beklemtoon die eendersheid na binne. Die Afrikanervolk behoort hierdie eendersheid te vertoon. Die konstante beïnvloeding van die volkskultuur het egter gelei tot 'n verandering van godsbegrip. Die verengelsingsbeleid 1) teenoor die Afrikaner het tot gevolg gehad dat daar 'n klemverskuiwing in die Afrikaanse volkskultuur gekom het. Hierdie klemverskuiwing is geleë in die godsbegrip. Die aanslag van die deïstiese kultuur en tans die pragmatiese Anglo-Amerikaanse kultuur tas die eendersheid van die volksidentiteit aan. Die kultuurkrisis kan so omsit in 'n identiteitskrisis.

Die aanslag op die konstante in die Afrikaanse volkskultuur, lei eventueel tot 'n identiteitskrisis van 'n opgaan in gelykvormigheid met ander, of die handhaaf van identiteit. Hierdie keuse was dié van die Afrikaner vanaf sy volkswording tot vandag. Die behoud van Afrikaner-identiteit is die handhawing van Afrikaner-eendersheid te midde van die nasie. 'n Steeds "dieselfde" bly van die konstante faktor,naamlik die godsbegrip en Geloofsbelydenis 2).

Dit is as gevolg van die andersheid in godsbegrippe dat die kulturele identiteit ook andersheid inhou. Die kulturele andersheid impliseer dat in die konstante daar 'n andersheid geleë is. Die kulturele andersheid is geleë nie net teenoor anderstaliges of -kleuriges nie, byvoorbeeld die Engelssprekende bevolkingsgroep of Xhosa-nasie nie, maar ook teenoor die Afrikaanse nasie.

Afrikaneridentiteit as kulturele andersheid kan nie net beperk word tot die Afrikaner-Engelsman-verhouding of wit-swart-verhoudinge nie.

Vanuit die gesigshoek van die volkskultuur en volksidentiteit is daar binne die Afrikaanse samelewing 'n andersheid tussen Afrikaner en Afrikaanssprekende. Hoewel daar op die oog af 'n eenvormigheid in die kulturele identiteit is, is dit in die andersheid van die kultuur dat die kulturele andersheid ingebed is. Hierin lê die wesensverskille van die roepingsgestalte.

---

1) Vgl. Van Jaarsveld (1976, p. 85 e.v.), en Fisher (1969, p. 56 e.v.).
2) Vgl. Kulturele Identiteit, p. 33.

Die dinamiek van die Afrikaneridentiteit word versterk deur die andersheid. Dit is egter die eendersheid wat die Afrikaneridentiteit vitaal hou. Die eendersheid van die Afrikaner eis dat die indiwidu hom moet vereenselwig met die Afrikanervolk as Godsvolk. Die volkseendersheid waarin die indiwidu veranker is, word behou deur die konstante komponente van die godsbegrip en geloofsbelydenis. Met hierdie verankerdheid word die Afrikaner draer en vergestalter van die volkskultuur.

Identiteitsbehoud van die Afrikanervolk is deel van die kulturele roeping van die Afrikaner. Volksidentiteit staan teenoor nasionale identiteit soos Suid-Afrikaner, wat bloot 'n burgerskap kan wees. Afrikaneridentiteit as volksidentiteit behoort die voertuig te wees waardeur die bevrugting van die nasionale kultuur geskied.

Samevattend kan ons sê dat die behoud van die Afrikaneridentiteit verbonde moet wees aan die behoud van die volksidentiteit. Hierdie behoud geskied deur die erkenning van die kulturele eendersheid in die volk en die kulturele andersheid teenoor die nasie. Afrikaneridentiteit kan alleen ware identiteit wees vanuit die gesigsveld van die volk as Godsvolk en die volkskultuur as gehoorsame openbaarmaking van die kennis van die openbaringe van God.

## 1.4 Afrikaanse Volkskarakter

Die volkskarakter is die geestelike vrug van die volkskultuur. Die volkskarakter is eintlik die stempel waardeur volksidentiteit en volkskultuur herkenbaar is.

Die volkskarakter van die Afrikanervolk behoort gelyk te wees aan dié van die Godsvolk. Die karakteristieke kenmerke van die Afrikaner is dit waaraan die Afrikanervolk gemeet word. Die karaktertrekke van die volkskarakter dien as ingang- of uitgangspoorte vir die enkulturasie proses van beïnvloeding en bevrugting.

Binne die raamwerk van die vraagstuk van menseverhoudinge, volkereverhoudinge en rasseverhoudinge in Suid-Afrika, kry die begrip volkskarakter 'n unieke betekenis. Die volkskarakter van die Afrikaner behoort die geestelike hoedanighede in verhoudinge en gedragshoudinge van die Godsvolk te vertoon. Die karakteristieke kenmerke van die Afrikaner se volkskarakter is die sensitiewe senupunte van die volkskultuur. Die Afrikaneridentiteit as spieëlbeeld van die volkskultuur, vind

deur die volkskarakter toegang tot die kulturele andersheid van die ander mens met wie hy in aanraking kom.

Die kultuur-historiese gegewens van die Afrikaanse volkskarakter word hoofsaaklik verkry uit werke van vroeë reisigers, buitelandse joernaliste en historici. Enkele karaktertrekke kan hier genoem word.

Sekere karaktertrekke laat blywende indrukke by hulle wat die Afrikaner bestudeer. Van hierdie karaktertrekke word toegeskryf aan die "Calvinistiese-Protestantisme". Vanuit hierdie kultuurstroming kom karaktertrekke na vore wat dieselfde gebly het vanaf die volkswording van die Afrikaner tot vandag toe.

Bo aan die lys word by herhaalde keer geplaas die sterk godsdienssin van die Afrikaner. Fischer wil dat hierdie kenmerk oorheersend is en van die Hugenote kom 1).

Die godvresendheid van die "boer" is deur die vroeë reisigers opgemerk 2). Die huisgodsdiens en Bybel speel 'n belangrike rol in die lewe van die Afrikanerhuisgesin. In die afgesonderde grenslewe van die koloniale dae, die tydperk van trek en stryd en in die lewe van die stad, word die karakteristieke kenmerke van godvresendheid en godsdienssin nog gevind.

Ten spyte daarvan dat sommige skrywers ligtelik met hierdie eienskappe omgaan, bly dit 'n wesenskenmerk van die Afrikaner se volkskarakter 3). Met die godsdienssin as basis word enkele ander karaktertrekke genoem soos roepingsbewustheid, konserwatisme, klem op persoonlike vryheid, indiwidualisme, liefde vir die onafhanklikheid van die volk op kulturele en politieke terrein 4). Die Afrikaner se

---

1) Fisher (1969, p. 14-17). Vgl. Van Jaarsveld (1976, p. 43 e.v.).
2) Eybers: Op die voetspore (1926, p. 145): vgl. ook sy Outydse sketse (s.j.). Vgl. Fisher (1969) se beskrywing van Edward Blount soos deur hom aangehaal.
3) Drury (1967, p. 19). Hy skryf: "God called them, God guided them, God raised them up and showed them the path: God is Afrikaans to this very day". Fisher (1969, p. 30) toon egter 'n beter begrip vir hierdie godsdienssin van die Afrikaner: "Their victories .. were not their own work but the work of the Lord. Likewise their misfortunes."
4) Vgl. Fisher (1969, p. 29-30), en Van Jaarsveld (1976, p. 45,49,94).

optrede teenoor sy medemens openbaar die karaktertrekke van gasvryheid, geduld en moed, eiesinnigheid en hardkoppigheid, 'n ingebore rusteloosheid en drang om te swerf en die erkenning van gelykwaardigheid - om aan ander te wil gee wat hy vir homself opeis 1). Sy eie gedragshouding gee die kenmerk weer van 'n beheersdheid met 'n diepliggende wil om te veg vir die eie. Daarnaas word die Afrikaner as tegelyk hardwerkend en lui beskryf. Volgens sommige spruit sy luiheid uit die feit van goedkoop swart-arbeid. Sy vindingrykheid en wil tot selfstandigheid word verbind aan sy strewe tot onafhanklikheid 2).

Tussen die genoemde kenmerke van die Afrikaner se karakter en dié van die volkskarakter is daar opvallende ooreenkomste. Die stempel van die volkskarakter van die Godsvolk is weens sy Gods-verbondenheid op die Afrikaner afgedruk. Tog bly daar karaktertrekke van die volk wat nie duidelik of glad nie by die Afrikaner teenwoordig is nie. Die Afrikanervolk moet daarna streef om in volle afhanklikheid aan die bestiering van God die volkskarakter te vertoon.

Die geestelike hoedanighede van liefde, blydskap, en vrede het te make met die Afrikanervolk se direkte verhouding tot God. Die liefde tot God dring die liefde vir die kulturele eiendomlike van die volk - dit is die liefde tot God, die volk en die land as kultuurbodem. Die liefde vir die eie moet altyd staan in die teken van die gerigtheid tot en deur God. Die verwaarlosing deur die Afrikaner van Sy eie kultuur dui op die onbeantwoorde verhouding tot God se liefde.

Die volkseenheid van die Afrikaner behoort vir hom vreugde of blydskap te verskaf. Die onderlinge verbondenheid, onafhanklikheid en oorwinning oor bedreiging, is geleë in die vreugde dat God Beskikker oor die lotgevalle van die volk is. Roepingsvervulling is hierin verbind aan arbeidsvreugde. Die karaktertrek van hardwerkendheid is lank reeds deel van die Gereformeerde lewensstyl. Hierdie karaktertrek van vreugde deur arbeid en lotsverbondenheid word deur sommige in die huidige welvaart op die agtergrond geskuif.

Die soek na vrede met God en naaste is die dinamiek wat soek na die

---

1) Vgl. Van Jaarsveld (1976, p. 46 en 50), en Eybers (1926, p. 115).
2) Vgl. Van Jaarsveld (1976, p. 94), Eybers (1926, p. 115) en Drury (1967).

behoud van die volkseenheid. Die karaktertrek is egter nou verbind met dié van lankmoedigheid. Die Afrikaner sien homself nog steeds as die draer van die Christelike kultuur en die instrument in die hand van God. Hierdie geloofsafhanklikheid bied aan hom die vermoë om met 'n mate van selfbehoud op te tree. Hy is nie net draer van die vredesboodskap nie, maar ook bewaker van die vrede. Hieruit getuig die vrede teenoor en tussen die swart nasies in en om Suid-Afrika.

Die karaktertrekke van lankmoedigheid, vriendelikheid en goedheid dui die verhoudinge tot die mede-volkgenote en selfs dié teenoor ander nasies aan.

Die Afrikaner se geduld teenoor hulle wat hom uittart, is oral bekend. Dit is egter die aanhoudende bedreiging van identiteitsverlies en die kultuurkrisis wat daartoe lei dat die Afrikaner soms met 'n houding van onbuigsaamheid terugslaan. Hoewel hy nooit ekspansionisties dink nie, word vrede gesien binne die raamwerk van volksbehoud. Die stryd om te kan voortbestaan vanaf die volkswording tot vandag toe, bring hierdie karaktertrek telkens na vore 1).

Vriendelikheid sowel as gasvryheid is oral nog deel van die Afrikanerfamilie en huisgesin se karakteristieke kenmerke 2). Uit my gesprek met 'n Londenaar het dit geblyk dat hy nêrens elders so 'n openlike gasvryheid gesien het as in die huise van die Afrikanerboer nie.

Vriendelikheid teenoor die swartman gaan soms ook gepaard met strengheid. Hierdie strengheid word gehandhaaf onder die naam van geregtigheid. Dit is hierdie karaktertrek wat vir 'n tyd lank op die agtergrond gedwing is in die verhouding tot nie-volksgenote of -rasgenote. Die kenmerk van goedheid of goedhartigheid hang ten nouste met hierdie verhouding tot ander saam.

Dit is in hierdie karaktertrekke van die volkskarakter van die Afrikaner dat daar 'n mate van terughoudendheid begin intree het. Dit mag deels toegeskryf word aan die klemverskuiwing in die volkskultuur wat meer streef na 'n Suid-Afrikaanse nasie.

---

1) Vgl. Fisher (1969, p. 349).

2) Vgl. Fisher (1969, p. 51). Aantekeninge van Pringle.

Getrouheid, sagmoedigheid en selfbeheersing het te make met die etos van die volk.

Met die tyd het verskeie van hierdie kenmerke vervaag. Betroubaarheid teenoor die volksgenote en die eie identiteit het met die verstedeliking en industralisering afgeneem. Waar iemand die Afrikaner vroeër vertrou het met kapitaal en beleggings, word die Afrikaner deur sommige selfs as roekeloos, onverantwoordelik en as selfs onbetroubaar beskryf. Daaglikse hofsake in verband met bedrog, diefstal, roof en dies meer, waar Afrikaanse name by betrokke is, neem toe. Dit wil voorkom asof die Afrikaner onbetroubaar is en hierin sy swakste karaktertrek vertoon.

As gevolg van jarelange kultuurkrisisse, waaronder die Afrikaner moes leef, is die kenmerk van sagmoedigheid of verdraagsaamheid beperk. Hoewel die Afrikaner die wil van God aanvaar en die leiding van Sy Gees erken, is dit soms met 'n eiesinnige selfstandigheid. Ten spyte hiervan was die kenmerk van 'n gesofistikeerde beskaafdheid of saggeaardheid eie aan die Afrikanervrou. Die sagmoedigheid van die Afrikanervrou is kenmerkend teenoor die blatante ruheid van die Hollandse eweknie 1). Die bereidheid om die goeie aan te leer en om konsidirerend op te tree - ook teenoor die swartvrou - is eie aan die Afrikanervrou se sagmoedigheid.

Selfbeheersing is die kroon van die volkskarakter. Die behoud van die Afrikaneridentiteit is ten nouste verbind aan die beheersingsaspek van die volkskultuur. Die beheersing van die volk se kultuur deur die Gees van God is alleen moontlik indien die volk dit gelowig en gehoorsaam aanvaar. Die beheersingskomponent van die volkskultuur bring die volkskarakter sterker na vore. Die Afrikaanse volkskarakter besit 'n sterk element van selfbeheersing. Veral in die krisissituasie kom die selfbeheersing van die Afrikaner na vore. Dit is egter die gebrek aan selfbeheersing in die alledaagse doen en late wat die vergestalting van die roepingsgestalte vertroebel.

Die Afrikaanse volkskarakter het die potensiaal om die volkskarakter van die Godsvolk te vertoon. Dit bly 'n reformatoriese taak om die kenmerke van die volkskarakter steeds suiwerder en sterker na vore

---

1) Vgl. Fisher (1969, p. 353); Eybers (1926, p. 128).

te laat kom. Die Afrikaanse volkskarakter is die stempel wat die volkskultuur deur bevrugting kan afdruk op die Afrikaanse nasie. Dit is met die karaktertrekke van die Afrikaanse volkskarakter dat die Afrikaner die verhoudinge tot die ander volkere in Suid-Afrika kan bevrug. Wanneer die karaktertrekke van die Afrikanervolk en byvoorbeeld die Zoeloe-volk gelykstaande is aan dié van die Godsvolk, sal daar die gewenste volkereverhoudinge of menseverhoudinge gebou kan word.

Dit is aan die karaktertrekke van die Afrikanervolk as Godsvolk wat die vergestalting van die Afrikaanse roepingsgestalte getoets moet word.

Kortliks is die karaktertrekke van die Afrikanervolk die stempel waarmee die volkskultuur bevrugtend afgestempel word op die nasionale kultuur. Hierdie Afrikaanse volkskarakter moet meer en meer die karaktertrekke van die Godsvolk vertoon. Deur die kenmerke van die volkskarakter te vertoon, kan die Afrikanervolk in sy volkereverhoudinge ander volke ontmoet.

## 2. Samevatting

Die Afrikaanse mens woon in Suid-Afrika as kultuurbodem. In die histories-etniese verbondenheid het hy aan òf die Afrikaanse nasie òf Afrikanervolk deel. Vanuit die natuurlike afstamming is die Afrikaanse mens as nasie draer van die natuurlike, dit wil sê, verlossingskultuur. Deur 'n waaragtige geloof in Jesus Christus, dit wil sê deur van-Bo-gebore te word, verkry die Afrikaanse mens deel aan die Afrikanervolk.

Die Afrikaanse taal alleen is nie meer van ware Afrikanerskap 'n aanduiding nie. Alhoewel die Afrikaanse nasie en Afrikanervolk dieselfde kultuurbodem bewaar, dieselfde taal praat en nog verskeie dinge in gemeen het, verskil hulle kulture van mekaar. Die Afrikanervolk vertoon die verloste kultuur en die Afrikaanse nasie 'n verlossingskultuur. Die kulturele onderskeiding is in die volksidentiteit en volkskarakter van die Afrikaner merkbaar.

Die sinkretistiese enkulturasie tussen die kulture van die Afrikanervolk en die Afrikaanse nasie vind voortdurend plaas. Die kultuurkrisis van die Afrikaner is tegelyk ook 'n identiteitskrisis. Die Afrikaner-

identiteit as kulturele andersheid kom teenoor alle nasies te staan. Die kulturele andersheid van die Afrikaner kom in die volkskarakter tot uiting. Die Afrikaner is steeds geroepe om die karakteristieke kenmerke van die Godsvolk te vertoon. Sommige van hierdie kenmerke is in die Afrikaner se volkskarakter teenwoordig. Ander kenmerke het òf reeds verdwyn òf verwronge geraak òf is nouliks merkbaar.

Die volkskarakter is eintlik die stempel waaraan die volksidentiteit en volkskultuur herkenbaar is. Die volkskarakter van die Afrikaner is die stempel waarmee die volkskultuur bevrugtend op die volksvreemde kulture en so op die Afrikaanse nasie afgestempel kan word.

Ten spyte van die kultuurkrisis waarin die Afrikaner voortdurend verkeer, is dit sy reformatoriese taak om al hoe duideliker die roepingsgestalte van die Godsvolk te vertoon. Dit is deur die vergestalting van die roepingsgestalte van die Godsvolk deur die Afrikaner dat die Afrikaner met die ander nasies en volke verhoudinge kan bou.

Met ander woorde die kulturele andersheid tussen die Afrikanervolk en die Afrikaanse nasie is 'n prinsipiële onderskeiding. Sodanige onderskeiding kom in die kultuur, identiteit en karakter van sowel die Afrikanervolk as Afrikaanse nasie tot sigbare vergestalting.

## 3. Die kulturele roepingsvergestalting van die Afrikanervolk

Die kulturele roepingsvergestalting is die reële spieëlbeeld van die kulturele roepingsgestalte van die volk. Dit is die verwesenliking en/of verwerkliking van die kulturele roepingsgestalte in die lewensetos van die besondere volk.

Die kulturele roepingsvergestalting van die Afrikanervolk is die reële spieëlbeeld van die Gereformeerde Protestantse roepingsgestalte. Tradisioneel is die Afrikaanse volkskultuur deur die Gereformeerde Protestantse kultuurdominante bepaal.

Om dus die kulturele roepingsvergestalting van die Afrikanervolk te ontleed, moet daar na enkele bepalende komponente gekyk word. Die godsbegrip, belydenis, lewensbeskouing, wêreldbeskouing en wêreldbeeld is hier van belang. Om die roepingsvergestalting te ontleed, moet daar gepoog word om so na moontlik aan die bestaande realiteit daarvan te kom. Daar kan dus nie net gekyk word na die beskouing van die Afrikaner oor homself nie. Die beskouinge van ander uit eie geledere sowel as dié uit ander bevolkingsgroepe, moet ook besien word. Op dié wyse, kan gepoog word om 'n dwarssnit van die kulturele komponente te maak.

### 3.1 Die godsbegrip

Die amptelike godsbegrip van die Afrikanervolk kan as teosentries omskryf word. Dit staan met die begrip Christelik-Nasionaal in verband. Die teosentriese godsbegrip word deur die gedagte en geloofsoortuiging van "Uit Hom, deur Hom, tot Hom is alle dinge" (Romeine 11:36) gedra. Die hoofgedagte wat hierin omskryf word, is die allesinsluitende verantwoording teenoor God. Alles wat die Afrikanervolk is en word en doen, is aan hierdie gedagte gekoppel.

Die roepingsbewustheid van die Afrikaner staan in verband met die begrip van verantwoording. Verantwoording impliseer die uitbou van die begrip, Christelik-Nasionaal. Dit erken nie net die volkseie nie, maar gun ook aan die ander sy andersheid. So word die Afrikaner soms as Ou-Testamenties geroepe volk gesien 1).

Die godsbegrip van God as Skepper, Onderhouer en Voleinder van alle

---

1) Vgl. Treurnicht (1976, p. 62 e.v.).

dinge, het vir die jong Christen-Afrikaner die betekenis van die Koningskap van Jesus Christus verkry. Die Christelike lewenswyse is om die Koningskap van Christus op alle lewensterreine te erken. Hierdie godsbegrip is nog die diepliggende godsbegrip van die Afrikaner. Hier kan egter ook verval intree as gevolg van ongehoorsaamheid aan God se Woord en die Belydenis 1).

Tog vertoon die Afrikaner 'n mate van gespletenheid. Die gespletenheid begin reeds in die godsbegrip van die Afrikaanse mens 2). Verskeie persone skryf dit toe aan die vestiging van owerheidsweë van die Engelse kultuur aan die Kaap in 1806. Die vraag is egter in hoe 'n groot mate daar wel Arminiaanse beskouinge aan die Kaap op daardie tydstip teenwoordig was. Arminianisme het telkens ontwaak waar die Gereformeerde Protestantse leer gepredik word.

Die verengelsingsbeleid van veral lord Charles Somerset en lord Milner het die bewuste strewe van die vernietiging van die Afrikaanse volkskultuur voor oë gehad. Daarom het dit amptelik op elke lewensterrein geskied. Van belang is die Kerk se deelname waar, deur middel van Engels, die Deïsme ingedra is in die hart en lewens van die Afrikaners 3).

Die Deïstiese godsbegrip het tot gevolg dat daar skeiding tussen leer en lewe by die Afrikaner ontstaan het. Op hierdie gespletenheid groei die liberale godsbegrip wat God se absolute gesag verwerp. So word God se soewereiniteit betwis en stel die mens homself as God en as gesaghebbende voor. Die gevolg is 'n gespletenheid wat die lewe bo die leer verhef. Die lewe is dan meer as die leer 4). Dit lei tot 'n kulturele en kerklike vervreemding van die Belydenis en geloofsekerheid onder die Afrikaners. Die skuld hiervoor word voor die deur van die Afrikaanse Kerke, as deel van die godsdiensstruktuur van die Afrikaner, gelê 5). Hierdie vervreemding en gespletenheid het egter die hele aksie-radius van die Afrikanervolk se kultuur beïnvloed.

---

1) Vgl. Treurnicht (1976, p. 94 en 75).
2) Vgl. Botha, E. (1977, p. 17), en Treurnicht (1976, p. 39).
3) Scholtz : Afrikaanse volk 'n toekoms? (1954, p. 120 e.v.). Vgl. Floyd (1975, p. 122 e.v.).
4) Vgl. Scholtz: Liberalisme (1965, p. 76 e.v.).
5) Vgl. Alant (1975, p. 104) en Treurnicht (1976, p. 39).

Die toenemende chiliastiese strominge onder die Afrikaner moet kortliks genoem word. As gevolg van die verskeurdheid tussen leer en lewe, vind ons 'n toename van die Chiliasme en die sogenaamde Pinksterkerke. Die feit dat 'n groot aantal Afrikaanssprekendes die verlossingsmomente van die Gereformeerde Protestantse geloof betwyfel, lei tot 'n toename in die soeke na 'n geesvervulde lewe. Iemand het die verval beskryf as die onbetaalde rekening van die Kerk. Die ontrafeling van die Drie-eenheid van God geskied in hierdie godsbegrip.

Myns insiens is die potensiaal van volksontbinding reeds teenwoordig in die verskeurdheid en onvolledige godsbegrip van die Afrikaner. Hierdie proses het tot nog toe nie opgehou nie. Hiervan getuig die getal Afrikaanssprekendes wat as sektaries, ongelowiges, kerklos of kerkloos getipeer word.

### 3.2 Die Belydenis

Die Drie Formuliere van Enigheid weerspieël die amptelike Geloofsbelydenis van die Afrikanervolk. Al drie die Afrikaanse Kerke huldig op een of ander wyse die Belydenisskrif wat tradisioneel eie is aan die Gereformeerde Protestantse kultuur.

Deur die Kategetiese onderrig, word klem op die Woord en Belydenis gelê. Beide Woord en Belydenisskrif moet as rigsnoer vir die lewe dien. Dit is amptelike beleid van byvoorbeeld die N.G. Kerk dat die Belydenisskrif moet lei tot 'n vereniging van leer en lewe. Die lidmaatskap van die Kerk onder die Afrikaner word deur die Geloofsbelydenis bepaal. Die histories-etniese band van die Afrikaanse mens is nie meer vanselfsprekend die erkenning van kerkverband nie 1).

Die Rasionalisme en Deïsme het daartoe gelei dat selfs die Belydenisskrifte van die Kerk bevraagteken word. Hoewel die Kerk nog as "amptelik" beskou word, wyk van die Afrikaners af van dit wat aanvaarde beginsels of norme was. Dit wil voorkom asof van die Afrikaners hul leer en lewe buite 'n "amptelike" beleid of Belydenis wil inruim 2). Die "moderne" Afrikaner se kulturele lewe hou volgens sommige nie meer verband met sy konvensionele Afrikaanse Kerk en so die Belydenis nie. Die amptelike Belydenis het dus nie meer vir die lewe iets te sê nie,

---

1) Vgl. Treurnicht (1976, p. 76).

2) Alant (1975, p. 108).

maar 'n nuwe "belydenis" moet vir die lewe van die "moderne" Afrikaner geld.

So vind ons dat veral die beskouinge rondom Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis oor die amp van die owerheid, telkens in die gedrang kom. Die eis om die verandering van die artikel lê in veral die sosialistiese kultuurpatroon veranker 1). Hiermee saam kry ons die invloed wat deur die Kuyperiaanse beskouinge van die "gemene gratie" (algemene genade) in die teologie van die Afrikaanse Kerke ingedra is.

Alles in ag genome wil dit voorkom asof die gespletenheid by die Afrikaner ten nouste verbonde is aan die ontkoppeling van die erkende "amptelike" Gereformeerde Protestantse Belydenis van die alledaagse lewe.

So 'n ontkoppeling kan lei tot verswakking van die belydenis as rigsnoer vir die lewensetos van die Afrikanervolk. Dit het 'n verdere gevolg naamlik dat die duidelike vergestalting van die kulturele roepingsgestalte van die Afrikanervolk vervorm en verwronge raak. Dit kan eventueel daartoe lei dat die Afrikanervolk nie meer in sy lewenspraktyk 'n openbare belydenis kan toon wat uit die eg Gereformeerde Protestantse godsbegrip groei nie.

## 3.3 Lewensbeskouing

Dat die Afrikaanse volkskultuur op 'n Gereformeerde Protestantse erfenis gebou is, word allerweë erken. Daar kan egter nie meer met gemak gekonstateer word dat die Christelike lewensbeskouing die deurslaggewende in die lewensetos van die Afrikaner is nie 2).

Ten spyte van die kulturele roeping om ooreenkomstig sy kulturele roepingsgestalte sy lewensstyl te beoefen, is die Christelike lewensbeskouing nie meer verteenwoordigend van die Afrikaner nie 3).

Daar het 'n aksentverskuiwing in die konsepsiewêreld van die Afrikaner plaasgevind. Hierdie verskuiwing kom tot uiting op verskillende maniere. Scholtz wys reeds in 1954 daarop dat die Kerk se invloed

---

1) Venter: Sosialisme (1973, p. 13).

2) Venter: Sosialisme (1973, p. 13).

3) Botha, E.: Afrikanerwees vandag (1977, p. 18).

op die volkslewe in die algemeen afneem. Die gevolg is dat duisende Afrikaanssprekendes nie meer verbonde is aan die instelling wat die grootste invloed op die volkslewe gehad het nie. Daar is al sprake van 'n blanke (Afrikaanse) heidendom. Dit word in 'n mate bevestig deur onder andere sosiologiese studies soos deur Alant aangedui 1).

Die opname van die erkenning van die geestelike waardes lei tot die toename van die materialisme. Die verstedeliking en verryking van homself onder die vaandel van verhoogde lewenstandaard, lei tot 'n gees van materialisme. Hierby word gevoeg die aanslag van die popkultuur 2), waaraan die Afrikaner nie ontkom het nie. Die lewenshouding was dié van toeskouer wees teenoor die lewe. Verder het die dobbel, kaartspeel, dans,verval van morele standaarde en dies meer, hiermee gepaard gegaan 3). In berekening moet gebring word die verskuiwing wat plaasvind as gevolg van die aanslag deur die massa-media of deur die geskrewe en gesproke woord. Dit lei tot die verval van die sedelike standaarde van die volk.

Klem word ook gelê op die toename van sekularisme, permissiwiteit, dialoog ter wille van eenheid, sonder bekering, onder die Afrikaanse mens 4). Dat daar 'n klemverskuiwing in die lewensbeskouing van die Afrikaner plaasgevind het, word allerweë aanvaar.

Daar is egter ook diegene as Christen-Afrikaner wat steeds protesterend teenoor hierdie klemverskuiwing reageer. Dit gaan dus om die gelowige wat uit geloof lewe. Die lewensbeskouing word ten opsigte van die verhouding met ander telkens aan die Woord en roeping van die Christen-Afrikaner verbind 5).

Die roepingsbewustheid van die Afrikaner vorm 'n deel van sy gehoorsaamheid aan die Gereformeerde Protestantse beginsel en aan die Woord

---

1) Scholtz: Afrikaanse volk (1954, p. 80), en Alant (1975, p. 104).
2) Die begrip popkultuur word omskryf (Cantor & Werthman, 1968, p. xxii) as: ".. man in pursuit of pleasure, excitement, beauty, and fulfillment". Vgl. Scholtz: Afrikaanse volk (1954, p. 83) wat die begrip puerilisme gebruik, dit is, die mens op jag na sinlike genot.
3) Vgl. Scholtz: Afrikaanse volk (1954, p. 84).
4) Treurnicht (1976, p. 80-81).
5) Esterhuyse (1977, p. 12 e.v.).

van God.

Die lewensbeskouing van die Christen-Afrikaner is nie net die leef uit die geloof nie, maar is ook 'n diepe geloofsvertroue en geloofsekerheid.

Die Christen-Afrikaner in die stad is nie minder Christen as die landelike georiënteerde Afrikaner nie. Inteendeel die lewensbeskouing van die Christen-Afrikaner is duidelik te onderskei in die kulturele roepingsvergestalting. Iemand het dit uitgedruk dat die Christen in die groot stad se lewenswandel opvallend meer ingeskerp is as die Christen op die platteland.

In die lewensbeskouing en vergestalting van die lewensbeskoulike van die roepingsgestalte, word die andersheid tussen die Afrikanervolk en Afrikaanse nasie in die stad baie skerper onderskei.

### 3.4 Wêreldbeskouing

Die wêreldbeskouing van die Afrikaner word in die reël saam met lewensbeskouing omskryf. So word van 'n Christelike of Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing gepraat. Met die skeiding tussen lewens- en wêreldbeskouinge wat in hierdie studie gemaak word, moet beide afsonderlik vasgestel word.

Aangesien die wêreldbeskouing in Koninkryksperspektief gesien moet word, moet gevra word hoe die Afrikaner die Koninkryk van God sien. Die antwoord op hierdie vraag kan 'n insig gee in heersende wêreldbeskouinge onder die Afrikaner.

Die Afrikaner sien die wêreld as die skepping van God. Die Gereformeerde Protestantse kultuur van die Afrikaner dwing hom daartoe om God as Skepper van alles in en om hom te erken. Hierdie erkenning word deur die Woordopenbaring moontlik gemaak. Die Afrikaner bekyk sy wêreld vanuit die Skrif. Vir die Afrikaner is die Bybel nog Woord van God. Die Bybel leer hom dat die wêreld deur God geskape is. Dit word in geloof aanvaar. Daarom is die wêreld 'n skepping van God.

Namate die skepping deur die wetenskapsopenbaarmaking ontrafel word, leer die Afrikaner meer aangaande die skepping ken. Die wondere van die Skepping word voor sy oë ontvou. Terselfdertyd word hy in 'n

groter mate van die tegnologiese beheersing van die wêreld bewus. Steeds bly dit egter net skepping met God as sy Skepper. Hier is van Koninkryksperspektief op die wêreld weinig sprake.

Ongelukkig word die Koninkryk van God foutiewelik en populêr deur die deursnee Afrikaner nie as deel van sy wêreldbeskouing gesien nie. Deur prediking en sekere teologiese beskouinge, is die Koninkryk van God beperk tot dit wat ewig is, naamlik die Kerk en die "hiernamaals". Die Koninkryk van God word alleen in en deur die Kerk vergestalt. Daarmee saam is die Koninkryk dit wat buite hierdie wêreld geleë is. Die Koninkryk kon alleen na die lewe dit wil sê in die dood, ingegaan word. Die verskraalde beskouing hang saam met die gedagte dat Christus net herskeppend teenoor die mens en sy samelewing opgetree het, hoewel Christus se Koningskap oor alles tog erken word.

Alles wat geskape is, is dus nie vir die Afrikaner Koninkryk nie. Die eensydige beklemtoning van die wêreld, as alleen maar sondig, is hiervoor verantwoordelik. Die Kerk kom teenoor die wêreld te staan. Ten spyte van die uitdrukking, die Kerk is in die wêreld maar nie van die wêreld nie, het die Afrikaner 'n gedagte dat die wêreld die bose verteenwoordig. Die wêreld is voortdurend in stryd met die Kerk en daarom in vyandskap met God 1). Met hierdie Koninkryksperspektief word die wêreldbeskouing verskraal. Daarbenewens word die Koninkryk tot die Kerk en sy werksaamhede vereng. Die wêreldbeskouing van die Afrikaner gaan mank aan 'n verruimde Koninkryksvisie.

Die Afrikaner se wêreldbeskouing toon 'n verdere verskeurdheid. Alhoewel hy die aarde en alles daarin as skepping van God erken, en so ook Suid-Afrika, staan dit vervreemd van die Koninkryk. Immers die Kerk staan vreemd teenoor die wêreld. Dit lei tot 'n breuk tussen Woordopenbaring en die wetenskaplike kennis van die wêreld of skepping 2). Namate die wetenskapsopenbaarmaking voortgaan om die skepping te ontgin, kry die Afrikanerwetenskaplike 'n bepaalde verwetenskaplikte visie op die geskape werklikheid. Hy staan meer en meer teenoor hierdie openbaringsfeite verbysterd. Sy kennis van die kosmosopenbaring bied aan hom 'n wêreldbeeld wat uit 'n bepaalde wêreldbeskouing besien behoort te word. In plaas daarvan dat daar 'n ooreenstemming

---

1) Vgl. Kempff (1969, p. 310).

2) Vgl. Hart (1969, p. 52-61).

moet wees tussen die feite met betrekking tot die waarheid, die Woord-openbaring en kosmosopenbaring, word 'n verwydering bespeur. 'n Breuk het so tussen die Woord- en kosmosopenbaring as openbaringsmiddele ontstaan.

As gevolg van die breuk tussen Woord- en kosmosopenbaring, is daar 'n skeiding tussen Kerk en wêreld. So 'n skeiding vertoon 'n verdere verwydering tussen skepping en Koninkryk. Die wêreld word dus nie as deel van die Koninkryk gesien of verstaan nie. Die soenverdienste van Christus was nie vir die wêreld nie, maar net vir die lewe van die mens. Daar bestaan met ander woorde nog 'n vervreemding tussen God en die wêreld.

So 'n wêreldbeskouing impliseer dat Christus se herskepping onvolledig was. Vir die mens word die wêreld nie 'n strydperk om die Koninkryksbehoud nie, maar 'n tranedal en is die wêreld nie ons woning nie. Ons is maar slegs pelgrims op reis na die ewigheid.

Met so 'n wêreldbeskouing is die alledaagse lewenswandel van die Afrikaner nie 'n deel in die oorwinning van Jesus Christus nie, maar word dit 'n stryd om die wêreld te oorwin. Die amp van die gelowige is dan ook een van die dinge wat steeds in die geloof aanvaar word, maar moeilik in die lewenspraktyk beleef word.

In die stad is die wêreldbeskouing van die Afrikaner tot die Christelike lewenswyse beperk. Die stad word van die Koninkryk uitgesluit. Dit is in die stad dat die Koninkryk konsuis nie bestaan nie. Die stad word met die heersende magte van die bose vergelyk. Die Afrikaner se wêreldbeskouing vertoon veral ten opsigte van die stad 'n gespletenheid. Die gedagte ontstaan dat uit die stad ontvlug moet word om in die "natuur" naby God te kan wees. Die naweek-pelgrim ontvlug die stad om weer eens in die veld en op sy stukkie grond weer tot homself en God te probeer kom.

Die vraag ontstaan of die Afrikaner ooit in die wêreldbeskoulike siening op die werklikheid 'n Christelike wêreldbeskouing gehad het. Die deïstiese inslag van sy wêreldbeskouing kan duidelik bespeur word. Die feit dat die Afrikaanse mens kan sê dat hy in die "natuur" net so naby God kan voel as in die Kerk, bevestig hierdie stelling.

Van "natuurvergoding" is nie veel sprake nie. Indien dit sou be-

staan, kan dit alleen onder 'n klein persentasie intellektualiste of kunstenaars wees. Dit is hoogs onwaarskynlik dat die Afrikaner se liefde vir die veld, plaas en natuurskoon van sy land te make het met verafgoding. Dit het eerder te make met 'n liefde vir die kultuurbodem as deel van die volkseie.

Vanuit die gesigshoek waaruit die wêreldbeskouing van die Afrikaner bekyk is, wil dit lyk asof die wêreldbeskouing weinig van 'n Christelike vergestalting vertoon. Indien bogenoemde wel so is, kan 'n groter verskeurdheid en verwydering van hierdie vergestalting in die toekoms verwag word. Die tegnologiese en wetenskaplike openbaarmaking van die kosmiese gegewens kan slegs twee uitwerkinge op die volkskultuur hê. Die openbaarmaking van die kennis van die kosmosopenbaring sal die Gereformeerde Protestantse wêreldbeskouing steeds meer en meer onderskryf of daarteenoor sal die verwydering tussen Woord- en kosmosopenbaring, of tussen geloof en wete, asook leer en lewe steeds toeneem.

Dit is die Gereformeerde Protestantse wêreldbeskouing wat aan die Afrikaner Koninkryksperspektief en so 'n eskatologiese perspektief bied. Die bestaande wêreldbeskouinge skep die geleentheid tot 'n verdere gespletenheid van die volkskultuur. So 'n gespletenheid sal 'n merk laat op die godsbegrip wat daartoe sal lei dat die kulturele roepingsgestalte vervaag of verwronge vergestalt sal word. Om die amp van die gelowige - koning, profeet en priester - na reg te laat funksioneer, moet deur die verandering in die wêreldbeskouing, die Afrikaner van pelgrim tot mede-arbeider gelei word. So kan die asketisme van die chiliasme nie alleen beperk word nie, maar die dinamiek en vitaliteit van die volkskultuur tot behoud van die Koninkryk van God in Suid-Afrika, as kultuurbodem, ingespan word.

3.5 <u>Wêreldbeeld</u>

Die wêreldbeeld van die Afrikaner word deur die kennis van Suid-Afrika as kultuurbodem gevorm. Geen bepaalde wêreldbeeld is by die Afrikaner oorheersend nie. Inteendeel, verskeie wêreldbeelde word by die Afrikaanse mens gevind.

Die ryke verskeidenheid en skoonheid van die Suid-Afrikaanse kultuurbodem is wêreldwyd bekend. Die verskeidenheid sluit nie net die woestyne, Karoo-vlaktes, tropiese woude, oop velde en bergpieke in

nie, maar ook 'n onbeskryflike veelheid van dier- en plantsoorte. Hierby word ook die groot rykdom aan minerale, bestaande uit edel, half-edel en ander gesteentes, gereken.

Die wêreldbeeld word verder deur die hoeveelheid van verskillende kultureel-etniese groeperinge beïnvloed. Van die primitiewe Boesman tot die welgeklede Jood, die boer op die plaas en die ekonoom in die stad, en al die ander bewoon Suid-Afrika as land van lewensonderhoud.

Die wêreldbeeld van die Afrikaner word deur die gedagte van "'n land wat die HERE jou God voor sorg" gedomineer. Nie net die Afrikaner se kultuurgeskiedenis nie, maar ook sy langdurige droogtes en chroniese waterskaarstes dwing hom tot so 'n beeld.

Die wêreldbeeld van die Afrikaner word tans deur 'n paar faktore beïnvloed. Die vernaamste faktore is die stad, mobiliteit en massamedia.

Die verstedeliking van die Afrikaanse mens het hom grootliks van die platteland losgemaak. Die grootheid en uitgestrektheid van die landelike omgewing is in die stad met die dimensie van noute en hoogte vervang. Die hoë geboue en noue woonplase het die wêreldbeeld van die Afrikaner vereng tot 'n bykans geo-sentriese wêreldbeeld. Alhoewel daar nog Afrikaners sal wees wat glo dat die aarde op vier pilare staan en dat dit plat is, sterf dié wêreldbeeld saam met hulle uit. Tog bly die mens in die stad tot 'n geo-sentriese wêreldbeeld geneig. Die stad of aarde word weer die middelpunt van sy bestaan. Die wêreldbeeld is nie meer geslote nie, aangesien hy tog met die sonnestelsels en sterreruim rekening hou.

Die geo-sentriese wêreldbeeld van die Afrikaanse mens in die stad sluit ook sy vrese en gebondenheid in. So 'n wêreldbeeld is nie net vereng nie, maar is ten volle stadsgebonde. Daarenteen is die heliosentriese wêreldbeeld aan die mobiliteit van die mens gekoppel. Die benoudheid van hoogte en noute dwing die Afrikaanse mens om die stad vir 'n naweek te verlaat. Die plattelandse herkoms van die meeste Afrikaners in die stad dwing hom om die ruimtes en vryheid van die landsooptes op te soek.

Die kennis van die "ontwaarde omgewing" is by die stadsmens beperk. In 'n ondersoek wat ek geloods het, is gevind dat 'n klein persentasie

jongmense in al vier die provinsies van Suid-Afrika gereis het. Die jongmense aan die Witwatersrand was meestal slegs in twee gebiede naamlik in besoek aan Durban en die Suidkus en die Witwatersrand en omgewing. Die kennis van die ryk diere- en plantlewe is aan hom onbekend. Tog is dit reeds die mobiliteit van die jeug wat lei tot 'n verruiming van die wêreldbeeld. Daar is herhaaldelik gekonstateer dat dit by uitstek die Afrikaner is wat reis en kampeer en op soek is na die buitelewe. Deur die mobiliteit van die Afrikaner, word sy wêreldbeeld verruim.

Met die koms van die massa-media in die huis van die Afrikaner, is die aanslag op die wêreldbeeld deur die wetenskaplik-feitlike gegewens verskerp. Die resultate van natuurwetenskaplike navorsing is nie net vir die navorser en sy studente nie, dit word algemene kennis. Deur byvoorbeeld Universiteitsopleiding, radio- en televisieprogramme oor natuurbewaring en wêreldgebeure op die skerm, word die Afrikaner se wêreldbeeld steeds vergroot.

Waar die wêreldbeeld van die Afrikaner eers helio-sentries was, word dit nou tot 'n astro-sentriese wêreldbeeld vergroot. Beide die heliosentriese en die astro-sentriese wêreldbeelde is onderworpe aan verandering as gevolg van die voortdurende tegnologiese ontwaarding van die kennis van die kosmosopenbaring. Wetenskaplike kennis as deel van die kosmosopenbaring word nou algemene kennis.

Dit is hierdie verruiming van die wêreldbeeld wat 'n bevrugtende invloed op die godsbegrip van die Afrikaner het. Die kennis van hierdie verruimde kultuurbodem het by die Afrikaner die resultaat dat sy geloof in sy Skepper verstewig word. Hoe meer hy van die omvangryke kultuurbodem leer ken, des te meer kom God vir hom as versorger van alles en almal voor. God word vir hom die een wat die skepping so wonderbaarlik gemaak het.

Die verskeurde wêreldbeskouing by die Afrikaner het egter die gevolg dat die wêreldbeeld as astro-sentriese wêreldbeeld weinig invloed op sy wêreldbeskouing het. Die Koninkryksgedagte bly steeds uit, hoewel die wêreldbeeld vergroot. God word beskou as Skepper en Onderhouer - 'n skepping wat die HERE jou God voor sorg - maar nie altyd as Voleinder nie.

Dit hang met die wêreldbeeld en toekomsbeeld saam. Die wêreldbeeld

van die Afrikaner kan selfs tot 'n teo-sentriese wêreldbeeld uitbrei. Tog blyk dit dat Suid-Afrika as kultuurbodem nie in 'n toekomsbeeld of eskatologiese perspektief opgeneem is nie.

Die wêreldbeeld van die Afrikaanse mens in sy verlossings- en verloste kultuur, vertoon as denkbeeld 'n geo-sentriese, helio-sentriese en by die jong geslag ook 'n astro-sentriese wêreldbeeld. In die proses het die wêreldbeeld verruim tot 'n kosmo-beeld. Die Afrikanervolk sal binne die prinsipiële raamwerk van sy kulturele roepingsgestalte moet trag om 'n teo-sentriese kosmo-beeld daar te stel.

Deur middel van die teo-sentriese kosmo-beeld kan die benadering so bevrug word dat die skeiding tussen God en kosmos daardeur geheel kan word. Die breuk sal eers geheel wees wanneer die kosmo-beeld die wondere van die Skepping so verstaan dat die hele kosmos in die visie van die Koninkryk van God opgeneem word. So sal die ewige krag en goddelikheid in staat wees om die teo-sentriese kosmo-beeld te omgryp sodat al het hulle God nie geken nie, hulle Hom as God sal verheerlik.

Die verskeidenheid van wêreld- en kosmo-beelde by die Afrikaner kan slegs daartoe lei dat die Afrikaner in sy roepingsvergestalting die koningsamp, priestersamp en profetiese amp met ryker volheid vergestalt. Dan word gehoorsame lewensindiensstelling vergestalt deur dankbaarheidsdiens in die Koninkryk van God as Skepper, Onderhouer en Voleinder van die skepping 1).

## 3.6 Enkele ander beskouinge oor die Afrikaner

Met die toename van die verhoudingsvraagstuk - rasseverhoudinge en menseverhoudinge - is navorsers van binne en buite die Afrikanergeledere gedwing om die Afrikaanse mens te ondersoek. Alle verhoudinge word in relasie tot en met die Afrikaner gesien. Om hierdie rede moes die Afrikaner eers begryp word aangesien hy op veral die politieke terrein die dominante figuur is.

Persone soos W.A. de Klerk, H. Giliomee, Dunbar Moodie, en andere beklemtoon uit een of ander gesigspunt die feit dat die Afrikaner slegs in sy konfrontasie en konsensus met nie-Afrikaners in Suid-

---

1) Die stellinge met betrekking tot die wêreldbeeld van die Afrikaner is die resultaat van onder andere 'n empiriese ondersoek wat die outeur geloods het.

Afrika, Afrikaner geword het. Die selfkonsepsies van die Afrikaanse mens het ontwikkel in en uit, deur en vir sy saamleef met ander wat hulle nie van die begin af as Afrikaners beskou het nie 1). Die historiese verloop van hierdie ontwikkeling geskied in die verhoudinge teenoor inboorlinge, teenoor Nederlandse gesagvoerders, teenoor die Engelse en later ander Europese immigrante, teenoor vroeëre en huidige nie-blanke groeperinge, waar die Afrikaner op verskillende tye en in wisselende omstandighede sy Afrikanerskap moes handhaaf 2).

### 3.6.1 Selfkonsepsie van die Afrikaner

Die selfkonsepsie van die Afrikaner word in verhouding tot ander rasse gesien. Dit is die selfkonsepsie van 'n groep (groeps-identifikasie) wat 'n beslissende rol speel in die bepaling van sy verhouding met ander groepe. Die selfkonsepsie van die Afrikaner is 'n politieke selfkonsepsie.

Die politieke selfkonsepsie van die Afrikaner word die grondslag vir vooroordele teenoor ander en bevoorregting van die eie teenoor ander rasse. Giliomee is van mening dat die begrip Afrikaner vereng is tot geloof, kleur en taal as voorvereiste van die groep. Hierdie voorvereistes word histories beskou uit die verhouding wat tot ander ontwikkel het 3).

Van der Ross as Kleurling, sluit hierby aan deur die begrip Afrikaner te omskryf as wit Suid-Afrikaners met Afrikaans as moedertaal en wat tot een van die Afrikaanse kerke behoort. Daarenteen is die Kleurling iemand wat deur die wet so verklaar is of 'n kind wat in die normale verloop van gebeure so geklassifiseer sal word 4). Alan Boesak se konsepsie van die Afrikaner is wit, Afrikaanssprekend en Calvinisties 5). Hierdie konsepsies van die Afrikaner is uit die ervaringsveld van die verhouding tussen Kleurling en die Afrikaanse mens afkomstig.

### 3.6.2 Afrikaner-identiteit en Christelike Nasionaliteit

Daar het 'n verset teen die rassekonnotasie van die begrip Afrikaner ontstaan. Die kern van die Afrikaner-identiteit het glo benewens 'n

---

1) Joubert (1975, p. 12).
2) Joubert (1975, p. 12).
3) Giliomee (1975, p. 32).
4) Van der Ross (1975, p. 52).
5) Boesak (1977?, p. 35).

rassistiese en kulturele noemer ook komponente van kerklikheid en politieke mag bevat 1). Dit is teen die politieke basis van die Afrikaner-identiteit waarteen die kritiek gemik is. Die politieke basis is eintlik 'n rassistiese grondslag van die Afrikaner-identiteit.

W.A. de Klerk beskou hierdie grondslag as komende van die radikale politiek. Sinonieme daarvoor sou wees 'n messiaanse politiek, 'n ideologiese politiek, of 'n reddende selfverlossingspolitiek. Die radikale politiek het in 'n bepaalde kultuurgemeenskap ontstaan. Dit is wanneer die tradisionele strukture in 'n kultuurgemeenskap begin verbrokkel en proletariaat-wording begin plaasvind dat die potensiaal vir rewolusie vrygestel word. Dit is 'n volkome herskepping van die samelewing, dit wil sê, rewolusie wat uitgedruk word in 'n bepaalde sosio-politieke ideaal. De Klerk wil dat die wortels van rewolusie in die Puriteinse gees lê. Die Puritanisme se wortels is weer in die Calvinisme geleë 2). Vernuwing kan alleen in eie geledere gevind word indien daar meer aanvaarding is. Aanvaarding weer is die opneem van die beste in 'n tradisie wat veel deurstaan het. Vir die Afrikaner is dit sy eie gereformeerde erfenis. Die ware tradisie van die Afrikaner bevat nog veel meer, naamlik dat die Christelike geloof ootmoed is 3).

Dunbar Moodie wys daarop dat die rewolusionêre aspek van die apartheidsteorie nie rassisme is nie, maar etnies en kulturele verskille wat so belangrik is vir die Afrikaner se Christelike Nasionalisme. Hy onderskei in die Afrikaner se Christelike Nasionale kultuurpatroon twee onderstrominge, naamlik die Neo-Fichtiaanse (Duitse) en Kuyperiaanse (Nederlandse) kultuurstrominge 4). In die verhoudingsvraagstuk leer die Afrikaner deur die ondervinding in sy geskiedenis met die anderskleuriges en dié word deur die Kuyperiaanse en Neo-Fichtiaanse beginsels onderskryf.

---

1) Giliomee (1975, p. 48).
2) De Klerk (1975, p. 117-118).
3) De Klerk (1975, p. 132).
4) Moodie (1975, p. 226).

Die Christelike Nasionale beskouing van die Afrikaner het volgens Boesak uit 'n onheilige verhouding ontstaan. Dit is 'n huwelik tussen teologie en ideologie. Die verbintenis lei weer tot onbybelse verbintenis tussen Kerk en staat en dit is net so 'n onmoontlike kombinasie soos Christendom en Nasionalisme 1). En aangesien ideologieë nie kan reformeer nie, kan hulle slegs vernietig word. Om dus uit die magsfeer van Afrikanerpolitiek te kom, moet die ideologie van Christelik Nasionaal volgens Boesak deur die Teologie van Swart bevryding vernietig word. Dit is dus 'n rewolusionêre reaksie teen die Afrikaner en sy politiek.

### 3.6.3 Engelssprekendes en anderskleuriges

De Gruchy is van mening dat Britse Imperialisme hoofsaaklik vir Afrikaner nasionalisme verantwoordelik was. Om die Engelssprekende se houding teenoor die Afrikaner te verstaan, moet eers na enkele elemente van die Engelssprekende gekyk word.

Die onderskeidende kenmerke met betrekking tot kultuur is soos volg:-

i) Die Engelse taal alleen is die bindende faktor vir die Engelsman in Suid-Afrika.

ii) Hy het geen ander onderskeidende kultuurlewe nie.

iii) Sy kerke het geen teologiese drakrag nie - so het hy geen teologiese ruggraat nie.

iv) Hy word deur elke wind van leringe rondgeslinger.

v) In beginsel is die Engelssprekende "multi-racial" in sy lewenshouding.

vi) Hy voel homself 'n minderheid in 'n Blanke minderheid.

viii) Hy het nie dieselfde interpretasie as die Afrikaner vir sy eie geskiedenis nie. Die Afrikaner neem sy geskiedenis ernstig op 2).

Uit bogenoemde blyk dit dat die Engelssprekende 'n agterstand teenoor die Afrikaner het. Ten spyte hiervan dink hy van die Afrikaner maar min omdat hy min dink van die Afrikaner se regering. Hy beskou die Afrikaner as 'n "less cultured, less educated people on the lower stratum of society" 3).

---

1) Boesak (1977?, p. 35-44).

2) De Gruchy, J.W. (1977?, p. 45-54).

3) Charton, N.C.J. (1975, p. 44).

Die Engelssprekende beskou homself as die kulturele meerdere van die Afrikaner. Veral in die stad geskied dit in getalle en deur kultuur dominasie. Tog bewonder hy die eenvoud en erns, en sò, die mooiheid van die Afrikaner se lewe. Hy merk egter die geslepenheid en agterdog van die Afrikaner teenoor die Engelssprekende.

Die skeldname en benamings wat die Engelssprekende vir die Afrikaner het soos byvoorbeeld "Rockspider, Crunchie, gops, rope (narrow, twisted and hairy"), dui op 'n vervreemding as gevolg van 'n reaksie op Afrikaner oorheersing 1). Die konsepsie wat die Engelssprekende van die Afrikaner het, is verskuil agter oppervlakkige samewerking en die diepgewortelde "Britse elitism" en "cultural superiority".

Soos die Engelssprekende is die Kleurling skepties teenoor enige optrede van die Afrikaner. Die Afrikaner word beskuldig daarvan dat hy 'n verskil maak tussen beginsel en lewenspraktyk. Die verbintenis van die politiek (Nasionaal) met die godsdiens (Christelik) is vir hom onbegryplik. Die Afrikaner bly vir hom 'n ontoeganklike mens 2).

### 3.6.4 Enkele kritiese opmerkings

Die assosiasie van die Afrikaner met die magspolitiek in Suid-Afrika maak hom die sondebok van almal. En hierin lê die gevaar dat die politieke aggressies en frustrasies van Engelssprekendes en Kleurlinge teen die Afrikanervolk gerig word.

Dat daar 'n gebrek aan feitlike kennis oor die Afrikaner se volkskultuur by beide groepe bestaan, lei tot 'n onsuiwer onderskeidingsvermoë. Verskillende beelde en tiperinge word die Afrikaner toegesê terwyl dit op vervalsde joernalistieke inligting berus.

Twee belangrike vrae kom hier na vore:-

i) Het die Engelssprekende na die Republiekwording nader aan Suid-Afrika as kultuurbodem en aan die Afrikaner beweeg of distansieer hy hom nog van die Afrikaner en alles wat Afrikaans is?

ii) Het die Afrikaner die kulturele roepingsgestalte teenoor die Kleurling vergestalt?

---

1) Charton, N.C.J. (1975, p. 45-49).

2) Van der Ross, R.E. (1975, p. 55-64).

Dunbar Moodie bied aan die Afrikaner twee alternatiewe, naamlik "either a more exclusively Afrikaner ethos within the Republic or liberal cultural nationalism for Afrikaners within a broader South African context" 1).

Die Afrikaner is egter vanuit sy kultuurhistoriese groei bewus daarvan dat 'n kulturele nasionalisme, gebou op 'n nasionale kultuur as verlossingskultuur, die einde van die volksbestaan kon wees.

Die Engelse begrip "culture" beteken wesentlik iets anders as die Afrikaanse begrip "kultuur". Die Engelse "culture" beteken verlossingskultuur, terwyl die kulturele roepingsgestalte van die Afrikaner as verloste kultuur verstaan behoort te word.

Die Anglisering van die Afrikaanse volkskultuur is in die toename van die sogenaamde "verligtheid" te bespeur. Die Afrikaanse volkskultuur vereis die toepassing van die Gereformeerde Protestantse beginsel, en so die Gereformeerde roepingsgestalte, op al die terreine van die lewenspraktyk. Die Engelse kultuur daarenteen vereis in die roepingsvergestalting die aanpassing eerder as die toepassing van die beginsel.

Uit uitsprake en beskouinge met betrekking tot rasse-, volkere- en menseverhoudinge is dit duidelik dat die Afrikaner al meer in die arms van die Engelse kultuur gedryf word.

## 4. Samevatting

Die kulturele roepingsvergestalting van die Afrikaner is die spieëlbeeld van die Gereformeerde Protestantse roepingsgestalte.

Die kulturele roepingsgestalte en so ook die roepingsvergestalting word deur die godsbegrip gedomineer. Die amptelike godsbegrip van die Afrikanervolk is teosentries. Die Afrikaner vertoon egter 'n gespletenheid wat in die Godsbegrip merkbaar is. Bo en behalwe hulle wat 'n teosentriese godsbegrip besit, is daar hulle wat 'n deïstiese en/of panenteïstiese godsbegrip vertoon. As onderstroming van die kultuur by die Afrikaner is die chiliasme geleidelik besig om toe te neem. Die godsbegrip in sy onvoltooide en verskeurde vorm dui op die potensiaal van die ontbinding van die kultuur van die Afrikanervolk.

Naas die amptelike belydenis is 'n nie-amptelike belydenis besig om onder die Afrikaner pos te vat. Die amptelike belydenis word bevraagteken wat tot 'n proses van ontkoppeling lei. Die amptelike belydenis en die volkskultuur, die leer en die lewe, word van mekaar geskei. Die ontkoppeling van die amptelike belydenis en die volkskultuur, beïnvloed die ander beskouinge in die Afrikaner se konsepsiewêreld.

Selfs in die lewensbeskouing en in die wêreldbeskouing het 'n aksentverskuiwing plaas gevind. Die lewensbeskouing is die kulturele roepingsvergestalting. Die begrip Ewige lewe is nie 'n daaglikse leef uit die geloof nie. Ewige lewe het net betrekking op die geestelike en kerklike lewe van die Afrikaner. Dit is te betwyfel of die Afrikanervolk in die wêreldbeskouing van sy kulturele roepingsvergestalting ooit 'n Koninkryksvisie gehad het. Die Koninkryksgedagte is net tot die Kerk beperk. Die kulturele roepingsvergestalting gaan mank aan die verruimde Koninkryksperspektief op die werklikheid en daarom ook in die wêreldbeskouing.

Die wêreldbeeld van die Afrikaner word deur die massa-media, mobiliteit en verstedeliking beïnvloed en vergroot. Onder die Afrikaner word geo-sentriese, helio-sentriese en astro-sentriese wêreldbeelde gevind. Dit is wanneer die Afrikaner 'n teosentriese kosmobeeld begin vertoon dat die amp van die gelowige, as mede-arbeider, deur die Afrikanervolk uitgeleef word.

Die beskouinge van volksvreemdes of nie-Afrikaners van die Afrikaanse volkskultuur vertoon enkele kenmerke. Die Afrikaner word binne 'n politieke raamwerk geplaas en van daaruit beoordeel. Die kulturele roepingsgestalte en vergestalting van die Afrikanervolk word tot 'n politieke stelsel, filosofie en tot rasse-verhoudinge vereng. Die Afrikaanse volkskultuur is grootliks onbekend en daarom onverstaanbaar. Veral die Engelssprekende groep in Suid-Afrika ag die Afrikaner volgens sy standaarde as ongekultiveerd. Die kulturele roepingsvergestalting van die Afrikaner se Gereformeerde Protestantse roepingsgestalte, is vir hom onaanvaarbaar en word voortdurend met agterdog bejeen.

Daar word gekonkludeer dat die Afrikaner meer as enige tyd te vore geroepe is om die kulturele roepingsgestalte van die Godsvolk, nl. die geheel van die volkskultuur, volksidentiteit en volkskarakter, teenoor volksvreemdes te vertoon. Alleen daardeur kan van 'n ware roepingsvergestalting gepraat word.

## DEEL IV : DIE KULTUURHISTORIESE WORTELS VAN DIE ROEPINGSGESTALTE VAN DIE AFRIKANER

In die verlossingsdaad van Jesus Christus is die kultuurhistoriese wortels van die roepingsgestalte van die Afrikanervolk veranker. Die kultuurkrisis wat ontstaan het weens hierdie goddelike handeling, sou die ingrypendste van alle tye wees. Hierdie krisismoment het nie alleen die grondslag gelê vir die Westerse kultuur nie, maar indirek vir dié van die Afrikaanse volkskultuur.

Die Afrikanervolk se kultuurhistoriese wortels is in beginsel net so ver in die kultuurgeskiedenis veranker as dié van die Godsvolk self. Met die volvoering van die verbondsbeloftes in Jesus Christus, is die teelaarde voorberei vir die wortels van die Afrikaner se volkswording. In hierdie teelaarde is die kulturele roepingsgestalte van die volk gewortel. Die kulturele roeping van die volk - om God te eer - kom tot sigbare vergestalting deur en in die volk se kultuur, identiteit en karakter.

Die roepingsgestalte van, in hierdie geval die Afrikaner, het wortels wat in 'n bepaalde kultuurhistoriese tydsfase duideliker na vore kom. Vir die omvang van hierdie studie is dit van belang om terug te gaan tot daardie kultuurkrisis waarin die histories-etniese-verbondenheid geleë is.

### 1. Die kultuurkrisis in die stamlande

Verskeie teorieë en beskouinge word gehuldig met betrekking tot die ontstaanstyd van die Afrikanervolk.

Professor Francken wil dit koppel aan die ontstaan van die woord Afrikaner 1). Hy verwys na die uitspraak van Hendrik Bibault "'k ben een Africander" op 7 Maart 1707, uitgeroep teenoor landdros Starrenberg.

Sommige historici, waaronder Van Jaarsveld, neem die datum terug tot 1657 toe die Vryburgers deur die Kompanjie as "vrye boere" by die verversingsstasie toegelaat is 2). Dit was 'n tydperk van ekonomiese

---

1) Vgl. Spies & De Kock (s.j., p. 10).
2) Van Jaarsveld (1976, p. 40). Vgl. Fisher (1969).

wêreldordening na die kultuurkrisis in Europa.

Ander historici verbind die volkwording van die Afrikanervolk aan die stigting van die verversingspos op 6 April 1652. Dit is Goedhart wat die geboortejaar terugvoer tot 9 Augustus 1573, in Noordelike Nederlande.

Gedurende die Tagtigjarige oorlog (1568-1648) het Willem van Oranje 'n skrywe gerig aan sy militêre bevelvoerders. By hierdie geleentheid verwys hy na die "vaste verbond" wat gesluit is met die Allerhoogste "Potentaat der Potentaten". Dit is die "Heer der Leërskare" wat die wêreld regeer en in wie se hand alle mag geleë is. Die gees waarin hierdie verbond gesluit is, word as die "ware gereformeerde Christelÿke lere", na die Tagtigjarige oorlog aan die Kaap die Goeie Hoop oorgeplant 1).

Op so 'n wyse vind die Gereformeerde Protestantse kultuur 'n inslag in Suid-Afrika. Die gees hiervan, volgens Goedhart, leef voort in die Gelofte van Danskraal, 9 Desember 1838 en in die aanhef van die grondwet van die Republiek van Suid-Afrika soos bekragtig op 31 Mei 1961 2).

Die wortels van die Gereformeerde Protestantse kultuur is ingebed in die kultuurkrisis van die sestiende eeu. Die oorwinning van die Gereformeerde Protestante in die Tagtigjarige oorlog was die kulminasiepunt van die kultuurstryd.

Die stryd het op elke lewensterrein gewoed. Daarom was die oorwinningsvrede met Munster (1648) in der waarheid 'n vryheidsvrede en 'n geloofsvrede. Die kerngees van die Reformasie, die Gereformeerde Protestantisme, het oorwin oor die Kontra-reformasie. Die kerngees deursuur elke lewensterrein van die volk.

Die Reformasie was in die kultuurkrisis van rewolusionêre woelinge gegrondves. Hoewel van korte duur, het dit meer as enige ander kultuurstroming of kultuurkrisis die geestelike aangesig van Europa verander en bepaal. Die vernaamste rede hiervoor is dat die Reformasie

---

1) Goedhart: Adel van jou naam (1972, p. 11-14).
2) Goedhart: Adel van jou naam (1972, p. 14 en 17).

tot die landvolk in al sy lewensfasette gewend is 1).

Die landvolk was oral waartoe die prediking van die Reformasie hom kon wend. Embrionaal was die Godsvolk dus teenwoordig. En in die krisis moes die geboorte aanbreek in die teelaarde van die stamlande. Die vraag is egter: waarom het die prediking in die Noordelike lande onmiddellike en kragdadige reaksie ontlok terwyl die Suidelike lande bly kleef het aan die Rooms-Katolisisme?

Die skeidslyn tussen die Romaanse kultuur en die Gereformeerde Protestantse kultuur volg min of meer die natuurlike lyn van die Romeinse "limes". Dié grenslyn of skutswal is deur die Romeine dwars oor Duitsland aangelê. Die "limes" moes die Romeinse Ryk teen die nie-onderworpe Germane beveilig. So het sommige Germaanse stamme onder die direkte invloed van die Romeinse Ryk en sy kultuur gekom. Ander stamme het indirek daarmee in aanraking gekom, maar is nie geassimileer nie.

In hooftrekke, met enkele uitsonderinge, het daardie landstreke wat voor die sesde eeu deur die Romaanse kultuur geassimileer is, getrou gebly aan die Heilige Romeinse Kerk. Die landstreke was veral Italië, Spanje, Portugal en tot in 'n mate Frankryk en Oostenryk.

In die gebiede wat aan die Romeinse Ryk gegrens het, was later Protestantisme sowel as die Rooms-Katolisisme teenwoordig. In hierdie landstreke het die konfrontasie met die Romaanse kultuur nie gelei tot assimilasie met die Romane nie, maar net tot beïnvloeding. Hierdie gebiede was hoofsaaklik die Nederlande, die Ryn-vallei, Switserland en die bo-streke van die Donau-vallei wat later Protestants geword het. Dit is opvallend dat die suidelike streke van die Nederlande, waar die Romaanse kultuur binne gedring het, Rooms-Katoliek gebly het. Die noordelike streke waarin die beheer van die Romeinse Ryk swak verteenwoordig was of selfs glad nie teenwoordig was nie, was die Protestantisme later oorheersend.

Die eilande van Brittanje toon egter 'n ander tendens. Alhoewel Engeland vir meer as vier eeue onder Romeinse beheer was, het die Romaanse kultuur nie veel inslag gevind nie. Daarom het die invalle

---

1) Vloemans (1954, p. 143). Vgl. D'Aubigne (1838, 1:269 e.v.).

van die Germaanse stamme uit die vasteland, vanaf die vyfde eeu, die Romaanse kultuur feitlik geheel en al uitgewis 1).

Enkele ander kenmerke van die kultuurkrisis in die stamlande is van belang. Die kontras tussen die Protestantse reformasie en Rooms-katolieke kontra-reformasie is daarin geleë dat eersgenoemde die burgery en laasgenoemde die aristokrasie betrek het. Meeste van die leiers van die Protestantisme was vanuit die eenvoudige landvolk afkomstig. Later sou van die aristokrasie openlik by die Reformasie betrokke raak, hoewel sommige heimlik die Reformasie gesteun het. Daarenteen was die Rooms-Katolieke leiers die adel wat verbonde was aan die hierargie van die Heilige Romeinse Ryk. Hulle was konserwatief en het vasgehou aan die bestaande Rooms-Katolieke ordes 2).

Die kultuurkrisis word voltrek in die lewenswyse van die landvolk. So gaan die landvolk van die Nederlands-Germaanse stamlande deur die kultuurkrisis waar die kwynende Renaissance, Humanisme, Reformasie en Kontra-reformasie die smeltkroes word waaruit die Gereformeerde Protestantisme voortkom 3).

Die landvolk onder wie die Gereformeerde Protestantisme wortel geskied het, was histories-etnies in die Germaanse stamme gewortel. Hierdie stamme het hoofsaaklik buite die skutswalle gewoon. So en behalwe die feit dat hulle nie geassimileer is deur die Romaanse kultuur nie, is hulle deur die Rooms-Katolieke Kerk gekersten. Die sinkretisme gedurende die kersteningsproses het tot gevolg gehad dat 'n nuwe heidendom teen die laaste tydsfase van die Renaissance binne die kerk teenwoordig was 4).

Die kersteningsproses van die heidense Germanedom deur die sendelinge begin by die "lage lande bi der see". Dit was die Christelike leer en gemeenskaplike geloof in die God en Christus van die Skrif wat die volkswording of betreklike volkseenheid tot gevolg gehad het.

Die bindende mag in die ontwikkeling van 'n eiesoortige karakter, identiteit en kultuur was die Skrifgefundeerde geloofsoortuiging en

---

1) Latourette (1964, p. 699). Vgl. Vloemans (1954, p. 143).
2) Latourette (1964, p. 701).
3) Vloemans (1954, p. 73).
4) Vloemans (1954, p. 73).

ware Christelike geloof 1).

Die reaksie van die volk op die misbruike en afdwalinge van die Rooms-Katolieke Kerk toon die dinamiek daarin dat die landvolk die Skrif in hul eie landstaal kon hoor. Die weg van die Reformasie en so dié van die Gereformeerde Protestantisme was die weg van die Skrif en die Christelike leer. Dié weg volg die Reformasie na die siel van die landvolk. So word die Christene onder die landvolk uit die Nederlands-Germaanse stamlande, die histories-etniese stamvaders van die nuwe volk as Godsvolk, naamlik die Afrikanervolk.

Die geestesstroming van die Reformasie en die Gereformeerde Protestantisme vloei oor die grense van Duitsland, Frankryk, Switserland, die Nederlande, tot in die Anglo-Saksiese eilande.

Die kultuurkrisis van die sestiende eeu was van korte duur. Maar ten spyte daarvan was die gevolge en bevrugting onbepaalbaar, omvattend en diepgaande, want uit hierdie krisis is gebore die Afrikanervolk. En in hierdie tydsfase van verbondsluiting, oorlogvoering, Reformasie en teen-reformasie lê die histories-etniese verbondenheid van die Afrikanervolk ingewortel.

## 1.1 Woordopenbaring en belydenisvorming

Van die vrugte van die Reformasie vir die kultuur, was die vertaling van die Bybel en die vasstelling van die Belydenisskrifte.

### 1.1.1 Woordopenbaring

Die vertaling van die Bybel uit die oorspronklike tale geskied in die taal van die landvolk. Die hervormers van die sestiende eeu het hul werk alleen verrig vanuit 'n roepingsbesef wat in die Woord gewortel was. Dit gaan vir Luther en Calvyn om die alleenheerskappy van Gods Woord en daarin om die eer van God alleen 2). Hoewel die hervorming toegespits was op die religieuse grondmotiewe, moes dit eventueel tot die kultuur deurwerk.

Geloof in die Evangelie en gehoorsaamheid aan die Woord van God, as

---

1) Labuschagne (s.j., p. 10).

2) Latourette (1964, p. 752).

evangelie en wet vir die ganse lewe, was die rigtingbepalende faktor vir die verdere verloop van die Christelike kultuur. Die Gereformeerde Protestantisme lê soveel nadruk as moontlik op die Heilige Skrif as die ewige Woord van God en die enigste rigsnoer vir die ganse lewe.

Teenoor die "Bybel aan die ketting" uit die kloostertydperk van die Rooms-katolisisme staan die bevryding van die Bybel uit die ballingskap deur die Reformasie. Die bevryding van die Bybel het egter sy eerste tree kon gee in 1462 onder leiding van die Leidse kannunik Willem Heerman. Hy het hom veral bemoei met die poging om die Bybel te vertaal in die taal van die landvolk. Hoewel dit nie 'n losstaande gebeurtenis was nie - Augustinus, Hiëronimus en Chrysostomus was almal voorstanders en toepassers daarvan - het dit hierna geleidelik toegeneem 1).

Ten spyte van die feit dat die vertaling van die Bybel streng bestry is gedurende die twaalfde en dertiende eeu, neem die Bybelvertalings of handskrifte gedurende die vyftiende eeu merkbaar toe. Dit was die kenmerk van die Gereformeerde Protestantisme om die Heilige Skrif binne die bereik van die eenvoudige landvolk te bring.

Die verskil in benadering tot die Bybel het enkele positiewe resultate gehad. Ten eerste wou die Reformasie die Bybel vir die eenvoudige leek toeganklik maak, nadat dit uit die oorspronklike tale, Hebreeus en Grieks, oorgesit is in die volkstaal.

Die reformatoriese terugkeer na die oorspronklike tale van die Heilige Skrif was kennelik 'n vergestalting van 'n intense drang tot die suiwering van die godsdiens. Die beginsel van Luther, naamlik die Bybel en niks anders as die suiwer Bybel, klankvol gemaak vanuit die oorspronklike Woord, word sterk in Nederland gevoel. Die Lutherse vertaling van die hele Bybel verskyn in 1534 2). Die reeds bestaande tweederangse vertalings word daardeur in Nederland in die sestiende en sewentiende eeu onder druk geplaas. Die stryd om die beginsel word beëindig deur die beroemde Sinode van Dordt (1618-1619). Die statevertaling in die Nederlandse volkstaal verskyn na sistematiese voltooiing in 1637.

---

1) Haitjema: De Hervorming (1950, p. 293).

2) Bainton (1950, p. 258).

Die tweede belangrike resultaat is die ontplooiing van die Protestantse begrip "Bybel".

Die Reformatoriese beskouing tot die Heilige Skrif het die begrip Bybel gesuiwer tot die Nuwe en Ou Testamentiese boeke. Alle ander geskrifte wat gedurende die Middeleeue bygevoeg of ingesluit is, is verwyder en net die kanonieke boeke is behou.

Die verskil oor die begrip Bybel het prinsipieel saamgehang met die verskil tussen Rome en die Protestantisme oor die verhouding Skrif en tradisie. In die vyfde artikel van die Nederlandse Geloofsbelydenis, skryf Guido de Brés in 1561 hieroor die volgende: "nie juis omdat die Kerk hulle aanneem en as sodanig beskou nie, maar in sonderheid omdat die Heilige Gees in ons harte getuig dat hulle van God is en omdat hulle bewys daarvan in hulself het, aangesien die blindes self kan tas dat die dinge plaasvind wat daarin voorspel is" 1).

Die Gereformeerde Protestantisme huldig 'n suiwerder Skrifbeskouing as selfs die Lutherse benadering. Tog word die apokriewe boeke ingesluit by die Statevertaling as nuttige leesstof vir die Protestantse Christene.

Die resultaat met die verreikendste gevolge is derdens die betekenis van die Skrif self.

Voor die Reformasie was die betekenis van die Skrif dié van die suiwerste bron as oorspronklike oorkonde van die lewe van Jesus. 'n Volstrekte gehoorsaamheid is van die kerkmens verwag met die oog op die ideale navolging van die voorbeeld van Jesus Christus.

Hieruit vloei die strewe na die apostoliese lewe van armoede en dienende liefde. Die bybelgeselskappe en bybelse lekebewegings ontstaan rondom die strenge eise van 'n innige-persoonlike godsdienstige lewe en wêreldmyding in navolging van die voorbeeld van Christus.

Christus is vir Luther nie die verhewe Voorbeeld wat nagevolg en nageleef moet word nie. Christus is die HERE. Luther kom tot 'n nuwe insig oor Christus en skryf by: As jy 'n ware geloof het dat Christus

---

1) Drie formuliere (s.j., p. 8).

jou Verlosser is, het jy terselfdertyd 'n genadige God 1). Kortliks: die regverdigmaking is deur die geloof alleen.

Met hierdie Skrifbeskouing word die Vulgaat, as Middeleeuse Kerkbybel in die taal Latyn, vir dié wat op 'n bepaalde hoogte staan om die Bybel met vrug te kan ondersoek, 'n konfrontasie 2). Die sentrum van die Heilige Skrif is vir die Gereformeerde Protestantisme die diepste profetiese waarde van Habakuk - deur Luther herontdek vir die volk - "maar die regverdige, deur sy geloof sal hy lewe" (Habakuk 2, 4.)

Met hierdie belangrike resultate word die Bybel ontketting deur die Reformasie en in die geloofshande van die volk besorg. Die resultaat hiervan sou wees dat die Bybelboek Woordopenbaring vir die Gereformeerde Protestantisme word.

Die kulturele betekenis hiervan is tweërlei. Die Statevertaling was die vrug van die arbeidsaamheid en geestesaktiwiteit van die burgery, die Kerk (Dordtse Sinode) en die State-Generaal. Dit het 'n verrassende bespoediging van volks- en taaleenheid in die Nederlande bewerk. Die Statebybel is deur die volk met geesdrif aanvaar, versprei, gelees en geleer, sy inhoud toegepas en sy leer nageleef. Die Gereformeerde Protestantse kultuur het sodoende volkskultuur geword.

'n Verdere betekenis is dat die Statebybel net kort voor 1652 deur die Nederlandse volk ontvang is. "Die Statebybel was vir die volksplanters feitlik die enigste lees- en leerboek, kragbron van hul lewe en geloof, rigbron van hulle doen en late, normbron vir hulle moraal en menseverhoudinge 3).

Met ander woorde die Gereformeerde Protestantisme het nie alleen die Heilige Skrif aan die landvolk gegee nie, maar ook die Bybelboek waaragtige Woordopenbaring gemaak. Die Woordopenbaring, in die taal van die Statebybel, sou die Afrikanervolk se roepingsvergestalting vir bykans tweehonderd jaar rig.

---

1) Bainton (1950, p. 50). My vertaling.
2) Haitjema: De Hervorming (1950, p. 292).
3) Labuschagne (s.j., p. 12).

1.1.2 Geloofsbelydenis

Die belydenisvorming was die tweede belangrike vrug van die kultuurkrisis in die stamlande. Die noodwendige gevolg van die Gereformeerde Protestantse skrifbeskouing en skrifvertaling was die rekonseptuering van die konsepsiewêreld van die landvolk.

Die nuwe konsepsie groei uit die beginsel van die Reformasie naamlik ".... die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe"(Romeine 1:17). Die rekonseptuering van die geloofsleer en -lewe van die landvolk en die Kontra-reformasie dwing die Gereformeerde Protestantisme tot 'n amptelike belydenisvorming. Dit geskied amptelik by die Sinode van Dordt (1618-1619).

Enkele belangrike gebeure het die amptelike belydenisvorming voorafgegaan. Die eerste teologiese formulering van Luther se leerstellinge word deur Melanchton in sy "Loci communes" (1521) opgeteken. Die navolgers van die Lutherse leerstellinge wou in der waarheid geen "nuwe dogma" formuleer nie. Hulle wou slegs aandui dat hulle die ware Katolieke geloof aanhang 1).

Met die Ryksdag te Augsburg wend Keiser Karel V 'n poging aan om die geloofseenheid te bewaar. Die Protestante word versoek om hul geloofsbelydenis voor te lê. Dit word gedoen in die Confessio Augustana (Melanchton), die Tetrapolitana (Bucer) en die Fidei Ratio (Zwingli). Ten spyte van die bovermelde voorneme, word die Belydenisskrifte die belydenis van die Protestantse Kerk 2). Die proses van belydenisvorming het hiermee vir die Gereformeerde Protestantisme begin.

Die Confessio Augustana word deur die Rooms-Katolieke teoloë met die geskrif Confutation (Eck, Faber) weerlê. Karel V gee die Protestante tot April 1531 om tot besinning te kom. As gevolg van hulle vasberadenheid om nie toe te gee nie, word die Confessio Augustana deur Karel V verwerp en die Edik van Worms bekragtig 3).

Hieruit volg die stigting van die Schmalkadiese Bond deur die Protes-

---

1) Seeberg (1966, p. 332). Vgl. Sesam (s.j., IV:427).

2) Latourette (1964, p. 727). Vgl. ook Sesam (s.j., 9:235), en Seeberg (1966, p. 332).

3) Sesam (s.j., 9:235).

tante. Samesprekings tussen Protestante en Rooms-Katolieke in 1540 en 1541 misluk. Karel V besluit om die Protestantisme met wapengeweld uit die Ryk uit te roei. Die gevolg is die Schmalkadiese oorlog van 1546-1547 wat op die Augsburg Interim uitloop.

Met die Vrede van Augsburg (1555) word die Confessio Augustana amptelik as maatstaf vir die erkenning van 'n gemeente se toelating tot die Protestantisme erken. Die Confessio word as die ware tradisionele geloofsbelydenis van die Evangeliese Kerke erken en op die Heilige Skrif alleen gefundeer 1).

'n Verdere belangrike gebeurtenis is die vierde en finale uitgawe van Calvyn se "Institutio Christianae Religionis" wat in 1559 verskyn. Dit was die mees sistematiese en omvattende uiteensetting van die Christelike geloof soos deur die Protestante geglo en bely. Gefundeer op die Heilige Skrif as die onfeilbare Woord van God, gaan dit vir Calvyn om die soewereiniteit van God. Met hierdie werk, word 'n kragtige impetus aan die Reformatoriese beweging verleen. Die Protestantisme versprei oor die ganse Wes-Europa 2).

Die Heidelbergse Kategismus verskyn in 1563. Die Belydenisskrif word in die Gereformeerde Kerke aanvaar, in Skotland gebruik en in die Nederlande as standaardwerk gelees. Die Gereformeerde Protestantisme versprei verder deur Europa, maar die skeiding tussen die Lutheranisme en Gereformeerde Protestantisme word al wyer.

Die laaste kwart van die sestiende eeu toon dat die Lutheranisme stelselmatig deur die Calvinisme vervang word, veral in die Nederlande. Die Belgiae Confessio van Guido de Brés, 'n student uit Geneve, verskyn in 1561. Die Belydenisskrif het 'n sterk Calvinistiese inslag. Met weinig verandering bly hierdie Belydenisskrif die standaardwerk van die Gereformeerde Kerke in Nederland 3).

---

1) Seeberg (1966, p. 335).
2) Latourette (1964, p. 752 e.v.).
3) Latourette (1964, p. 763).

Aan die einde van die politieke oorloë, breek 'n dogmatiese stryd binne die Gereformeerde Protestantse Kerke uit. Teoloë was onderling tussen supralapsarisme en infralapsarisme 1) verdeel. Teen beide hierdie beskouinge word deur die Remonstrante geprotesteer. Die Remonstrante was ook as Arminiane bekend. Hulle was hoofsaaklik van die adelstand en welgestelde bevoorregtes afkomstig. Hulle teenstanders, die Gereformeerde Protestante, was uit die landvolk en nasionaliste en het versoek dat die Sinode van Dordt met hierdie leerstellige sake moet handel. Met die Sinode van Dordt (1618-1619) het die afgevaardigdes van die Gereformeerde Protestantse Kerke van Groot Brittanje, die keurvorstelike Paltz, Hessen, Switserland, die Wedderawiese Korrespondensie, Geneve, Bremen en Emden oor die leerstellinge beslis.

Met die opstel van die vyf Dordtse leerstukke is die beroeringe besweer. Die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis is weereens onderskryf. So is die belydenisgrondslag van die Gereformeerde Protestantisme neergelê en die ware Christelike leer bevestig 2). Veral die leer van die predestinasie het so 'n finale beslag gekry in die lewe van die Gereformeerde Protestantse kultuur. Die leerstuk oor die predestinasie is fel bestry deur die Arminiane, wat geglo het dat Christus gesterf het vir alle mense en God geen volk verkies het uit die menslike geslag nie. Die Remonstrante het as kerk in Nederland bly voortbestaan.

Telkens, waar die Gereformeerde Protestantse leer verkondig is, het die Arminianisme weer kop uitgesteek. Die Arminianisme het onder die halfhartige ondogmatiese Christene sy rekrute gewerf. Later sou die konsepsies van die Arminianisme ook in Suid-Afrika na vore kom 3).

---

1) Die supralapsarisme is daardie beskouing met betrekking tot die predestinasieleer, wat glo dat die verkiesing van die mens deur God die sondeval vooraf gaan.
Die infralapsarisme is daardie beskouing met betrekking tot die predestinasieleer, wat glo dat die verkiesing van die mens deur God die sondeval volg.
2) Latourette (1964, p. 765).
3) Latourette (1964, p. 765). Vgl. ook Seeberg (1966, p. 421 e.v., p. 424).

Na die Sinode van Dordt, was die Statebybel die leerboek van die landvolk. As jy die Statebybel oopslaan, vind jy die volledige vertaling met kanttekeninge, die Belydenisskrifte, die liturgiese formuliere, die Psalms, die geloofsbelydenisse, gebede en die familiestamboom in een bundel saamgevat. Dit was leerboek en leesboek. Dit was die Boek van 'n volk-in-wording. Dit was die Boek van die seereis en die wakis. Die Statebybel sou spreekwoordelik die skutswal word waaragter die Afrikanervolk sou skuil teen die aanslag van verwildering op die nuwe kultuurbodem 1).

In die Woordopenbaring en die Belydenisskrifte, lê die gemeenskaplike wortels van die kulturele roepingsgestalte en vergestalting van die Gereformeerde Protestantisme ingebed. In die Woordopenbaring en Belydenisskrifte as roepingsvergestalting van die Gereformeerde Protestantse kultuur, word die roepingsgestalte vergestalt. So word die roepingsgestalte tot werklikheid in die kulturele roepingsvergestalting gedwing.

## 1.2 Vervolging en verbreiding

Die Boer is nakomeling van Geus en Hugenoot. Aldrie die benaminge het twee dinge in gemeen. Ten eerste het die benaminge ten tyde van krisisse ontstaan en is deur vyande gebruik. Tweedens is op te merk dat die benaminge as skeldname gebruik is en gebruik word, soos in die geval van die Afrikaner.

### 1.2.1 Die Geuse

Die naam Geus word van die Franse woord "gueux" afgelei, wat bedelaars beteken. Die naam is deur Karel van Berlaymont teenoor Margaretha van Parma, in sy verwysing na die Nederlandse Protestante, gebruik. By hierdie geleentheid het die lede van die "Compromis" onder leiding van Lodewyk van Nassau 'n smeekbrief aan haar oorhandig. Later word deur die graaf van Brederode verklaar dat die naam aanvaar moet word. Die "Compromis" wil die Inkwisisie bestry, maar aan die koning getrou bly, al sou dit die bedelstaf meebring, "Vivent les gueux" 2).

Die gees waarin hierdie skeldnaam vir die 16de-eeuse Calviniste as teenstanders van die Rooms-Katolieke tot erenaam verhef is, weerspieël

1) Labuschagne (s.j., p. 12).

2) Vgl Sesam (s.j., 5:43 e.v.).

die erns en verantwoordelikheid waarmee die stryd gevoer is.

Die konsolidasiepoging van Karel V word deur sy seun Filip II voortgesit. Verset neem toe teen die teenwoordigheid van die Spaanse troepe, die felle bestryding van die Calvinisme, die nuwe bisdomme en die verbreking van die ooreenkomste wat Filip beloof het om te onderhou. Die opstand breek in die industriële gebiede onder die landvolk uit en word deur hongersnood aangeblaas.

Die getalle van die Gereformeerde Protestante neem onder die Spaanse Rooms-Katolieke vervolging toe. Gemeentes, bedien deur verbanne predikers, bied teen die Spaanse oorheersing teenstand. Die volkswoede was onbeheersd en verwoestend.

Filip sweer bloedwraak. Aan hoof van die Spaanse leer, trek Don Fernando Alvárez de Toledo, die hertog van Alva, die Nederlande binne. Een stad na die ander val voor die meedoënlose aanslag van die Spaanse leër as verteenwoordigers van die Rooms-Katolieke Kerk 1).

Alva se optrede deur die Raad van Beroerte, wat deur die landvolk Bloedraad genoem is en die belastings maak hom by die Nederlanders gehaat. Met die onthoofding van die graaf van Egmond en die graaf van Hoorne word sy teenstanders verder tot verset aangespoor.

Die skrikbewind wat Alva in Nederland voer, dryf 'n groot skaar van Calviniste en politieke teenstanders die land uit. Hulle vlug na geloofsgenote in Frankryk, naamlik die Hugenote, sowel as na Engeland en Duitsland. Talle Geuse begin ter see 'n lewe van swerf en seerowerlewe voer. Vandaar ontstaan die naam Watergeuse.

Willem van Oranje besluit om terug te veg. Alva wil die Spaanse bewind in Nederland konsolideer, terwyl Willem van Oranje met een doel voor oë optree, naamlik om die Spanjaarde uit Nederland te verdryf en die volk vry en eendragtig saam te bind.

Met die terloopse inname van Den Briel op 31 Maart 1572 deur die Watergeuse, word beide Alva en sy teenstanders onkant gevang. Die gebeurtenis voorspel die ondergang van Spaanse politieke en Romaanse kulturele dominansie. 'n Domino-reaksie volg en meer stede langs die

---

1) Vgl. Sesam (s.j. 5:44) en Latourette (1964, p. 764).

kus skaar hulle by Willem van Oranje.

Die belofte van hulp uit Frankryk word deur die bloedbad van die Bartholomeüsnag verydel. In dié tyd neem Alva weer Haarlem in om die hartland van die Gereformeerde Protestantisme onder beheer te bring. Gedurende dié tyd skryf Willem van Oranje sy brief aan die bevelvoerders van die noordelike state 1). Die Geuse neem Alkmaar in en weerstaan die Spaanse beleg. By Leiden kom die keerpunt deur die water wat oor die laagland stroom en die Watergeuse geleentheid gee om na die stad te seil. Die Spanjaarde onttrek uit die noordelike provinsies en die sewe provinsies word onafhanklik met die Pasifikasie van Gent.

Die stryd tussen die noordelike en suidelike provinsies duur voort met prins Alexander van Parma en Maurits van Oranje as die leidende figure. Hoewel die vrede van Munster (1648) die oorlog beëindig het, het die stryd teen die oorheersing van buite en teen die Romaanse kultuur ten gunste van die "bedelaars" uitgeval. Die vryheidsgees gebore uit die roepingsbewustheid van die Gereformeerde Protestantse geloof sou die kenmerk van die vryheidstrewe bly.

Die sterk nasionaalgetinte maatskaplike struktuur van Holland en die kultuur van die Gereformeerde Protestantse state, is deur die State-Generaal deur die handel en skeepsvaart uitgebou. So begin die ekonomiese opbloei en breek die Nederlandse Goue Eeu aan.

In 'n tydperk van uitbreiding word die kolonies gestig. Deur die handel van die Oos-Indiese Kompanjie word die Gereformeerde Protestantse kultuur oor al die handelsroetes versprei. In die tyd van kulturele hoogbloei, Bybelvertaling en belydenisvorming, geskied die volksplanting aan die Suidpunt van Afrika. So word die Gereformeerde Protestantse kultuur deur die landvolk voortgedra 2).

1.2.2 Die Hugenote

Sedert 1560 was "Huguenots" die skeldnaam vir die Franse Protestante. Gebore uit die humanisme word die Franse Protestantisme vanuit Geneve tot 'n Gereformeerde Protestantisme bevrug. Die benaming Hugenoot is heel waarskynlik die verfransing van die woord "Eidgenossen" (eedgenote)

---

1) Sien p.95 hierbo insake brief van Willem van Oranje aan sy bevelvoerders.

2) Vgl. Sesam (s.j., dl 4); asook Van Jaarsveld (1976, p. 3), Latourette (1964, p. 764 e.v.), Fisher (1969) en Coertzen (1969).

wat die benaming vir die Switsers was. So kan die benaming die invloed van die Franse Protestantisme aandui. Dit kan egter ook die beskuldiging van sameswering deur hul teenstanders, die Rooms-Katolieke, aandui. Ook hierdie skeldnaam sou in kultuurhistoriese perspektief 'n erenaam word.

Net soos in die Nederlande het die Gereformeerde Protestantisme in Frankryk 'n stormagtige geskiedenis gehad. In Frankryk was die Hugenote in die minderheid binne 'n oorheersende Rooms-Katolieke gemeenskap. Ook hier het vervolging en stryd nie uitgebly nie.

Die Hugenote is beskerm deur Margaretha van Valois en onder Frans I en Hendrik II vervolg. Ten spyte van vervolging, groei die Gereformeerde gemeentes tot ± 2000 in 1559, toe die eerste Sinode in die geheim gehou is.

Toe die Rooms-Katolieke Guise-familie met die vervolging voortgaan, begin die Hugenote hulle gewapenderhand te verdedig. Condé, 'n afstammeling van Lodewyk van Bourbon en sy oom, De Coligny was in hierdie stadium leiers van die Hugenote. Weens die aanhoudende skending van die bepalinge van ooreenkomste deur die Rooms-Katolieke het 'n tiental godsdiensoorloë plaasgevind 1).

Met die Vrede van Amboise (1563) is beperkte godsdiensvryhede aan die Hugenote toegestaan. Mettertyd sou die godsdiensoorloë, soos in die Nederlande, ook 'n politieke kleur verkry. Kenmerkend van die Protestantse stryd is die strewe in Nederland en in Frankryk, na vryheid en erkenning op godsdienstige en politieke terrein. Agter hierdie strewe staan die figuur van die Godsman, Johannes Calvyn 2).

Die Edik van Nantes (1598), deur Hendrik IV van Frankryk uitgevaardig, waarborg aan die Hugenote hul godsdiensvryheid. Dit bepaal onder meer erkenning van Kerke in hul besit, die reg tot bekleding van openbare ampte, die hou van kerkvergaderings, die bekleding van die helfte van die poste in handelskamers en die instandhouding van garnisoene in die vry stede. In 'n oorwegend Rooms-Katolieke land was hierdie vryhede aan 'n minderheid steurend. Telkens moes die Hugenote beskuldigings en aantygings van die koningshuis en bevolking verdra. Soos die troonopvolgers verwissel het, het die toepassing van die bepalings van oor-

---

1) Vgl. Latourette (1964) en Sesam (s.j., dl. 4); asook Fisher (1969, p. 14 e.v.).

2) Coertzen (1969, p. 3).

eenkomste ook gewissel.

Twee gebeurtenisse sou tydens die Hugenotestryd ingrypende gevolge hê naamlik die "Bloedbruilof" van 24 Augustus 1572 en die opheffing van die Edik van Nantes deur die Edik van Fontainbleau in 1685.

Die agitasies en naywer van Catharina de Medici lei tot die Bartholomeusnag waartydens die leiers van die Hugenote vermoor is. Die vervolging brei na die provinsies uit. Duisende Hugenote sterf. Die Protestante word 'n minderheid in Frankryk.

Dit was met die opheffing van die Edik van Nantes dat die groot trek van die Hugenote begin. Tot dusver het hulle die verdrukking met geduld verdra. Met die instelling van die "helse legioene", kom bekeringe tot die Rooms-Katolisisme voor. Die opheffing van die Edik van Nantes deur Lodewyk XIV geskied "tot Gods eer". Ontvlugting word onmoontlik gemaak. Tog ontvlug 'n groot aantal na Switserland, die Nederlande, Brandenburg en Engeland. Daardeur verloor Frankryk van sy mees ywerigste burgers 1). Ten spyte van die pogings om die Protestantisme uit te roei, bly die Gereformeerde Protestantisme in Frankryk voortbestaan.

Vanuit Nederland, Engeland en Switserland is die enigste weg na vryheid vir die Hugenote dié na die kolonies van Amerika en Kaap die Goeie Hoop via Nederland. So kom 175 van die Franse Hugenote vanaf 1688 in die Kaap aan. Ten spyte van hul klein getalle (baie is op see oorlede) sou hulle 'n blywende invloed op die kultuur in die Kolonie uitoefen 2).

1.2.3 Die Boer

Die Geus en Hugenoot is die stamouers van die Boer. Laasgenoemde het eers net eenvoudig landbouer beteken. Boer is 'n ou en tradisionele benaming vir die Afrikaner. Later sou die benaming 'n skeldnaam word vir die Boere van die Groot Trek en die burgers van die Twee Boererepublieke. Die vyande van die Afrikaner - veral die Brit en vandag in 'n mate die Swartman - gebruik die naam as skeldnaam om agterlikheid aan te dui. Vir die Afrikaner word dit 'n erenaam in die stryd

---

1) Sesam (s.j., 4:406). Vgl. Fisher (1969, p. 14-15) asook Latourette (1964, p. 766-769).

2) Vgl. Malherbe (1959, p. xi).

van Boer teen Brit 1).

Hoe dit ook al sy, die benaming van Geus, Hugenoot en Boer verteenwoordig die kerngees van stryd en veragting. Dit is hierdie kenmerke wat op die volkskarakter van die Gereformeerde Protestante 'n invloed gelaat het.

Die kultuurkrisis van die 16de en 17de eeu in die stamlande het deur vervolging meegewerk tot die verbreiding van die Gereformeerde Protestantisme en die ontplooiing van 'n volkskarakter wat neerslag sou vind in die Afrikanervolk.

## 1.3 Kulturele wortels

Die kulturele wortels van die Afrikaner se roepingsgestalte is in die Euro-Germaanse kultuurbodem ingebed. Uit die landstreke noord van Antwerpen het die Nederlands-Germaanse stamouers van die Afrikaner gekom. Die Frans-Germaanse voorouers het uit die suid en suid-westelike streke van Frankryk ontvlug. Bo en behalwe hierdie twee kultureel sterker wortels, is daar nog kleiner wortels in Engeland, Duitsland en ander Europese gebiede veranker 2).

Die histories-etniese verbondenheid van die Afrikanervolk deur middel van sy families, is aan die landvolk verbind. Die Nederlands-Germaanse stamouers was hoofsaaklik Kompanjie amptenare. Die meeste was in Nederland hoofsaaklik aan industrieë en handel verbonde en in 'n minder mate aan die landbou. Met die Goue Eeu van Nederland in die hoogbloei, het minder immigrante na die Kaap gekom as wat die Kompanjie gehoop het. Tog word hulle die basis van die kultuur en tradisies aan die Kaap die Goeie Hoop.

---

1) Charton (1975, p. 47).
2) Persentasie van bevolking wat aangedui word as elemente van die bevolkingssamestelling is as volg:-

| | |
|---|---|
| Nederlanders | 35 persent |
| Duitsers | 34 persent |
| Franse | 13 persent |
| Britte | 5 persent |
| Ander Europese | 3 persent |
| Nie-blank | 7 persent |

Kultuurhistories was die kulturele invloed van die Duitser en ander veel minder permanent as dié van die klein getal Franse. Vgl. Van Jaarsveld (1976).

Net so was die Hugenote in hul histories-etniese verbondenheid as stamouers van die Afrikanervolk uit die landvolk afkomstig. Hulle was veral uit die stede en die suidelike platteland en het as ambagsmanne, handelaars en landbouers na die Kaap gekom. Al het hulle al hul aardse besittings verloor, het hulle hul bekwaamhede en vaardighede met hul saamgebring. Ten spyte van taalverskil, kon hulle assimilasie met die Nederlanders binne twee geslagte toegeskryf word aan die fundamentele ooreenkoms in die Gereformeerde Protestantse kultuur wat beide volksgroepe gehad het.

Die eenvormige kultuurpatroon wat so gevorm is, was vir die ander kultuurgroepe oorweldigend. Die Duitsers wat Lutheraans was en ander groepe kon geen blywende kulturele invloed uitoefen nie.

Die verhuising na 'n nuwe kultuurbodem het op die wêreldbeeld van die Gereformeerde Protestantse kultuurdraers 'n blywende indruk gemaak. Die ongerepte grootheid en natuurskoon van die Kaap maak op die moderne besoeker vandag nog 'n onuitwisbare indruk 1).

Die Gereformeerde Protestantisme met sy leer van die soewereiniteit van God, die uitverkiesgedagte en geroepenheid, die geloof aan die vryheid van die enkeling en die beginsel van protes, is deur die kultuurkrisis in die stamlande gelouter. Hierdie leer sou die kulturele teelaarde vorm waaruit die kulturele roepingsgestalte van die Afrikanervolk op die nuwe kultuurbodem sou groei. Ons merk dit veral in die karaktertrekke van die Geuse en Hugenote op.

Beide Geus en Hugenoot was uit 'n godsdienstige volk afkomstig. Die kenmerk van beide was die Woord- en Belydenisgebondenheid. Die lewenswyse in die huis, opvoeding, arbeid en owerheidsoptrede, het die stempel van hierdie gebondenheid gedra. Roepingsbewustheid, soberheid, spaarsaamheid, werklus en deeglikheid was almal karaktertrekke van die Gereformeerde Protestantse kultuur 2).

Tradisies uit die stamlande is in die huise aan die Kaap gehandhaaf. Huisgodsdiens, fyn beskaafde etiket en beleefdheidsin was erkende Hugenote tradisies. Die botte Geus se vryheidsin, regverdigheidsin en moed is deur dié van die Hugenote versterk.

---

1) Wypkema (1968, p. 40).

2) Vgl. Coertzen (1969, p. 4).

Die etos van die volk is eindelik in die Gereformeerde Protestantse lewensstyl sigbaar. Die streng eis vir 'n Christelike sedelike gedrag kom in onder andere hul afkeer aan dans, drank, kaartspel en weddenskappe tot uiting. Die onversetlikheid, wat soms deur die uitlander as onverdraagsaamheid getipeer word, is in 'n sterk verstandelike geloofsoortuiging gewortel. Die elke daagse met-God-wandel in hul nabyheid- en vertrouensgevoel is in 'n Gereformeerde Protestantse godsbegrip veranker. God se soewereiniteit oor alles word erken, maar Hy word as Vader van die gelowige en Almagtige gedien 1).

Beide Geus en Hugenoot was praktiese mense. Hul vindingrykheid, vernuftigheid en vlytigheid sou deel word van die Afrikaner se volkskarakter. Die blymoedigheid en aard om met homself te spot, is deel van die kenmerk van die vriendelikheid wat eie is aan die Afrikanermens.

Die invloed van die Hugenote was by dit alles 'n bevrugting en versterking van die bestaande karaktertrekke van die Geuse 2). Die Gereformeerde Protestantse kultuur as volkskultuur was die teelaarde waarin die wortels van die volkskarakter veranker is.

Die karaktertrekke van die Afrikaner het die verhoudinge tot ander nasies bepaal. Eie aan die Gereformeerde Protestantse benadering het die Nuwe Testamentiese begrippe van "Christen" en "heiden" in die Afrikaner se verhouding tot ander nasies gegeld. Sy roepingsbewustheid en volksverbondenheid het binne die raamwerk van die konsep van die predestinasieleer geval. Daarom was die kulturele andersheid 'n behoud van die volkseenheid en eie identiteit. Die verhouding tot ander rasse en nasies het op die "Christen-word" berus. Die aanvaarding het eers na die "van Bo-gebore-word" in die volk in, gekom. Die Nie-blanke is dan eers as geloofgenoot aanvaar 3).

By die godsdienstige onderskeid is later beskawingspeil gevoeg. Binne die landsomstandighede is dit met ras of kleur geassosieer. So 'n kleurgevoel het vroeg in die kultuurgeskiedenis van die Kaap posgevat. Die erkenning van kulturele andersheid het egter nie die roepingsbewustheid teenoor die heiden-nasies laat verdwyn nie. Die beleid van

---

1) Vgl. Bosman (1968, p. 60 e.v.), en Fisher (1969, p. 16 e.v.).

2) Van Jaarsveld (1976, p. 42).

3) Vgl. Van Jaarsveld (1976, p. 44) en Moorrees (1937, p. 595). Moorrees wys daarop dat lidmate en kerkraadslede hulle teen gesamentlike gebruik van die nagmaal met anderkleuriges verset het.

handeldryf en die verbreiding van die ware Gereformeerde leer is steeds uitgevoer 1). Die beginsel van die verbreiding van die Gereformeerde Protestantse kultuur en die behoud van die kulturele andersheid of identiteit sou die hele kultuurgeskiedenis van die Afrikanervolk bestryk.

Die kerkstigting en onderwys was die twee media waardeur die kulturele roepingsgestalte aan die jeug oorgedra is. Vir lank het die kerk onder die toesig van die owerheid in Nederland geval. Dit het stremmend op die groei van kerklike selfstandigheid ingewerk.

Die opvoeding van die kinders was ten nouste aan die kerk verbonde. Die Rade van die Kompanjie moes toesien dat kinders nie net leer lees, skryf en syfers maak nie, maar hulle moes in die godsaligheid en in die Kategismus onderrig word. Predikante en skoolmeesters moes aangestel word om die nie-Christene te kersten en hul jeug leer om so die naam van Christus te verbrei. Van hierdie onderwyssake moes aan die Here XVII gereeld verslag gedoen word 2). Die Hugenote het nie alleen gemaklik by die Geuse se kerklike opset ingeskakel nie, maar was van hul land uit op die onderwys ingestel. So is die grondslag van 'n noue verbintenis tussen onderwys en kerk deur die Gereformeerde Protestante gelê 3).

Die kulturele wortels van die Afrikaner se roepingsgestalte blyk diep in die kultuur-historiese teelaarde veranker te wees. Die kulturele roepingsgestalte van die Afrikaner is onomwonde Gereformeerd-Protestants van oorsprong en aan die Woordopenbaring en Belydenisskrifte as maatstaf en rigsnoer verbind. Die kulturele wortels is so diep veranker dat die lewensboom van volkwording op die Afrikaanse kultuurbodem kon ontspring en groei. Nog steeds groei dit en steeds met die lewenskrag van die Gereformeerde Protestantisme vertak en dra dit vrugte.

Samevattend kan gesê word dat die volkskarakter, volksidentiteit en volkskultuur van die Gereformeerde Protestantisme deur veral Geus en Hugenoot, oorgedra is na die Suid-Afrikaanse kultuurbodem. Dit is hier

---

1) Vgl. Coertzen (1969, p. 9) en Morrees (1937, p. 3); ook Conradie (1934, 1:4).
2) Morrees (1937, p. 3).
3) Vgl. Morrees (1937, p. 84 e.v.).

waar die kulturele roepingsgestalte van die Godsvolk in en deur die Afrikanervolk vergestalt word.

## 2. Volkswording

Die idee van volkswording impliseer 'n proses. 'n Volk is steeds besig om deur die kultuurgeskiedenis te groei. 'n Volk word deur sy kultuuropdrag en kulturele roeping gedwing om meer en meer volk-te-wees. Daarbenewens is 'n volk deur die kultuurkrisis, waarin hy van tyd tot tyd verkeer, besig om op 'n vasgestelde kulturele eindbestemming af te stuur. Vir hierdie groeiproses is die kultuur-historiese wortels (tradisie) en die kulturele eindbestemming (toekomsverwagting) van belang. Die groeiproses is die voortdurende roepingsvervulling, volgens die kultuuropdrag aan die volk. Die volk moet voortdurend poog om die kulturele roepingsgestalte te vergestalt. So 'n groeiproses vind in die bestaanstyd van die volk plaas. Volke kan ook ophou om te bestaan. 'n Volk kan egter ook bly voortbestaan.

Die vraag is egter:-

a) Hoe ontstaan die proses van volkswording?
b) Wanneer in 'n besondere volk se kultuurgeskiedenis het die proses begin?

### 2.1 Seereise en Sakramente

Verskillende teorieë vir die ontstaanstyd van die Afrikanervolk word aangegee. Die mees algemene beskouing met betrekking tot die Afrikaner, is die vrystelling van die "vryburgers". Myns insiens moes die proses reeds vroeër begin het. Graag wil ek vir die gang van hierdie studie by die taalwordingsteorie van dr. F.J. Labuschagne aansluiting vind 1). Volgens sy beskouing, is Afrikaans as taal op see gebore. Hier het ook die proses van volkswording in feite begin.

Uit verskillende stede, dorpe en streke van Suid-Holland het die amptenare van die Oos-Indiese Kompanjie gekom. Selfs matrose op die skepe was uit verskillende nasies van die Europese vasteland afkomstig. Vir etlike maande was hierdie mense saam op die houtskepe van

---

1) Labuschagne (s.j.).

die Kompanjie ingeperk. Die gevare aan so 'n skeepsreis laat dit uit die oog van die hedendaagse tegnologie en kommunikasiemiddele feitlik onmoontlik lyk. Tog was hierdie mense vir 'n tyd lank in 'n beperkte ruimte saamgehok. Hulle was aan gevare, siektes, onsekerheid en dies meer blootgestel 1).

Die gemeenskaplike toestande, gemeenskaplike eind- en lotsbestemming, was aan 'n mate van gemeenskaplike geloof veranker. So verwys Janszen 2) in sy aanbeveling aan die bewindhebbers na die "Christelike gereformeerde religie" en na "tot die grootmaak van God se allerheiligste naam" 3).

Gedurende die tydperk waarin die Oos-Indiese Kompanjie opgetree het, was handeldryf en die verbreiding van die Christelike Gereformeerde leer as sinoniem beskou. So 'n gedagte word in verskeie amptelike dokumente en skeepsjoernale gevind.

Sieketroosters 4) is deur die Kompanjie op hul skepe aangestel om na die bemanning en passasiers se geestelike welsyn om te sien. Aan hulle was die onderwys van die jeug, besoek aan die siekes, leiding by godsdiensoefeninge en die voorlees van preke op Sondae, opgedra. Hierdie taak moes hul, sonder om hulle aan die amptelike bediening van 'n leraar skuldig te maak, vervul.

Dit is onwaarskynlik dat 'n ganse seereis van etlike maande sonder 'n erediens of godsdiensoefening verby sou gaan. Die Statebybel en amptelike formuliere en leerstukke wat daarin opgeneem is, sou as grondslag dien vir hierdie kulturele handeling. So is op Sondae die mees pregnante vorm van kultuur deur die persone aan boord beoefen. Die groeiproses tot een geloof, een hoop, een liefde sou uit hierdie omstandighede gemaklik kon ontwikkel. Die feit dat dit aan die Kaap voortgesit is, bewys dat die proses van volkswording so kon begin het.

Op 12 Mei 1652, 'n maand na die volksplanting, word die eerste Nagmaal bedien. Die volgende jaar (24 Augustus 1653?) word die Nagmaal andermaal gevier en ook die sakrament van die Doop bedien. Die sakramentsbediening kon alleen onder leiding van die geordende predikante, wat

---

1) Vgl. Heese (1974, 1:66).

2) Onderkoopman Leendert Janszen was lid van die Haarlem (1648 - Kaap) se bemanning gewees.

3) Vgl. Morrees (1937, p. 5) en Conradie (1934, p. 4).

4) Kerklike funksionarisse wat predikante in stede met hul werk gehelp het

die Kaap besoek het, geskied 1).

Die 17de eeu was 'n tyd waarin daar vir die suiwerheid van die leer geywer is. Daarom kon slegs voorgeskrewe preke deur die sieketrooster of voorleser voorgedra word. Teen daardie agtergrond geskied die volksplanting aan die Kaap. Daarom kan ons begryp dat Kommandeur Van Riebeeck homself as "pater familias" kon sien, en die godsdiensoefeninge as grondslag van die kulturele lewe aan die Kaap gedien het. Die tughandelinge oor vergrype deur die bewoners van die Kaap het onder die strenge leiding en toesig van die Kommandeur self geskied. Leer en lewe moes ooreenstem.

'n Enkele opmerking met betrekking tot die Franse, is hier voldoende. Franse Gereformeerdes wat die Kaap besoek het, het saam met die Hollanders aldaar Nagmaal gevier. Dit geskied ten spyte van 'n instruksie wat gegeld het, dat geen Franse, Engelse of Hottentotte binne die waghuise toegelaat sal word nie. Die kulturele kontak van die Gereformeerde Protestante vind, ondanks die politieke spanning plaas 2). So sou die Hugenote later aan die Kaap 'n kulturele tuiste vind. Die taalprobleem van Franse en Duitsers sou gou verdwyn.

Die seereise en sakramente is van die historiese faktore wat die volkswordingsproses gestimuleer het. Gebou op die fondament van Woord en Belydenis, is dit die Gereformeerde Protestantse kultuur wat tot die volkswording aanleiding gegee het.

## 2.2 Volk-wees

Die proses van volkswording van die Afrikaner het op see begin. Mense, as kultuurdraers van die Gereformeerde Protestantse kultuur, smelt tot 'n gemeenskap van gelowiges saam. Verbonde aan Woord en Belydenis, word hulle tot volk gesmee. Deur die sakramentale handeling, word hulle tot volk verbind.

Tot hierdie volk word mettertyd die Hugenote, met dieselfde kulturele grondslag, gevoeg. Ook hulle gaan bykans 'n identiese proses deur. Hulle groei tot 'n kulturele eenheid wat embrionaal 'n nuwe volk sou wees, of anders gestel, wat 'n verlenging is van die ware volk, die

---

1) Morrees (1937, p. 14 e.v.). Vgl. Coertzen (1969, p. 24).
2) Coertzen (1969, p. 8).

Godsvolk.

Die Afrikanervolk het op see ontkiem en op die Afrikaanse bodem begin groei. Die wortels van sy histories-etniese verbondenheid lê in die kultuurbodem van die Germaanse stamlande gewortel. Deur die gelowige Geuse en Hugenote families, word die Afrikanervolk aan die stamlande gebind. Dit is egter die kultuurkrisis in die Europese kultuurstrominge wat die ware volk uit daardie kultuurbodem losskeur.

'n "Nuwe" volk, of loot van die ware volk, se proses van volkswording begin op sy seereis na die nuwe kultuurbodem. Hulle wat van-Bo-ingebore is in die volk, het nou deur afstamming deel van die Godsvolk geword. Daarom begin die Afrikaner se volk-wees by die kulturele wortels van die Gereformeerde Protestantse geloof. Hulle wat deur die geloof lewe.

Die etniese verbondenheid van die Afrikanervolk lê in die Germaanse stamlande veranker. Deur die families van Geus en Hugenoot wat begin saamleef, kom 'n volksgemeenskap tot stand. Dit is 'n gemeenskap wat al meer die tekens van samehorigheid begin vertoon. Elke kind wat in hierdie volksgemeenskap van-Bo-ingebore word, word met amptelike verbond-enheid verseël. So word die Afrikanervolk meer en meer deel van die Gereformeerde Protestantse tradisie.

Na twee geslagte het 'n volk met 'n kulturele identiteit ontstaan. 'n Kulturele andersheid wat selfs in sy naam, Afrikaner, tot uiting kom. Die suiwerheid van die kulturele andersheid, bring die noodwendige botsing met die Britse imperiale strewe te weeg. In der waarheid bots twee kulture en kulturele identiteite op Afrikaanse bodem.

Binne hierdie kultuurkrisis gaan die proses van volkswording voort. Deur stryd en krisis, groei die Afrikanervolk tot 'n entiteit wat teenoor die nasies met volksvreemde kulture, te staan kom. Die Afrikanervolk kom met die Britse- en Bantoe kulture in botsing.

Die Britse beleid van anglisering bedreig reeds die kultuur van die Afrikanervolk op sy eie kultuurbodem. Met hierdie krisis kom die proses van volkswording feitlik tot stilstand. Deur amptelike beïnvloeding van die Afrikanervolk kom die kulturele roepingsgestalte al minder tot sy reg. In hierdie kultuurkrisis verengels menige Afrikaner sodat die volk nou duideliker teenoor die nasie te staan kom. Taal is nie meer

die verskil nie, maar die kulturele roepingsvergestalting. Die Afrikanervolk trag om steeds die kulturele roepingsgestalte van die Gereformeerde Protestantse kultuur te vertoon. Die Afrikaanse nasie daarenteen begin om duideliker die teëbeeld van die volk te wees. Onder die Afrikaner geledere verskyn twee roepingsvergestaltings:-

> Die Gereformeerde Protestantse teenoor dié van die Anglo-Saksiese;
> die konserwatiewe teenoor dié van die liberale;
> die teosentriese teenoor dié van die deïstiese;
> die teïstiese teenoor dié van die a-teïstiese;
> die gelowige teenoor dié van die nie-gelowige;
> kortliks kom die volk teenoor die nasie te staan deur en in die kulturele roepingsvergestalting.

Binne hierdie kulturele spanningsveld lê die groeiproses van die Afrikanervolk. Dit bly die roeping van die Afrikaner om te groei in sy volkswording. Met ander woorde, dit moet die strewe van die Afrikanervolk wees om meer en meer te groei om sy roepingsgestalte duideliker te vergestalt.

Die kultuurgeskiedenis bied aan ons al die gegewens om te toon dat die Afrikanervolk in die ware Godsvolk gewortel is.

Die potensiaal en dinamiek was daar om die groeiproses van volkswording tot 'n kritiese hoogtepunt te bring, sodat die roepingsgestalte van die Afrikanervolk verder uitgebou kan word. Daardie selfde moontlikhede lê nog steeds in die Afrikanervolk opgesluit. Binne die lewensetos van die volk is dit sommige plekke sluimerend. Op ander terreine bring dit die drang tot 'n nuwe ontwaking van die volk-wees na vore. Dit wil sê, die Afrikanervolk is nog steeds besig om te groei tot volkome volk-wees.

Hierdie proses van volk-wees, lê daarin dat die Afrikanervolk sy kulturele roepingsvergestalting meer in ooreenstemming met sy roepingsgestalte moet bring. Die spieëlbeeld van die ware Afrikanervolk en die teëbeeld moet in die spieël van die Openbaring van God na mekaar lyk.

So 'n proses kan alleen op die Afrikaanse kultuurbodem geskied. Dit is tot hierdie deel van die kosmos, Gods Koninkryk, waartoe die Afrikanervolk geroep is. Die verantwoordelikheid van hierdie deel van die kosmos

is aan hom opgedra. In hierdie deel van die wêreld het hy met die groeiproses begin. Dit is hier waar dit voltooi moet word. Daar is geen ander tuiste vir die Afrikanervolk nie, as te midde van die nasies wat die kultuurbodem met hom deel.

Omdat die Afrikanervolk in die vergestalting van die roepingsgestalte iets het om te sê vir die ander nasies, word sy roeping daarin vervul dat uit die nasies tot die Godsvolk kom hulle wat daartoe verordeneer is. Dit wil sê dat die groeiproses van die Godsvolk in elke nasie sal voortgaan deur die verdere uitbouing van elkeen se kulturele roepingsgestalte. Hierdie groeiproses moet binne elke nasie voortgaan sodat die universaliteit van die Godsvolk alhoemeer kan beantwoord aan Christus se gebed ..... "Laat U Koninkryk kom". Aangesien elke volk eerstens tot sy eie mense geroepe is, kan die kulturele andersheid nooit opgehef word nie. Inteendeel die kulturele wortels lê in 'n ander stamland en histories-etniese verbondenheid veranker.

Die eenheid van die Godsvolk geskied alleen daarin dat die Afrikanervolk en byvoorbeeld die Zoeloe-volk en dies meer, dieselfde Gereformeerde Protestantse roepingsgestalte vertoon. Die ontmoeting tot goeie verhoudinge tussen die verskillende volke is daarin geleë dat die karaktertrekke van die Godsvolk in beide volkere moet ontwikkel. Alleen wanneer beide Afrikaner en byvoorbeelde die Zoeloe-volk dieselfde kulturele karaktertrekke vertoon, kan daar gepraat word van 'n kulturele eendersheid. Dan alleen is daar raakpunte in die verhoudinge van volk tot volk.

Aangesien alle volke opweg is na die kulturele eindbestemming van die Godsvolk, naamlik die nuwe hemel en nuwe aarde sal die groeiproses van volkswording voortduur. Ware eendersheid is daarin dat die volkere as verteenwoordigers uit die nasies geroep word (Openbaring 18:4 en 21:24 e.v.). Dan eers sal die ware kulturele roepingsgestalte vertoon word. Dit is wanneer God alles in almal sal wees (I Kor. 15:28).

Intussen gaan die proses van volkswording steeds voort. Met die pogings tot 'n duideliker vertoon van die kulturele roepingsgestalte, sal die kulturele andersheid vanweë die sonde in hierdie wêreld egter nog steeds voortgaan en selfs toeneem. Hierdie proses van voortgang en toename van verval van die roepingsgestalte van die Afrikanervolk is aan die gang en kan tot kulturele indentiteitsverlies van die Afrikanervolk lei.

Die huidige kultuurkrisis waarin die proses van volkswording verkeer, is dié van identiteitsverlies. Die Kontra-kultuur en Anglo-Amerikanisme is die speerpunt in die kultuurkrisis. Die proses van gelykmaking en versosialisering van die gemeenskap het die Afrikaner midde in 'n bestaanskrisis geplaas 1).

Te midde van hierdie krisis kom die vraag en soeke na die kulturele roepingsgestalte van die Afrikaner na vore. Soos die kultuurgeskiedenis aandui, is dit uit die smeltkroes van die kultuurkrisis om kulturele voortbestaan dat die proses van volkswording gestimuleer √ word. Dit is egter ook uit die kultuurkrisis dat die roeping tot ware volk-wees versterk word. Te midde van die huidige skynbare identiteitsverlies moet die roepingsvergestalting van die Afrikanervolk opnuut aan die roepingsgestalte getoets word.

Alles in ag genome, geskied die volkswording nie buite die Openbaring om nie. Reeds dié geloofsoortuiging verbind die huidige proses aan die naelstring van die Gereformeerde Protestantse kulturele roeping - die regverdige sal deur die geloof lewe. Dié konsepsie plaas die volkswording van die Afrikanervolk in ewigheidsperspektief. Dit wil sê nie net wat die kulturele wortels, die ontstaansproses en groeiproses tot volk-wees betref nie, maar ook die kulturele eindbestemming van die Afrikanervolk. Dan is die volkswording van die Afrikanervolk 'n wonder. Die volk-wees van die Afrikanervolk is Godswonder.

3. Samevatting

Samevattend kan ons sê:-

a) Die kultuurkrisis in die Germaanse stamlande het tot die afstamming van die Gereformeerde Protestantse kultuur gelei. Hierdie afstamming was die behoud van die "ware en volkome weg tot saligheid".
b) Die behoud het geskied deur die reformasie onder leiding van Luther, Calvyn e.a. So is aan die volk weer die ware geloofsleer ontsluit.

---

1) Vgl. die volgende werke: Scholtz : Proses van gelykmaking (1968): Venter: Sosialisme in Suid-Afrika (1973).

c) Deur vervolging van die Gereformeerde Protestante verbrei die ware geloof en belydenis tot op die Afrikaanse bodem.

d) Die kulturele wortels van die Gereformeerde Protestantse roepingsgestalte lê in die kultuurgeskiedenis van die Afrikanervolk veranker.

e) In die verbreidingsproses word deur omstandighede van die seereise die Afrikanervolk se ontstaan en volkswording ontketen. Deur die verkondiging van die Woord en bediening van die Sakramente is die verbond-enheid van die Afrikanervolk neergelê.

f) Die volkswording van die Afrikanervolk duur steeds voort. Vanuit die kulturele wortels groei die Afrikanervolk om meer en meer volk van God te wees. Hierdie proses geskied deur die toets van die kulturele roepingsvergestalting aan die roepingsgestalte. Die kultuurkrisis dring die volk daartoe.

g) Die Afrikanervolk is opweg na 'n kulturele eindbestemming. Die opweg-wees vereis dat die kulturele roepingsgestalte meer en meer vergestalt word. Dit is ook die proses van volkswording tot volk-wees.

h) Die kultuurhistoriese wortels; die voortgang van die volkswording; die volk-wees; die kulturele eindbestemming (toekomsverwagting) is aan die begrip ewigheid veranker. Niks geskied buite God se Voorsienigheid om nie. Die volkswording van die Afrikaner is 'n Godswonder.

## 4. Konklusie

Uit die voorafgaande van die studie kan gekonkludeer word:-

a) dat die Afrikanervolk in sy ontstaan, voortbestaan en eindbestemming wesenlik deel het aan sy kultureleroepingsgestalte;

b) dat die Afrikaner nog steeds geroepe is om die kulturele roepingsgestalte tot vergestalting op die Afrikaanse kultuurbodem te bring;

c) dat die Afrikaner se roepingsgestalte en roepingsvergestalting in sekere gevalle in sy volkskultuur, volksidentiteit en volkskarakter reeds ooreenstem. So word die roepingsgestalte in die vergestalting helderder vergestalt;

d) dat die Afrikanervolk in sy volkswording en volk-wees geroepe bly om mede-versorger van die Koninkryk van God te wees en om teenoor die nasie - Afrikaans of ander - van God se handelinge met Sy volk in die kultuurgeskiedenis 'n getuie te wees;

e) dat die Afrikanervolk nog geroepe is om Godsvolk te wees en die proses van volkswording voort te sit.

RESUMÉ

Die kulturele roepingsgestalte van die Afrikaner word in dié verhandeling bespreek.

In die eerste deel word die begrippe wat met kultuur en volk verband hou ontleed. Die verhouding tussen openbaring en kultuur word eerstens bepaal. Klem word op die verhouding tussen Woord- en Kosmosopenbaring en die invloed daarvan op die kultuur gelê. 'n Onderskeid word tussen volk en nasie op suiwer kulturele gronde gemaak. Die volk word in verhouding tot die Godsvolk gesien. Dit is hulle wat van-Bo uit die nasie in die volk ingebore word.

Die kulturele roepingsgestalte word in die tweede deel binne 'n prinsipiële raamwerk gekonstrueer. Die drie hoof-komponente, naamlik die volkskultuur, volksidentiteit en volkskarakter word prinsipieel gefundeer. Die Gereformeerde Protestantse en so die skriftuurlike grondslag van die Godsbegrip, en die belydenis word eerstens bepaal. Die skriftuurlike beginsel word op die lewensbeskouing, die wêreldbeskouing en wêreldbeeld van toepassing gemaak.

Met die derde deel word die kulturele roepingsgestalte van die Afrikanervolk ontleed. Die enkaptiese vervlegting van die Afrikanervolk en Afrikaanse nasie en hul onderskeie kulture word aangedui. Daar word gekyk in hoe verre die prinsipiële, die kulturele roepingsgestalte deur die Afrikaner vergestalt word. Sekere afwykings word aangedui en moontlike gevare van volksvervreemding uitgewys. 'n Gedeelte word aan die beskouinge van nie-Afrikaners oor die Afrikaner gewy.

Ten laaste word gepoog om die kultuurhistoriese wortels van die Afrikaner se kulturele roepingsgestalte vas te stel. So word bewys dat die Afrikaner kultuurhistories verbind is om 'n Gereformeerde Protestantse roepingsgestalte te vertoon. Die Afrikaner is nog steeds op weg na volk-wees. Die Afrikanervolk het steeds die roeping om die kulturele roepingsgestalte van die Godsvolk teenoor die nasie te vertoon.

SUMMARY

The vocational structure of the Afrikaner people is discussed in this thesis.

In the first part the relation between the revelations of God and culture as a way of life, is determined. Emphasis is placed on the relationship between Scriptural and cosmic revelation and the resulting influence on the culture. The difference between "people" (volk) and "nation" (nasie) is based on a cultural distinction. The people are seen in relation to the people of God (Godsvolk). They are the people who, through regeneration - to be born again from Above - are born into God's people from the cultural womb of the nation.

The vocational structure is constructed into a Scriptural oriented framework in the second part of the thesis. Three main components, the reformed culture as a way of life, reformed identity and reformed character of the people, are funded in the Scriptural framework. In the first place the reformed protestant, and therefore the Scriptural basis of the conception of God and the reformed creed are determined. Secondly the Scriptural principle is then applied to life perspective, worldview and the world-picture within the vocational structure. In this manner the ideal-typical vocational structure is constructed.

In the third part the vocational structure of the Afrikaner people is analysed. The interlacement of the Afrikaner people and Afrikaner nation and their different cultures is indicated.

The Afrikaner is analysed to determine how the vocational structure of the Afrikaner people figures forth in reality. Certain deflections occur in the vocational structure. These are pointed out. Various views of persons outside Afrikanerdom, on the Afrikaner, are then scrutinised. Mostly the Afrikaner is viewed in a political context and becomes the scapegoat of other cultural groups. This situation developed because of the ignorance of other nations of the vocational structure of the Afrikaner people.

The last part of the thesis is basically a cultural-historic analysis.

The cultural-historic roots of the vocational structure of the Afrikaner are determined. The study illustrates these roots to be rooted in the reformed protestant vocational structure. Thus the Afrikaner people still has the calling towards the other South African nations to figure forth the reformed protestant vocational structure.

BIBLIOGRAFIE


| | | | |
|---|---|---|---|
| AALDERS, G. Ch. | 1960<br>Genesis. Opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Kampen, Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift, Dl. I). | 317 | p. |
| ALANT, C. | 1975<br>Rol van die kerk. (In Van der Merwe, Identiteit en verandering). | 102-113 | p. |
| BAINTON, R.H. | 1950<br>Here I stand; a life of Martin Luther. Nashville, Abingdon Press. (Mentor uitgawe, American Library). | 336 | p. |
| BARCLAY, W. | 1965<br>Flesh and Spirit. An examination of Galations 5:19-23. London, S.C.M. Press. | 127 | p. |
| | 1966<br>The letter to the Galatians and Ephesians. Edinburgh, Saint Andrew Press. | 219 | p. |
| BAVINCK, H. | 1909<br>Magnalia Dei; onderwijzing in de Christelijke religie naar Gereformeerde belijdenis. Kampen, Kok. | 658 | p. |
| BOESAK, A. | 1977?<br>Civil religion and the black community (In De Gruchy, The civil Religion debate). | 35- 44 | p. |
| BOOYENS, B. | s.j.<br>Die wesenskenmerke van ons identiteit. (Ongepubliseerde uitgawe van referaat)FAK). | 9 | p. |
| BOSMAN, D.B.-VAN DER MERWE I.W. & HIEMSTRA L.W. | 1969<br>Tweetalige woordeboek; Engels-Afrikaans. Kaapstad, Nasionale Pers. | 729 | p. |
| BOSMAN, F.C.L. | 1968<br>Die Franse stamverwantskap en kulturele bydrae tot die Afrikaanse volk. (In Pienaar, Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad, Nasionale Pers). | 59- 67 | p. |
| BOTHA, G.P. | 1958<br>Enkele vergestaltinge van die Afrikaanse Lewensopvatting in die gang van drie eeue geskiedenis. (Ongepubliseerde M.A.-verhandeling-, Universiteit van Pretoria). | 82 | p. |
| BOTHA, M. Elaine | 1970<br>Partikuliere volksorg in die Afrikaanse volkskultuur met verwysing na die ATKV (SAS & H) 1930-1964. Potchefstroom. (Ongepubliseerde Proefskrif - PU vir CHO). | 385 | p. |

| | | |
|---|---|---|
| BOTHA, M. Elaine | 1971<br>Sosio-kulturele metavrae; 'n ensiklopedies-wysgerige ondersoek na enkele grondbegrippe in die Colologie en ander sosiokulturele wetenskappe. Amsterdam, Buijten & Schipperheijn. | 298 p. |
| | 1977<br>Christelike Afrikanerwees vandag in die gemeenskapslewe. Handhaaf, 15(1):16-26, September. | |
| BRIGHT, J. | 1953<br>The kingdom of God; the Biblical concept and its meaning for the church. Nashville, N.Y., Abingdon Press. | 288 p. |
| BRILLENBURG WURTH, G. | 1962<br>Christelijke zedenleer. (In Bijbel en kerkreeks). Groningen, Wolters. | 102 p. |
| CANTOR, N.F. & WERTHMAN, M.S. | 1968<br>The history of popular culture. London, Collier-Macmillan. 2 Dle. | |
| CHANTEPIE DE LA SAUSSAYE, P.O. | 1908<br>De moderne mensch en 't geloof an bijzondere openbaring. Baarn, Hollandia. | 29 p. |
| CHARTON, Nancy C.J. | 1975<br>Afrikaners as viewed by English-speaking compatriots. (In V.d. Merwe, Looking at the Afrikaner today). | 40- 51 p. |
| CLARKE, A. | s.j.<br>The Holy Bible containing the Old and New Testament with a commentary and critical notes. New York, Abingdon Press. 40ste uitgawe, Dl. 4. | |
| COERTZEN, P. | 1969<br>Die Franse Hugenote; 'n inleidende studie tot hulle koms na Suid-Afrika in 1688. Stellenbosch. (Ongepubliseerde M. Th.-skripsie, U.S.). | 81 p. |
| COETZEE, J.C. | 1964<br>Volk en Godsvolk in die Nuwe Testament; 'n eksegetiese studie. Potchefstroom. (Ongepubliseerde D.Phil-proefskrif, Fakulteit Teologie, PU vir CHO). | 363 p. |
| COETZEE, J.H. | ca. 1967<br>Die Afrikaanse volkskultuur. Potchefstroom. (Ongepubliseerde klasdiktaat, Departement Kultuurkunde, PU vir CHO). | 33 p. |
| | 1969<br>Bevolkingsvraagstukke; oorsig en perspektief. (In PU vir CHO, Die atoomeeu - "in U lig"). | 152-170 p. |

CONRADIE, E. 1934
Hollandse skrywers uit Suid-Afrika. Kaapstad, HAUM. Dl. 1. 335 p.

DANICEN, E. von 1969
Chariots of the gods. (Uit die Duits vertaal: M. Heron). London, Souwenir Press.

D'AUBIGNE, J.H.M. 1838
History of the great Reformation of the sixteenth century in Germany, Switzerland, ect. London, Walther. Dl. 1, 2, 4.

DE GRUCHY, J.W. 1977?
The civil religion debate. Journal of Theology for Southern Africa.

1977?
English-speaking South Africans and civil religion. (In De Gruchy, The civil religion debate. 45 - 54 p.

DE KLERK, W.A. 1975
Die toekoms van Afrikaans en die Afrikaner: besinning en vernuwing. (In V.d. Merwe, Identiteit en verandering). 17 - 53 p.

DE KLERK, W.J. 1967
Lewens- en wêreldbeskoulike fundering van roeping. Potchefstroom. (Ongepubliseerde klasdiktaat, Etiek en Logika II, PU vir CHO). 70 p.

1971
Afrikanerdenke; kontoere van 'n standpunt. Potchefstroom, Pro Rege. 113 p.

DE VAUX, R. 1961
Hoe het oude Israël leefde; de instellingen van het Oude Testament. Maaseik, Roermond. 411 p.

DIE DRIE FORMULIERE VAN ENIGHEID
Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers. 79 p.

DIEPENHORST, I.A. en andere 1953
Opbouw; wat maakt een christen van zijn leven? Zwolle, Rivière & Voorhoeve. 218 p.

DRURY, A. 1967
A very strange society; a journey to the heart of South Africa. London, Joseph. 465 p.

DUIJKER, H.C.J. & FRIJDA, N.H. 1960
National character and national stereotypes; a trend report prepared for the International Union of Scientific Psychology. Amsterdam, North-Holland Publishing Co. 238 p.

ELLIS, W.S. 1977
South Africa's lonely ordeal. National Geographic Magazine, 151(6), June. 730 - 819 p.

EPSTEIN, I. 1970
Judaism; A historical presentation. Harmondsworth, Middlesex, (Penguin Books). 349 p.

ERLANK, W.J. du P. 1952
Die patroon van ons volkskarakter. Johannesburg, F.A.K. 28 p.

ESTERHUYSE, W.P. 1977
Christelike Afrikanerwees vandag in volkereverhoudings. Handhaaf, 14(6): 12-15, 18-19, Augustus.

EYBERS, G.W. s.j.
Outydse sketse en stories uit die ou reisigers. Kaapstad, Maskew Miller. 178 p.

1926
Op die voetspore van die ou reisigers. Kaapstad, Maskew Miller. 178 p.

FEENSTRA, J.G. 1966
Onze Geloofsbelijdenis. Kampen, Kok. 432 p.

FISHER, J. 1969
The Afrikaners. London, Cassell. 380 p.

FLOYD, T.B. 1975
Afrikaner Nasionalisme. Pretoria, T.B. Floyd. 178 p.

GEESINK, W. 1931
Gereformeerde ethiek. Kampen, Kok. Dl. 1 van 2 Dle. 574 p.

GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA 1969
Die Koninkryk van God. Potchefstroom, Herald. 370 p.

GILIOMEE, H. 1975
Die ontwikkeling van selfkonsepsies by die Afrikaner. (In V.d. Merwe, Identiteit en verandering). 17 - 53 p.

GOEDHART, B.N. 1972
Die adel van jou naam. Johannesburg. Boekhandel De Jong. 153 p.

GOEDHART, H. 1961
Christendom en cultuur. Woerden, Zuijderduijn. 210 p.

GREIJDANUS, S. 1953
De brief van den apostel Paulus aan de Galaten; opnieuw uit den grondtekst vertaald en verklaard. Kampen, Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift). 157 p.

1965
De Openbaring des Heren aan Johannes; opnieuw uit de grondtekst vertaald en verklaard. Kampen, Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift). 329 p.

GROBBELAAR, P.W. 1974
Die Afrikaner en sy kultuur. Dl. 1. Kaapstad, Tafelberg-Uitgewers. 194 p.

GROBLER, J.H. 1974
Die universiteit - aspekte van inter-dissiplinêre navorsing. <u>Perspektief</u>, 13(4):30 - 37, September.

GROSHEIDE, F.W. 1957
De eerste brief aan de kerk te Korinthe. Kampen, Kok. (Commentaar op het Nieuwe Testament). 446 p.

1962
De Handelingen der Apostelen; opnieuw uit de grondtekst vertaald en verklaard. Kampen, Kok. (Korte verklaring der Heilige Schrift, Dl. 1). 230 p.

GUTHRIE, D. & MOTYER, J.A. en andere 1970
The new Bible commentary revised. London, Intervarsity Press. 1310 p.

HADAS, M. 1971
Imperial Rome. (Nederland), Time-Life International. 190 p.

HAITJEMA, Th. L. 1931
Het Woord Gods in de Moderne cultuur. Groningen, Wolters. 131 p.

1950
De Hervorming in Nederland. (<u>In</u> Waterink e.a. Het Christendom in de branding). 359 - 379 p.

HANEKOM, T.N. 1951
Die liberale rigting in Suid-Afrika, 'n kerkhistoriese studie. Stellenbosch, CSV-Maatskappy. 516 p.

HART, H. 1969
Calvinism as a cosmoscope. (<u>In</u> PU vir CHO, Die Atoomeeu - "in U lig"). 52 - 61 p.

| | | |
|---|---|---|
| HEESE, J.A. | 1974<br>Die herkoms van die Afrikanervolk (In Grobbelaar, Die Afrikaner en sy kultuur, Dl. 1). | 51- 83 p. |
| HEIDELBERGSE KATEGISMUS | (In Die drie formuliere van Enigheid), Kaapstad, N.G. Uitgewers. | 29- 56 p. |
| HENDRIKSEN, W. | 1949<br>More than conquerors; an interpretation of the book of Revelation. Grand Rapids, Baker Book House. | 285 p. |
| | 1968<br>New Testament commentary; exposition of Galatians. Grand Rapids, Baker Book House. | 260 p. |
| HEYNS, J.A. | 1972<br>Lewende christendom; 'n teologie van gehoorsaamheid. Kaapstad, Tafelberg. | 173 p. |
| | 1973<br>Brug tussen God en Mens; oor die Bybel. Pretoria, N.G. Kerkboekhandel. | 177 p. |
| | 1974<br>Die mens; Bybelse en buite-Bybelse mensebeskouinge. Bloemfontein, Sacum. | 180 p. |
| ISAACSON, Rabbi B. & WIGODER, D. | 1973<br>The international Jewish Encyclopaedia, Englewood Cliffs, N.J. Prentice-Hall. | 336 p. |
| JOUBERT, D. | 1975<br>Inleiding. (In V.d. Merwe, Identiteit en verandering). | 1 - 16 p. |
| KEMPFF, D. | 1969<br>Inleiding oor koninkryk en wêreld in die algemeen. (In Geref. Kerk, Die Koninkryk van God. Potchefstroom, Herald). | 305-314 p. |
| KORPS VERITAS VINCET | 1964<br>Republiek en Koninkryk; enkele opstelle ter besinning oor ons burgerskap in die Republiek van Suid-Afrika en die Koninkryk van die Hemele. Potchefstroom Pro Rege. | 123 p. |
| KROEZE, J.H. | 1967<br>Die tuin van Eden; Genesis 2 en 3 aandagtig gelees. Pretoria, N.G. Kerk-boekhandel. | 89 p. |
| KUIJPER, F. | 1956<br>Geloof en wêreldbeeld; een cultuurhistorische studie. Franeker, Wever. | 395 p. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| LABUSCHAGNE, F.J. | s.j. Is dit ons nog erns? Die verhouding tussen Afrikaans en Engels in die R.S.A. Potchefstroom, PU vir CHO (IBC Studiestuk no. 71). | | |
| LATOURETTE, K.S. | 1964 A history of Christianity. London, Eyre & Spottiswoode. | 1516 | p. |
| MAATMAN, R.W. | 1970 The Bible, natural science, and evolution. Grand Rapids, Reformed Fellowship. | 165 | p. |
| MALHERBE, D.F. du T. | 1959 Drie honderd jaar nasiebou; Stamouers van die Afrikanervolk. Stellenbosch, Tegniek. | 267 | p. |
| MEETER, H. | 1939 Calvinism; an interpretation of its basic ideas. Grand Rapids, Zondervan Publishing House. | 244 | p. |
| MOODIE, T.D. | 1975 The rise of Afrikanerdom; power, apartheid, and the Afrikaner civil religion. Berkley / Los Angeles, Univ. of California Press. | 328 | p. |
| MORREES, A.M. | 1937 Die Nederduits Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika - 1652 - 1873. Kaapstad, S.A. Bybelvereniging. | 1010 | p. |
| MüLLER, Jac. J. | 1968 Grondbegrippe van die Christelike Geloof. Pretoria, N.G. Kerk-Uitgewers. | 84 | p. |
| NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK | 1974 Handelinge van die vierde vergadering van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk. Kaapstad, Nasionale Boekdrukkery. | 720 | p. |
| | 1975 Ras, volk en nasie en volkereverhoudinge in die lig van die Skrif. Goedgekeur en aanvaar deur die Algemene Sinode van die Ned. Gereformeerde Kerk. Oktober 1974. Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers. | 102 | p. |
| NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS | (*In Die* drie formuliere van Enigheid.) Kaapstad, N.G. Kerk-uitgewers. | 7-25 | p. |
| PIENAAR, P. de V, *Red.* | 1968 Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad, Nasionale Boekhandel. | 419 | p. |

POLAK, FRED. L. 1955
De toekomst is verleden tijd; cultuur-futuristische verkenningen. Utrecht, De Haan. 2 Dle.

POLMAN, A.D.R. s.j.
Woord en belijdenis; eenvoudige verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis. Franeker, Wever. Dl. 1. van 2 Dle. 356 p.

POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT VIR CHO 1969
Die atoomeeu - "in U lig"; eeufeespublikasie van die Instituut vir die Bevordering van die Calvinisme. Potchefstroom, Herald. 390 p.

1970
Die toekoms van die Afrikaanse volkskultuur. Referate gelewer by 'n kultuursaamtrek, Potchefstroom. Koers, 37/3 & 4, Des/Febr. 323 p.

REID, J. 1968
God, the atom, and the universe. Grand Rapids, Zondervan Pub. House. 240 p.

ROSTOVTZEFF, M. 1960
Rome. New York, Oxford Univ. Press. 347 p.

SCHILDER, K. 1951
De Openbaring van Johannes en het sociale leven. Delft, Meinema. 257 p.

1968
Christus en cultuur. Franeker, Wever. 119 p.

SCHOLTZ, G.D. 1954
Het die Afrikaanse volk 'n toekoms? Johannesburg, Voortrekkerpers. 173 p.

1965
Die bedreiging van die liberalisme. Johannesburg, Voortrekkerpers. 109 p.

1967
Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner. Deel I, 1652-1806. Johannesburg, Voortrekkerpers. 429 p.

1968
Die proses van gelykmaking. Johannesburg, Voortrekkerpers. 59 p.

1970
Die ontwikkeling van die politieke denke van die Afrikaner. Deel II, 1806-1854. Johannesburg, Voortrekkerpers. 615 p.

SCHOUTEN, W. J.A. 1959
Kosmos. (In Christelijke Encyclopedie, IV: 316).

| | | | |
|---|---|---|---|
| SEEBERG, Reinhold | 1966<br>Textbook of the history of doctrines. Grand Rapids, Michigan, Baker Book House. | 492 | p. |
| SESAM NIEUWE GEILLUSTREERDE WERELDGESCHIEDENIS | s.j.<br>Baarn, Bosch & Keuning. 10 dle. | | |
| SMITSKAMP, H. | 1960<br>Nationalisme. (In Christelijke Encyclopedie V:138 - 139). | | |
| SPIES, F.J. du T. & DE KOCK, W.J. | s.j.<br>Soek in die verlede; 'n publikasie van die SAUK. Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery. | | |
| STOKER, H.G. | 1961<br>Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom, Pro Rege-Pers | 304 | p. |
| | 1967<br>Oorsprong en rigting. Kaapstad, Tafelberg-uitgewers. Dl. 1. van 2 Dle. | 356 | p. |
| STRAUSS, H.J. | 1977<br>Christelike Afrikanerwees vandag in die huisgesin. Referaat gelewer voor Algemene Vergadering van die FAK. Handhaaf, 14/6: 7-11, Augustus. | | |
| SZKERES, A. | 1960<br>Panenteïsme (In Christelÿke Encyclopedie, V:381). | | |
| TALJAARD, J.A.L. | 1963<br>Kursus in Lewens- en wêreldbeskouingsleer en menslike samelewingsverbande. Potchefstroom, Pro Rege-Pers. | 133 | p. |
| TREURNICHT, A.P. | 1975<br>Credo van 'n Afrikaner. Kaapstad. Tafelberg. | 109 | p. |
| URSINUS, Zacharias | 1886<br>Verklaring op den Heidelbergschen Cathechismus. Kampen, Kok. | 393 | p. |
| VAN DER MERWE, H.W. samest. | Identiteit en verandering; sewe opstelle oor die Afrikaner vandag. Kaapstad, Tafelberg. | 152 | p. |
| VAN DER MERWE, H.W. ed. | 1975<br>Looking at the Afrikaner today; views of compatriots and foreigners. Cape Town, Tafelberg. | 124 | p. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| VAN DER ROSS, R.E. | 1975<br>Afrikaners as seen by coloured people. (In V.d. Merwe, Looking at the Afrikaner today; views of compatriots and foreigners). | 52-64 | p. |
| VAN DER WALT, S.P. | 1953<br>Die wysbegeerte van Herman Bavinck. Potchefstroom, Pro-Rege-pers. | 196 | p. |
| VAN GENDEREN, J. e.a. | Zicht op Calvijn. Amsterdam, Buijten en Schipperheijn. (Christelijk Perspectief, Dl. VII). | 219 | p. |
| VAN GOOR, N.Y. | 1937<br>Het geloof der vaderen; de Nederlandsche Geloofsbelijdenis toegelicht. Groningen, Haan. | 476 | p. |
| VAN JAARSVELD, F.A. | 1976<br>Van Van Riebeeck tot Vorster, 1652-1974; inleiding tot die geskiedenis van die Republiek van Suid-Afrika. Johannesburg, Perskor. | 580 | p. |
| VAN LEEUWEN, J.A.C. | 1929<br>Openbaring en cultuur; Kampen, Kok | 126 | p. |
| VAN SELMS, A. | 1967<br>Genesis. Nijkerk, Callenbach. (Het prediking van het Oude Testament Dl. 1). | 268 | p. |
| VENTER, C.N. | 1966<br>Kultuur- en versorgingswetenskap, veldverkenning van die kultuurhistoriese en kenteoretiese grondslae. Potchefstroom. (Ongepubliseerde proefskrif, PU vir CHO). | 255 | p. |
| | 1969<br>'n Calvinistiese kultuurbeskouing. Koers, 37(3,4):173. | | |
| | 1973<br>Sosialisme in Suid-Afrika. Pretoria. Antikom. | 31 | p. |
| | 1976<br>Copernicaanse wendinge in die Westerse kultuur. Potchefstroom. (Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO Reeks H: Inougurele redes, no. 19). | 14 | p. |
| VLOEMANS A. | 1954<br>Cultuurgeschiedenis van Europa. Den Haag, Leopolds. | 422 | p. |

| | | | |
|---|---|---|---|
| VORSTER, J.M. | 1971<br>Die begrippe Corpus Christi en Corpus Sociale met betrekking tot kultuur. Potchefstroom. (Ongepubliseerde verhandeling, Dept. Kultuurkunde, PU vir CHO). | 183 | p. |
| VRIEZEN, Th. C. | 1966<br>Hoofdlijnen der theologie van het Oude Testament. Wageningen, Veenman. | 512 | p. |
| WATERINK, J.<br>ASSELBERGS, W.<br>e.a. | 1950<br>Het christendom in de branding. Amsterdam, Elsevier. (<u>In</u> Cultuurgeschiedenis van het christendom, Dl. 3). | 486 | p. |
| WIELENGA, B. | s.j.<br>Het wezen van het christendom. Kampen, Kok. | 284 | p. |
| WYPKEMA, A. | 1968<br>Die Nederlandse stamverwantskap en kulturele bydrae. (<u>In</u> Pienaar, Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner. Kaapstad, Nasionale Boekhandel). | 37- 44 | p. |

## CORRIGENDUM

| Bladsy | Paragraaf | Lees |
|---|---|---|
| 1 | 1 | Die vraag"quid est?" ..... |
| 3 | 2 | Die studie probeer dus ... |
| 6 | 1 | die Kultuurkunde in die .. |
| 16 | 1 | op aarde verrig, insluit 2). |
| 18 | 3 | Weens die sinonieme ...... |
| 22 | 3 | biologiese bloedverwantskap 3). |
| 24 | 4 | (edeles) of "patricius" .... |
| | | "Plebs" verwys na die ...... |
| 25 | 2 | Die woord "am" (volk) ...... |
| | | "Am" hou in die Ou Testament .... |
| 27 | 1 | van-Bo-gebore (wedergebore) ... |
| 29 | Voetnota 1) | Die begrip eskatopie ..... |
| 32 | Voetnota 2) | Vgl Booyens (s.j., p. 1). |
| 38 | Voetnota 2) en 3) | Vgl. Barclay ..... |
| 46 | 2 | onderskeie Persone ... |
| 65 | 5 | amptelik geroepe om ... |
| 70 | 3 | Fisher .... |
| 94 | Opskrif | DEEL IV : DIE KULTUURHISTORIESE |
| | 5 | "'k ben een ..... |
| 96 | 4 | was later Protestantisme sowel as die Rooms-Katolisisme teenwoordig. |
| 98 | 1 | die Skrif in ... |
| | | Gereformeerde Protestantisme was ... |
| 99 | 2 | Hoewel dit nie 'n losstaande ... |
| 107 | 2 | Die stryd tussen die noordelike .... |
| 108 | 5 | Mettertyd sou die .... |
| 112 | 1 | Die elke dag se ... |
| 126 | 6 | "en 't geloof en ......." |
| 127 | 2 | Souvenir Press. |
| | 5 | The civil religion debate). |
| 129 | 3 | 194 p. |
| | 9 | Wolters. |